(23) R28,00

087695

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE
CENTRE FOR ...

183069278F

277729

001.3072068 HSRC
*277729*

1929933866

# Praktiese teologie in Suid-Afrika

## 'n Ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak

# RGN-REEKS IN METODOLOGIE

**Reeksredakteur: Johann Mouton**

[Ingelyf by die RGN-ondersoek na Navorsingsmetodologie se Navorsingsverslagreeks (VERSLAE) en die RGN Studies in Navorsingsmetodologie (STUDIES)]

*Gepubliseerde titels*

1. Norval, A.J. 1984. **'n Teoretiese studie van die metodologie van kruiskulturele houdingsmeting** [Reports No. 1]
2. Joubert, Dian. 1986. **Waardes: Navorsing, metodologie en teorie.** [Reports No. 2]
3. Mouton, Johann (ed) **Social science, society and power** [Reports No. 3]
4. Mauer, K.F. & Retief, A.I. (eds) 1987. **Psychology in context: Cross-cultural research trends in South Africa** [Reports No. 4]
5. Van Straaten, Z. (ed) 1987. **Ideological beliefs in the social sciences** [Reports No. 5]
6. Retief, Alexis. 1988. **Method and theory in cross-cultural psychological assessment** [Reports No. 6]
7. Kruger, Dreyer. 1988. **The problem of interpretation in psychotherapy** [Reports No. 7]
8. Strauss, D.F.M. 1988. **Die grondbegrippe van die sosiologie as wetenskap** [Reports No. 8]
9. Mouton, J. et al. 1988. **Essays in social theorizing** [Reports No. 9]
10. Mouton, J. 1988. **The methodology and philosophy of the social sciences: A selective bibliography of anthologies** [Reports No. 10]
11. Mouton, J. & Marais, H.C. 1985. **Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe** [Studies No. 1]
12. Van Huyssteen, J.W.V. 1986. **Teologie as kritiese geloofsverantwoording** [Studies No. 2]
13. Snyman, J.J. & Du Plessis, P.G.W. (reds) 1989. **Wetenskapbeelde in die geesteswetenskappe** [Studies No. 3]
14. Mouton, J. & Marais, H.C. 1988. **Basic concepts in the methodology of the social sciences** [Studies No. 4]
15. Mouton, J.; Van Aarde, A.G. & Vorster, W.S. (eds) 1988. **Paradigms and progress in theology** [Studies No. 5]
16. Frost, M.; Vale, P. & Weiner, D. (eds) 1989. **International relations: A debate on methodology**
17. Nel, P. 1989. **Approaches to Soviet politics**
18. Mouton, J. & Joubert, D. (eds) 1990. **Knowledge and method in the human sciences**
19. Venter, F. 1990. **Regsnavorsing - aard, doel en metode**
20. Erasmus, P. 1990. **Antropologiese paradigmas en stedelike navorsing**
21. Louw, J. 1990. **Professionalizing psychology**
22. Van der Walt, J.L., 1990. **Drie metodes in die fundamentele opvoedkunde en die ontisiteit van opvoeding.**
23. Burger, C.W. 1991. **Praktiese teologie in Suid-Afrika. 'n Ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak.**

.GN·HSRC

...IBRARY AND
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

2547

# Praktiese teologie in Suid-Afrika

## 'n Ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak

Coenie Burger

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1991.

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer of gebruik word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, insluitende fotokopiëring of die maak van mikrofiches, plaat- en bandopname, of deur inligtingsbewaring en ontsluitingstelsel sonder skriftelike verlof van die uitgewer nie.

Eerste publikasie 1991

Gefinansier deur:

Die Sentrum vir Navorsingsmetodologie
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Privaatsak X41, Pretoria 0001

Uitgegee deur die RGN-uitgewery.

ISBN 0 7969 0930 X

RGN BIBLIOTEEK
1991 6. 20.
HSRC LIBRARY
STANDKODE | AANWINSNOMMER
001·3072068
087695
HSRC MET 23

Binne die vak self word in verskillende kontinente kliphard gedink oor die kernvrae in verband met die Praktiese Teologie. Daar is teoloë wat versigtig optimisties praat van 'n groeiende konsensus, omdat daar interessante en verblydende ooreenkomste en raakpunte te bemerk is by van die voorste denkers van die veld.

Vir die teologie is 'n mate van konsensus en eenstemmigheid 'n baie hoë prioriteit wat ten alle koste nagestreef behoort te word. Die waarheid waarmee die teologie hom besig hou, is iets wat individue of sogenaamde skole of selfs kerke nie in isolasie van mekaar kan soek en hoop om te vind nie. Daarom behoort 'n volgehoue gesprek en 'n voortdurende vergelyking van antwoorde en bevindinge in die teologie 'n baie belangrike saak te wees. Die studie hoop om juis in die opsig 'n positiewe bydrae te probeer lewer. Daar gaan gepoog word om die teorieë en gedagtes van verskillende teoloë en departemente langs mekaar te sit en te kyk wat ons van mekaar kan leer.

In die Suid-Afrika van ons tyd met al sy samelewingsprobleme is daar baie mense wat glo dat die kerk 'n baie belangrike rol te speel het. Of die kerk die rol sal of kan speel hang na my mening in 'n baie hoë mate af van die manier waarop die Praktiese Teologie sy werk doen en gaan doen in die toekoms. Dus: nie net ter wille van die vak nie maar ook ter wille van die saak waaroor dit ten diepste in die vak gaan naamlik die kerk (via die kerk ook die wêreld), is dit nodig dat saam gesoek word na antwoorde wat ons almal nodig het.

## Doel en opset van die ondersoek

Die onderwerp van hierdie studie sou as volg geformuleer kon word : "Die stand van die Praktiese Teologie in Suid-Afrika - 'n ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak."

Die doel van die studie is heel beskeie. Voordat groot planne beraam sou kon word oor beter samewerking op pad na groter konsensus, sal eers bepaal moet word hoe dit tans met die Praktiese Teologie in Suid-Afrika gesteld is. Die korpus van hierdie studie bestaan daarin dat dit aan die hand van 'n empiriese ondersoek aspekte van die huidige situasie van die Praktiese Teologie in Suid-Afrika verkennend wil probeer beskryf.

Vir die bereiking van bogenoemde oogmerk sal soos volg te werk gegaan word:

- Aan die hand van 'n oorsigtelike literatuurstudie [Hoofstuk 2] is die vernaamste elemente van die huidige debat binne die Praktiese Teologie geïsoleer. Dit is as basis gebruik vir die opstel van 'n vraelys-cum-onderhoudskedule [sien Addendum].

# Hoofstuk 1

## Inleiding en agtergrond

### Aanloop

In 1983 het die RGN 'n groot nasionale projek oor navorsingsmetodologie van stapel gestuur. Die geformuleerde oogmerk van die projek was om "navorsing in die metodologie van die geesteswetenskappe in die RSA te stimuleer en te bevorder ten einde die kwaliteit van die bevindinge van geesteswetenskaplike navorsing te verhoog".

Om praktiese redes is die veld verdeel in vier hoofterreine:

- filosofie en sosiologie van die geesteswetenskappe
- algemene navorsingsmetologie en -tegnologie
- vakfilosofie en -metodologie
- navorsingsetiek.

Hierdie studie val binne die derde veld soos genoem in die vorige paragraaf. Die gedagte is om die stand van die vakfilosofie en -metodologie van die Praktiese Teologie in SA na te gaan en te beskryf.

### Motivering

Sedert die Praktiese Teologie in 1774 vir die eerste keer as universiteitsvak toegelaat is, het dit deurentyd 'n moeilike en onseker bestaan binne die veld van die akademie gevoer. In die Angelsaksiese lande word dit tot vandag toe by baie min universiteite as 'n selfstandige vak aangebied.

Waar die vak wel toegelaat is, was daar deurentyd vrae oor die identiteit van die vak. Die bestaan en selfs die noodsaaklikheid van die vak as sulks was selde in die spervuur. Die stryd het gegaan oor die bedoeling [ = filosofie], die inhoud, en die metodologie van die vak. Daarmee saam was die vraag na die werklike wetenskaplikheid van die Praktiese Teologie as vak ook dus voortdurend op die tafel.

In die laaste dekade of twee wil dit voorkom of 'n kentering besig is om in te tree. Daar is 'n algemene groeiende besef van die belangrikheid van die Praktiese Teologie ook buite die vak self (vergelyk Tracy, *Practical theology*).

# VOORWOORD

Reeds tydens my magister- en doktoraal-studies het ek bewus geword van die belangrikheid van die voorvrae van die Praktiese Teologie. Ek het by beide geleenthede myself voorgeneem om na afhandeling van my formele studie dieper in te kyk op die probleem.

Met die vriendelike finansiële steun van die RGN kon my studie oor die saak 'n belangrike stuk empiriese navorsing insluit en tegelykertyd deel vorm van die groot RGN-projek oor Navorsingsmetodologie.

'n Paar bedankings is nodig:

- aan die RGN vir hulle finansiële steun,
- aan dr. Johann Mouton vir sy simpatieke ondersteuning en waardevolle wenke en advies,
- aan al die dosente in die Praktiese Teologie wat so vriendelik ingewillig het om mee te doen aan die projek,
- aan prof. Hennie Pieterse vir sy aanmoediging en advies, asook sy medewerking deur die skrywe van die hoofstuk oor die Praktiese Teologie in Duitsland en sy reaksie op my voorstel vir die Praktiese Teologie.

My bede is dat hierdie navorsing die saak van die Praktiese Teologie, maar veral ook die saak van die kerk waaroor dit ten slotte in die Praktiese Teologie gaan, mag dien.

Coenie Burger
Stellenbosch
Desember 1990

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| Voorwoord | | |
| Hoofstuk 1 | Inleiding en agtergrond | 1 |
| Hoofstuk 2 | Oorsigtelike literatuurstudie | 5 |
| Hoofstuk 3 | Bevindinge van empiriese studie | 25 |
| Hoofstuk 4 | 'n Oorkoepelende evaluering van die stand van die Praktiese Teologie in Suid-Afrika | 59 |
| Hoofstuk 5 | Die taak, veld en funksie van die Praktiese Teologie : 'n voorstel | 83 |
| Addendum: | Vraelys oor die huidige stand van die vakfilosofie en metodologie van Praktiese Teologie in Suid-Afrika | 97 |
| Bibliografie | | 115 |

- Die vraelys is ingevul deur 'n beduidende groep van die praktiserende akademiese Praktiese Teoloë in Suid Afrika [sien Hoofstuk 3 vir meer besonderhede].
- Die data wat so ingewin is, is deur die navorser verwerk en geïnterpreteer [Hoofstuk 4].
- Aan die einde word 'n paar oorkoepelende konklusies gemaak wat moontlik sou kon help op pad na groter konsensus of dan ten minste beter koördinering van die prakties-teologiese werk in Suid-Afrika.
- In 'n slothoofstuk het die navorser gepoog om 'n inklusiewe definisie vir die vak te formuleer.

# Hoofstuk 2

## Oorsigtelike literatuurstudie

Die opstel van die vraelys is voorafgegaan deur 'n oorsigtelike literatuurstudie. Die bedoeling was om 'n idee te kry van die huidige debatspunte en problematieke wat betref die spesifieke voorvrae van die vakdissipline van die Praktiese Teologie.

Dit is so dat die Praktiese Teologie in Suid-Afrika gedurende die laaste paar dekades die sterkste beïnvloed is vanuit die denke oor die vak in veral drie streke naamlik Duitsland, Nederland en die VSA. Hoewel daar sekerlik ook invloede was van elders byvoorbeeld Brittanje en Suid-Amerika, word vir die doel van die ondersoek gekonsentreer op die drie streke. Ten slotte word daar ook baie vlugtig gekyk na die Suid-Afrikaanse debat oor die voorvrae.

Die hoofstuk word in twee dele verdeel. In die eerste deel word gekyk na heersende strominge en tendense in die vak soos dit in die betrokke streke voorkom. In die tweede deel word dié vrae wat die navorser meen tans die vernaamste en mees kontensieuse voorvrae ten opsigte van die bedryf van die vak is, uitgewys en kortliks omskryf.

### Heersende strominge

#### *Duitsland**

Daar het 'n besliste wending en 'n nuwe ontwikkeling op die vakgebied van die praktiese teologie in Duitsland plaasgevind gedurende die sestigerjare. Hiertoe het verskeie faktore bygedra.

Die eerste helfte van ons eeu is veral deur die teologie van Karl Barth oorheers. Vir Barth was die beslissende vraag die vraag na die "wat" en die "dat" van die preek - en van daar uit het dit *überhaupt* die vraag in die praktiese teologie van die dertiger-, veertiger- en vyftigerjare oorheers. Die groot klem was op 'n Woord van God - teologie waarin die praktyk van die bediening weinig ter sprake gekom het. Daar het steeds meer 'n diskrepansie ontstaan

* Die gedeelte oor Duitsland is geskryf deur prof. H.J.C. Pieterse

tussen die dogmatiese omskrywinge van die teorie in die praktiese teologie en die feitelike situasie van die praxis.

Teen hierdie teologiese opvatting het H.D. Bastian hewig in opstand gekom met sy epogmakende artikel *Vom Wort zu den Wörtern. Karl Barth und die Aufgaben der Praktischen Theologie* (1968). Hy roep sy kollegas op om hulle vir goed uit die dogmatiese boeie te bevry en op eie voete te begin staan. Hy grens die praktiese teologie as 'n selfstandige dissipline af van die dogmatiek, sonder om weer sonder die dogmatiek te wil klaarkom. Die saak van die praktiese teologie is egter daardie gebeure waar die kerklike handelinge onder die aspekte van beplanning en vryheid, organisasie en improvisasie, werklikheid en moontlikheid gereflekteer word. Kerklike handelinge moet dus radikaal aan empiriese analises onderwerp word. Bastian eis eksplisiet dat die praktiese teologie teorie en praxis as hoofmotiewe moet neem en, met hulle verhouding op wetenskapsteoretiese wyse beskryf, dit as basis vir sy teorievorming moet beskou.

Daar was egter ook ander faktore, wat 'n beweging om die praxis ernstig te neem en van die werklikheidsvreemdheid van die vak ontslae te raak, beïnvloed het. Dit was onder andere die hervorming op doseer- en studiegebied in die teologiese fakulteite, die behoeftes van die praktiese bediening in die gemeentes, die opkoms van die politieke teologie en die wetenskapsteoretiese diskussie van die dag (Mette 1976: 214-221). Dit het alles bygedra tot 'n nuwe belangstelling in die praktiese teologie en 'n drif om die vak as 'n dissipline in eie reg op 'n stewige wetenskaplike grondslag te plaas.

Van Rooms-Katolieke sy het daar in dieselfde tyd ook 'n ontwikkeling gekom wat bygedra het tot die konstruksie van 'n moderne praktiese teologie. Dit was die publikasie van die *Handbuch der Pastoraltheologie* in vyf bande (vgl. Arnold, 1964-1972). Die vraag wat tot die *Handbuch* aanleiding gegee het, was: Hoe is praktiese teologie as wetenskap moontlik? (Mette, 1976: 126). Daar is gesoek na 'n oorkoepelende tema wat as prinsipe, as teologiese grondlegging, die verskillende deeldissiplines in die vak aan mekaar sou bind en so sou kon verseker dat die vak as 'n eenheid fungeer. Daarvoor is Karl Rahner se ekklesiologiese konsep van die selfverwesenliking van die kerk (*Selbstvollzug der Kirche*) as uitgangspunt geneem.

Die bydrae van die *Handbuch* tot die ontwikkeling van die vak kan kortliks opgesom word: Die uitgangspunt (*Selbstvollzug der Kirche*) het inderdaad die divergerende handelingsvelde of deeldissiplines saamgebondel tot 'n eenheid sonder om die spesifieke velde van die deeldissiplines geweld aan te doen. Die grondbegrip was betekenisvol vir die innerlike opbou van die vak (wetenskapsteoreties). Dit het ook 'n handelingsnormstellende en handelingsoriënterende uitwerking gehad. Die *Handbuch* het uitgewys dat analises van die konkrete situasie onontbeerlik is vir teorievorming in die praktiese teologie. Die teorie - praxis verhouding het skerp in die fokus gekom. Dit is as 'n kringloop beskryf.

Sy vraag- en probleemstelling kry die vak uit die pastorale handelinge van die kerk. Hierdie pastorale praxis word dan teen die agtergrond van die algemene en spesifieke tydsomstandighede gesien, en met die beginsels van die eksegese en die dogmatiek vergelyk. Uit hierdie konfrontasie, in die lig van die eie konkrete tydsomstandighede, lei die pastorale (praktiese) teologie dan bepaalde norme af waarvolgens die kerk haar in hierdie konkrete situasie moet verwerklik om vir die hede én vir die toekoms aan haar sending reg te laat geskied. Deur hierdie realisering of verwerkliking (handelinge) ervaar die teorie daarna weer bevrugtende ervaringe en kritiese korrektiewe. Dit is dus 'n voortdurende kringloop, van die praxis na die teorie en van die teorie na die praxis.

Daar is egter al gou kritiek op die *Handbuch* uitgespreek. Die invloed van die dogmatiek was nog te groot. Welke locus van die dogmatiek is die juiste as grondlegging vir die praktiese teologie? Die spesifieke locus as vertrekpunt (en daar is baie loci!) bepaal 'n besondere soort praktiese teologie. Rolf Zerfass (self 'n katolieke teoloog) het 'n alternatiewe benadering op die *Handbuch* voorgestel waarin die handelinge van die kerk ten behoewe van die evangelie die grondmotief vorm (Zerfass, 1974: 165). Hy sien dus die praktiese teologie as 'n teologiese handelingswetenskap. Zerfass se christelik-kerklike handelinge, die pastorale handeling, word by Christof Bäumler kommunikatiewe handelinge (vgl. Bäumler, 1974). Die praktiese teologie sou nou almeer vanuit 'n kommunikatiewe invalshoek benader word met kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie as objek wat handelingswetenskaplik ondersoek word. Hierin speel die teorie - praxis verhouding 'n groot rol.

In protestantse sowel as katolieke geledere word daar teen hierdie tyd almeer dieselfde geluide gehoor. Die gevolg is dat praktiese teoloë vanuit beide tradisies saamgewerk het aan 'n uiters belangrike publikasie, naamlik *Praktische Theologie heute,* uitgegee onder redaksie van F. Klostermann en R. Zerfass (1974). In die voorwoord word aangedui dat daar in 'n baie groot mate 'n gemeenskaplike probleembewussyn ontwikkel het in die vak wat oor konfessionele grense strek. Hierdie probleembewussyn wentel hoofsaaklik om die soeke na 'n definisie van die vak, na 'n wetenskaplike metode en die omlyning van sy objek van studie. Die kritiese refleksie oor die christelik-kerklike handelinge op 'n handelingswetenskaplike wyse kom in hierdie boek - by die veelheid en verskeidenheid van standpunte - duidelik uit die verf. Die samewerking tussen protestante en katolieke blyk vandag ook uit die samewerking binne wetenskaplike verenigings en werkgemeenskappe.

Daar is 'n paar duidelike strominge of rigtinge te onderskei in die benadering tot die vak in die moderne Duitse praktiese teologie.

Die eerste stroming sou ons onder die een noemer van *'n handelingswetenskaplik-georiënteerde benadering* kon tuisbring. 'n Bewustelike afgrensing van die normatief-deduktiewe denke funsioneer in hierdie benadering. Daar

is 'n poging om die praxis sy regmatige plek in die refleksie te gee en die moontlikheid te skep van 'n korreksie van die teorie deur die praxis. 'n Besondere, wetenskapsteoretiese beskrywing van die teorie - praxis verhouding is dus uiters belangrik. Binne hierdie stroming het die diskussie tussen die kritiese rasionalisme van Popper en Albert en die kritiese teorie van die Frankfurter Schule (veral soos verteenwoordig deur Habermas) 'n groot invloed gehad. Daarom is daar binne hierdie benadering weer verskillende aksente, wat ons met die oog op hierdie bespreking in *drie groeperinge* kan plaas.

Die *eerste groepering* werk met 'n *krities-analitiese* aanpak. Sterk invloed van die kritiese rasionalisme van Popper en Albert kan hier onderken word. Die verteenwoordigers van hierdie uitgangspunt is veral H.D. Bastian en K.W. Dahm. Die oogmerk van hierdie aanpak is 'n poging om kontroleerbare handelinge moontlik te maak. Daarvoor benodig hulle konkrete feite wat hulle sistematies en gekontroleerd kan beskryf en interpreteer. Die doel van empiriese ondersoeke is dus om te falsifiseer. Net toetsbare uitsprake geld as wetenskaplike uitsprake.

Teorie en praxis word as hoofmotiewe geneem. Metodologies word by die sosiale wetenskappe aangeknoop. Teorie is volgends die algemene wetenskapsteoretiese oortuiging nòg afbeelding, nòg refleksie van die praxis. Dit is egter die resultaat van 'n sintetiese proses tussen ervaring (empiries!) en verstand. Dit is die uitdrukking van 'n bewustelike abstraksie. Daar word induktief gewerk en die praxis word dus as uitgangspunt geneem. Teorie en praxis kan mekaar wedersyds beïnvloed. "Teorie" is in hierdie geval nie slegs/nie meer die normatiewe, universele teologiese teorie nie, maar 'n verskeidenheid probleemgerigte teorieë wat in staat stel om via empiriese ondersoeke alternatiewe handelinge vir die christelik-kerklike praxis te vind.

In hierdie benadering word aan gewerk op 'n hermeneutiek van kerklike handelinge. Die persoon in die praktyk moet in staat gestel word tot beslissings- en handelingskompetensie. As wetenskap moet die praktiese teologie dus vakwetenskaplike kriteria en handelingstrategie aanbied, wat die besluitnemer daartoe in staat stel om op grond van 'n gegronde oordeel sy keuse te doen en te handel.

Die *tweede groepering* het 'n *dialekties-ideologiekritiese* uitgangspunt. Verteenwoordigers hiervan is onder ander G. Otto, N. Greinacher en Y. Spiegel. Hierdie praktiese teoloë het 'n noue verwantskap met die kritiese teorie van Horkheimer, Adorno en Habermas (die sg. Frankfurter Schule). Hulle wys dus die empiries-analitiese teorietipes af, omdat hulle onder invloed van die kritiese rasionalisme staan.

Gert Otto is 'n pionier van hierdie rigting. Vanweë die verwaarlosing van die praktyk in die dialektiese teologie is daar (in 1970) 'n totale gebrek aan refleksie ten opsigte van die teorie - praxissamehang in die teologie asook in die kerk. Dit bevestig die toestand van die praktiese teologie as 'n toepas-

singswetenskap. Otto is van mening dat daar by Schleiermacher aangesluit moet word om weer by 'n omvattende maatskappy-betrokke vertrekpunt uit te kom. Dit beteken dat die uitgangspunt in die praktiese teologie geneem word vanuit die komplekse samehang van godsdiens, kerk, maatskappy en teologie, en van daar af opnuut sy probleemveld omskryf. Die praktiese teologie moet 'n kritiese teorie word van die religieus-gestempelde praxis in die maatskappy (*kritische Theorie religiös vermittelter Praxis in der Gesellschaft*).

Otto beskryf die teorie - praxis verhouding op 'n bepaalde manier. Teorie en praxis is interafhanklik en refleksief op mekaar ingestel. Teorie en praxis is materieel-kritiese begrippe. Dit gaan egter nie om die eenheid van teorie en praxis nie, maar om 'n verhouding van diskontinuïteit. Want alleen op hierdie wyse word daar vir die teorie die noodwendige geleentheid vir 'n vrugbare kritiek op die huidige praxis oopgehou. Met Otto se benadering kan die praktiese teologie as 'n politieke teologie gekonsipieer word.

In sy jongste publikasie (Otto 1986) stel hy die bestudering van die vak in handelingsvelde baie oortuigend. In plaas van 'n sektorale indeling van die vak, dit wil sê waar die deeldissiplines op die handelinge van die predikant gerig is (homiletiek, liturgiek, poimeniek, kategetiek), stel hy die *perspektivische* indeling van die praktiese teologie wat dan vanuit die perspektief van die dominante handeling die vak in handelingsvelde indeel, soos byvoorbeeld kommunikasie, viering, sorg, onderrig, ensovoorts.

Greinacher staan baie naby aan Otto, maar definieer die vak as kritiese teorie van die kerklike praxis in die maatskappy, om dit sodoende duidelik af te grens van die teologiese etiek. Onder kerklike praxis verstaan Greinacher alle handelings- en verhoudingswyses wat deur enkelinge of groepe in naam van die kerk of eenvoudig as kerk voltrek word. Teorie omskryf hy as 'n samehangende samevoeging van normatiewe uitsprake waarvan die oriënteringspunt die saak van Jesus is. En binne die proses van teologiebedryf moet die praktiese teologie as 'n prakties-teologiese hermeneutiek die huidige praxis as 'n *locus theologicus* met die saak van Jesus en sy geskiedenis bemiddel.

Omdat die praktiese teologie ook vir hom kritiese teorie moet wees, wat opnuut weer deur die praxis bevraagteken moet word en dan weer die praxis krities moet reflekteer, staan dit in 'n bipolêre spanningseenheid teenoor die praxis. Dit verskaf 'n openheid aan die teorievorming in die vak en die moontlikhede tot veranderinge aan die teologiese teorieë vir die praxis en die praxis self.

Spiegel se "empiriese teologie" verskil nie so veel van die bogaande benaderinge nie. Hy wil eintlik sê dat hierdie vak hom met bepaalde fasette van die maatskaplike werklikheid besig hou en met 'n begrip wat ontleen is aan die handelingswetenskappe, naamlik handeling, werk. Hierby is empiriese ondersoeke natuurlik ingesluit. Die vak moet 'n "interesse", 'n belang hê by die objek van ondersoek, waarin onderdrukking en bevryding belangrike kategorieë is.

Die verskil tussen die analitiese beweging (onder invloed van die kritiese rasionalisme) en die kritiese beweging (onder invloed van die kritiese teorie) gaan oor 'n veronderstelde neutraliteit by die analitiese teorieë. Oor die begrip "handeling" en die teorie-praxis verhouding is daar in die breë 'n soort konsensus oor die noodsaak van hierdie konsepte in die vak, maar 'n verskil in inkleding.

Die derde groepering vorm 'n tussenstandpunt met bogenoemde twee uitgangspunte en kan as gemengde tipes getipeer word. Belangrike figure in hierdie benadering is Christof Bäumler en R. Zerfass. Ook die werk van hierdie twee praktiese teoloë is empiries, oftewel handelingswetenskaplik-georiënteerd, maar kan nie konsekwent by enige van die twee vorige rigtings toegevoeg word nie. Hulle neem 'n tussenposisie in.

Bäumler stel 'n kombinasie voor van die struktuurfunksionele teorie en die kritiese teorie vir die teorievorming van die praktiese teologie. Vir hom is die sosiale gestalte van die kerklike praxis belangrik. Dit moet as proses gesien word. So is ekklesiologiese denke oor die kerk 'n refleksie oor die proses van gemeente-wees (vgl. Bäumler, 1984). Die prosesse wat binne die kerk afspeel en wat op hulle beurt weer saamhang met kerklike organisasies, die prosesse van verskeie maatskaplike subsisteme en die prosesse van individue en die maatskappy of gemeenskap, moet geïdentifiseer word. So kan 'n mens afsien van 'n digotomie ten opsigte van die verhouding kerk en maatskappy. Sosiale prosesse het wel deeglik 'n invloed op die kerk en andersom van die kerk op die samelewing. Teenoor Otto sien hy dit nie as taak van die praktiese teologie om die totale maatskaplike praxis as tema te hê nie. Dit gaan om christelik-kerklike kommunikatiewe handelinge waarin sosiale faktore en prosesse in ag geneem moet word.

Hieruit vloei 'n tweerigtingverkeer tussen teorie en praktyk voort waarin wedersydse kritiese beïnvloeding plaasvind. Praktiese teologie kan as teologiese kritiese teorie van die christelik-kerklike kommunikatiewe handelinge omskryf word. Daarom is praktiese teologie ook 'n teologiese handelingswetenskap.

Die vak het 'n wetenskapsteoretiese en teologies-gereflekteerde beginsel nodig waardeur hy hom kan laat lei in die vervulling van sy besondere taak. Hiervoor gebruik Bäumler die kategorie van die ideale kommunikasie soos ontwikkel deur J. Habermas. Dit gaan om die ideaal van 'n onbegrensde kommunikasie- en interpretasiegemeenskap. Hy ag dit belangrik omdat die christelik-kerklike praxis hom wesenlik in kommunikasieprosesse voltrek. Die opgawe van die vak sou wees om die versteurde kommunikasieprosesse krities te analiseer en meer suksesvolle prosesse te ontwerp. Die praktiese teologie kan by die regulerende beginsel van die ideale kommunikasie aansluit omdat dit noue affiniteit het met die teologiese kategorie van die ryk van God. Onder hierdie toonaangewende perspektief moet die teoretiese raamwerk vir die

kritiese analise en konstruksie van christelik-kerklike kommunikasieprosesse metodologies ontvou word.

Hy staan in sy ontwerp dus 'n teorie van middelrykwydte tussen die kritiese rasionalisme en die kritiese teorie voor. Vir die kritiese analise en konstruksie van die praktyk benodig 'n mens benewens 'n teoretiese raamwerk in die sin van die kritiese teorie, wat elemente van die kritiese rasionalisme in hom opneem, 'n teorie van middelrykwydte vir 'n fyner greep op die prosesse in die praktyk. Aangesien dit in die objek van ons vak om sosiale prosesse gaan, is dit voor-die-hand-liggend om die struktureel-funksionele teorie te aanvaar. Die kritiese analise van die funksies en strukture van die prosesse in die praktyk maak die konstruksie van modelle ter hersiening van die praktyk moontlik.

Zerfass se ontwerp sluit baie van die uitgangspunte van Bäumler in. Ook hy werk met die kategorie van die ideale kommunikasie as kategorie van die ryk van God waarin en waarvolgens die kommunikatiewe handelinge van die kerklike praxis moet geskied. Hy stel 'n model op vir die teorie-praxis-refleksieproses wat groot bekendheid verwerf het. Dit is 'n kringloop-model waarin die navorsingsproses van 'n bestaande praktyk, via empiriese analises van die situasie, 'n interaksie met die teologiese teorie en oorlewering (teorie-praxis in bipolêre spanning) en 'n interpretasie van die interaksie na 'n nuwe, veranderde praktyk verloop.

Die tweede stroming sou ons 'n *hermeneuties-teologies* georiënteerde rigting kon noem. Teen die agtergrond van die tradisie van die vak en die deurwerking van die Barthiaanse teologie, is dit nie verbasend dat reaksie teen die handelingswetenskaplike benadering sou kom nie. Die voorstanders van hierdie rigting sien praktiese teologie as teologiese hermeneutiek in 'n praktiese opsig. Praktiese teologie moet as teologie histories-krities en Bybelshermeneuties werk. Die voorstanders van hierdie rigting is M. Josuttis, R. Bohren en H. Schröer, alhoewel daar groot verskille onderling binne hierdie breë stroom is.

Josuttis omskryf die vak as die teorie van die praxis van die evangelie deur die kerk in die gemeenskap. Die beslissende vraag is of die kerk is wat hy hoop om te wees. Hierdie opgawe kan uitgevoer word in 'n dialektiese teorie-praxis begrip. Teologie en kerk, teorie en praxis is elk in sy selfstandige kritiese funksie op mekaar aangewese.

Bohren het 'n heel selfstandige poging daargestel wat die praktiese teologie vanuit die pneumatologie wil grond. Die praktiese teologie moet in die eerste plek oor die prakties-wording, die mooiwording van God, sy lewend-wees in die praxis, reflekteer (Bohren, 1975). Dit moet teologie wees en moet gelykgestel word met estetika in sy oerbetekenis, naamlik waarnemingswetenskap. As estetika moet dit waarneem en leer sien hoe die proses van verandering van die wêreld deur die werk van die Gees, ten spyte van terugslae, tog plaasvind en dat die werklikheid in die teenwoordigheid van die Gees 'n gegewe werklik-

heid is. Waarneming beteken nie kontemplasie in teenstelling tot aksie nie, maar die eenheid tussen beide. In die tweeledige eienskap van "herken" en "doen" wat in die begrip "waar-neem" opgesluit is, lê die eenheid van teorie en praxis. Die waarneming is dus reeds aksie en dit lei tot handelinge. Praktiese teologie word so 'n ontwerp van 'n eskatologies georiënteerde handeling en dit lewe van die begeerte na die toekomstige.

'n Praktiese teologie wat op hierdie wyse gekonsipieer is, is volledig aangewese op die pneumatologie, want die pneumatologie is die teorie van die prakties-word-van-God. Dienooreenkomstig sien Bohren sy taak so: Praktiese teologie moet vanuit die pneumatologie as 'n teologiese estetika ontwerp word.

Schröer se vraag is: Hoe word die praktiese teorieë teologie? Die antwoord lê in die begrip "tussen". As teologie het die praktiese teologie deel aan die ekklesiologie, as prakties-teologiese wetenskap het dit deel aan 'n algemene praxisteorie. As handelingswetenskap lê dit tussen die leefwêreld van die kerk en die Christendom en die wetenskaplike ondersoek van verskynsels wat aan die kerk en Christendom verwant is. Dit verg 'n heen-en-weer swaaiery tussen ekklesiologie en sosiaal-wetenskaplike teorie. Hy verstaan die vak dan as die teologies-verantwoorde teorie van die praxis wat gerig is op die kerk en kerkhervorming.

In die lig van bogaande beskrywing van die verskillende ontwerpe en benaderingswyses tot die praktiese teologie is dit duidelik dat daar 'n groot pluralisme in die Duitse praktiese teologie bestaan. Wat praktiese teologie is, kan nog nie bondig of kort gesê word nie. Tog is dit duidelik dat 'n paar aksente na vore kom in al die benaderinge. Dit is duidelik dat die verhouding van teorie en praxis in die middelpunt van die diskussie staan. Teorie word in die algemeen opgevat as teologiese teorieë vir die handelinge of praktyk van die kerk. Metodies word geworstel met moderne wetenskapsteoretiese insigte om 'n wetenskaplike metode te vind vir die juiste reflektering van die interaksie tussen teorie en praktyk, waarin die evangelie en die sosiale (praktiese) insigte tot insigte vir teorie-uitbouing gedistilleer kan word. J. Firet het met sy afskeidsrede in 1987 in Amsterdam opgemerk dat daar één konsensus is wat in die laaste tyd na vore gekom het. Dit is 'n groeiende konsensus dat dit in die praktiese teologie om kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie gaan. Daarmee saam blyk 'n groeiende konsensus na vore te kom oor die handelingswetenskaplike aard van die vak. 'n Omvattende *Handbuch der Praktischen Theologie* word nou uitgegee onder redaksie van C. Bloth waarin die belangrikste protestantse en katolieke praktiese teoloë in Wes- en Oos-Duitsland saamwerk. Drie dele het reeds verskyn. Die vertrekpunt is praktiese teologie as teologiese handelingswetenskap met 'n perspektiwiese indeling van die vak in handelingsvelde.

## *Nederland*

In Nederland is daar ook 'n verskeidenheid groeperinge of skole wat hoewel hulle in die geheel nie so ver van mekaar lê nie, tog duidelik onderskei moet word.

Tradisioneel is die Praktiese Teologie in protestantse kringe in Nederland bedryf as Amptelike Teologie of Diakoniologie. Die bepalende invloed binne die rigting was vir baie jare lank die werk en teorieë van Abraham Kuyper. Vir Kuyper het die Praktiese Teologie in sy geheel 'n hermeneutiese funksie gehad. Die Praktiese Teologie moes die Skrif vanuit die hoek van die kerk, sy ampte en sy dienste bestudeer en dan Bybelse teorieë formuleer vir die bemiddeling van die heil deur die kerk en sy ampte.

Vir baie jare is 'n groot deel van die Praktiese Teologie in Nederland op hierdie grondslag beoefen met geringe aanpassings hier en daar. Bekende Praktiese Teoloë soos Hoekstra, Dijk en ander het weinig meer gedoen as om die rigting wat Kuyper aangedui het, te verfyn en te nuanseer. Die afgelope twee of drie dekades het Kuyper se invloed op die praktiese-teologiese denke in Nederland egter weens verskillende faktore redelik getaan. Tans is Trimp een van die weinig gerekende Praktiese Teoloë in Nederland wat nog as 'n outentieke verteenwoordiger van die basiese Kuyperiaanse standpunt beskou kan word.

As die hermeneutiese benadering tot die Praktiese Teologie effens wyer gedefinieer word as wat Kuyper dit gedoen het, sou 'n paar ander Nederlandse Praktiese Teoloë ook wel by die groep gereken kan word. Die bekendste van hulle is ongetwyfeld die gerespekteerde Henk Jonker. Jonker het oor die jare heen heelwat oor die voorvrae van die Praktiese Teologie gepubliseer en op dié manier 'n eie standpunt oor die vak ontwikkel. *Theologische Praxis* (1983) is sy laaste en mees uitvoerige publikasie in die verband. Hy was in beginsel altyd oop en ontvanklik vir nuwe ontwikkelinge binne die vak, maar sy primêre besorgdheid was deurentyd, soos dié van Bohren en ander verteenwoordigers van die hermeneutiese benadering, dat die Praktiese Teologie nie sy eie teologiese aard en veral sy Bybelse genormeerdheid sal verloor nie.

Die beweging weg van Kuyper in die rigting van 'n meer *handelingswetenskaplike benadering* van die Praktiese Teologie is in Nederland gelei deur die Amsterdamse Gereformeerde teoloog Jacob Firet. Firet het daarin geslaag om binne 'n basies behoudende model 'n hele klomp van die winste van 'n meer fenomenologiese benadering te akkommodeer. In 'n verskeidenheid publikasies (sien Bibliografie) oor die afgelope twintig jaar het Firet telkens sy standpunt oor die Praktiese Teologie verder verfyn en ontwikkel.

Firet wat tans een van die heel belangrikste en mees toonaangewende Praktiese Teoloë ter wêreld is, beklee 'n soort tussen-posisie in die Praktiese Teologie wat vir 'n toekomstige gesprek tussen die twee breë groeperings nie

sonder betekenis mag blyk te wees nie. Praktiese Teoloë uit die hermeneutiese groepering sal moet toegee dat Firet gekies het vir 'n meer fenomenologiese (bedoel in die sin van empiries) benaderings van die Praktiese Teologie. Om die waarheid te sê, het Firet volgens eie erkenning deur die jare heen al hoe meer oortuig geraak van die korrektheid van hierdie benadering. Daarmee is 'n eensydige deduktiewe benadering van die Praktiese Teologie, as sou die taak en die metodiek van die kerklike bediening in enige eeu deur enige kerk op 'n eenvoudige manier objektief uit die Skrif afgelees kon word, deurbreek. Dit is hoofsaaklik nuwe ontwikkelinge op die terrein van die hermeneutiek en 'n bewustheid van die kontekstualiteit van alle teologie wat Firet in hierdie rigting beweeg het.

Daarmee het Firet egter nooit bedoel om die normerende rol van die Skrif of die hermeneutiese funksie van die Praktiese Teologie te misken of enigsins agterweë te laat nie. Die Praktiese Teologie moes voluit teologie bly en miskien nog meer as in die verlede, telkens opnuut weer in die Skrifte gaan luister om 'n woord van God vir ons eie tyd te hoor. 'n Mens hoef maar net na Firet se eie praktiese teologiese werke te kyk, om te sien dat hy nooit bedoel het om die basiese verankerdheid van die Praktiese Teologie aan die Skrif in die gedrang te bring nie. Meer as enige ander Praktiese Teoloog uit die handelingswetenskaplike skool het Firet moeite gedoen om aan te toon dat die Praktiese Teologie nooit normloos en maar bloot pragmaties en funksioneel bedryf kan of mag word nie.

Daar is 'n verdere proses wat hom geleidelik voltrek het in die praktiese teologiese standpuntvorming van Firet. Hy het stelselmatig begin wegbeweeg van 'n definiëring van die Praktiese Teologie in terme van die institusionele kerk en sy ampte en dienste. In 1973 reeds skryf hy:

> Ek ben nu geneigd, de praxis waarmee die praktische theologie zich heeft bezig te houden minder exclusief te zien als de praxis van het kerkelijk funksioneren en het pastoral optreden. Dit hangt niet samen met een mindere waardering van de kerk, maar met een helderder inzicht in de mogelijkheid en de werkelijkheid van het komen van God langs andere wegen dan die van kerkelijke instituties (Firet, 1974: 7).

'n Hele paar van die toonaangewende Praktiese Teoloë in Nederland, bedryf tans hulle vak op die lyn van Firet. Heitink en Van der Laan sou hier geplaas kon word. Ook Ernest Henau, 'n Zerfass-eksponent sou waarskynlik die beste in hierdie groep tuisgebring kon word. Daar is ook 'n hele paar Praktiese Teoloë in Suid-Afrika wat bewustelik sterk aansluit by Firet.

Dingemans se standpunt oor die Praktiese Teologie lê naby aan dié van Firet, maar verskil tog in die sin dat hy meer direkte aansluiting by en gesprek met van die ander sosiale wetenskappe soek. Hy is minder opgewonde oor empiriese ondersoeke binne die Praktiese Teologie self en verkies om insigte

uit die sosiale wetenskappe oor te neem. So het hy byvoorbeeld in sy indrukwekkende kategese-handboek *In de Leerschool van het geloof* gebruik gemaak van pedagogiese leerteorieë as rigtinggewende beginsel. Sy benadering toon sekere ooreenkomste met dié van Dahm.

In die jongste tyd het die Katolieke Praktiese Teoloog J.A. van der Ven sterk na vore getree. Hy volg 'n handelingwetenskaplike benadering wat sterk aansluit by die Habermas-filosofie van die kritiese teorie, handelingsteorieë en handelingstrategieë. Sy primêre arbeid konsentreer op die oomblik rondom die ontwerp en die ontwikkeling van 'n eie empiriese metode vir die Praktiese Teologie (en trouens vir die hele teologie). Daarmee pleit hy in die eerste plek vir die empiriese toetsing van kerklike praktyke met die oog op beter teorievorming. Hierdie teorieë moet vanuit empiriese gegewens en suiwer prakties-teologiese teoretiese refleksie opgebou word. Hy is nie geneë met die gedagte dat dogmatici of eksegete visies produseer wat dan deur Praktiese Teoloë gerealiseer moet word nie. Die Praktiese Teologie kan en moet via 'n empiries-teologiese metode self visies vir die kerklike praktyk ontwerp. Hy is tans inderdaad besig met die ontwikkeling van 'n prakties-teologiese ekklesiologie ('n reeks van sewe lywige werke word in die verband beplan).

## *Die VSA*

Tot ongeveer drie of vier dekades gelede is daar in die VSA nog baie min selfstandige en nuwe werk op die gebied van die voorvrae van die Praktiese Teologie gedoen. 'n Boek soos *Baker's Dictionary of Practical Theology* onder redaksie van Ralph Turnbull is in 'n sekere sin tekenend van die benadering tot die Praktiese Teologie in hierdie tyd. Tien deelvakke van die Praktiese Teologie word afsonderlik behandel sonder dat daar 'n poging aangewend word om enige verantwoording te probeer doen oor die vak as geheel of die moontlikheid van verskillende benaderings tot die vak of enige van die voorvrae van die Praktiese Teologie. Die sterk punt van die breë Amerikaanse samelewing te wete sy pragmatiese benadering van sake, was vir lank ook die kwesbare punt ten opsigte van die Praktiese Teologie in besonder.

Die posisie het egter in die afgelope tyd drasties verander. In hierdie verband moet die name van Richard Niebuhr en Seward Hiltner vooraan genoem word. Meer as enige iemand anders was hulle die twee voorlopers van die huidige oplewing. Hoewel Niebuhr self nie 'n Praktiese Teoloog van beroep was nie, het hy 'n sterk vormende rol ten opsigte van die ontwikkeling van die vak in die VSA gespeel. In die middel vyftigerjare was hy saam met Daniel D. Williams en James Gustavson verantwoordelik vir 'n reeks van drie boeke oor teologiese opleiding in die VSA en Kanada. *The Ministry in Historical Perspectives* en veral *The Purpose of the Church and its Ministry* was die begin van 'n nuwe besinning oor die bediening en die taak van die predikant in Amerika.

Die sentrale vraag in die debat was deurentyd die vraag na 'n eietydse, relevante bediening.

Hiltner was in die jare 1950 tot 1980 een van die leidende figure in die invloedryke PCM-beweging in die VSA. Dit is as voorste teoretiseerder en teoloog van die beweging dat Hiltner in 1958 sy *Preface to Pastoral Theology* geskryf het. In die boek probeer hy onder andere om 'n basis te bied aan 'n soort Praktiese Teologie wat nie vanuit 'n suiwer teoretiese standpunt ontwerp word nie, maar waarin groot ruimte gelaat word vir 'n inset van die praktyk in die proses van teorievorming. Sy indeling van die Pastorale Teologie by wat hy genoem het "operation-centered branches of theology" (teenoor dit wat hy die sogenaamde "logic-centered" of sistematiese vakke genoem het) was in 'n sin 'n voorloper van dit wat later op die Europese kontinent bekend sou staan as 'n handelingswetenskaplike benadering van die Praktiese Teologie (dit word in soveel woorde erken deur Zerfass - vgl Klostermann & Zerfass, 1974: 166). Dit is belangrik om te verstaan dat wat Hiltner in "Preface..." gedoen het nie die begin van 'n nuwe rigting was nie, maar eerder 'n retrospektiewe artikulering van 'n veronderstelde teorie agter 'n praktiese bedieningsbenadering wat baie algemeen was in die VSA. By 'n bestudering van die stand van die Praktiese Teologie in die VSA sal dit altyd in gedagte gehou moet word dat die Amerikaners anders as die Europeërs, min belang het by akademiese debatte wat nie 'n onmiddellike relevansie vir die praktyk het nie. Hierdie situasie het tot gevolg gehad dat sommige kontinentale Praktiese Teoloë die Amerikaanse bydraes tot die besinning oor die vak en sy taak heeltemal onderskat en skaars kennis neem daarvan. Dit is egter 'n baie groot fout. Die feit dat die Amerikaners nie hulle praktykteorieë uitspel nie, wil nie sê dat hulle nie teorieë het nie ('n Mens moet egter toegee dat die situasie dit wel moeilik maak om die presiese waarde van die Amerikaanse bydrae te peil).

In die heel jongste tyd het hierdie situasie egter ook begin verander. Daar is tans in die VSA 'n baie lewendige en aktuele debat aan die gang oor die taak van die Praktiese Teologie. Die debat wat geïnisieer is deur Don Browning, is besig om wyer uit te kring en 'n groeiende stroom van publikasies te genereer.

In een van die boeke wat as deel van die gesprek gepubliseer is (*Foundations for a practical theology of ministry*), poog Poling en Miller om die veld van die Amerikaanse Praktiese Teologie te karteer. Hulle onderskei ses verskillende modelle of benaderingswyses van die Praktiese Teologie. Die indeling word gemaak ogv die veronderstelling dat die weë in die Amerikaanse debat uiteen loop op veral twee punte. Dit is naamlik die vraag na die norm van die Praktiese Teologie (waar hulle drie moontlike benaderings onderskei te wete 'n konfessionele, 'n korrelatiewe en 'n algemene wetenskapsbenadering) en die vraag na die primêre gerigtheid van die Praktiese Teologie (waar hulle tussen twee standpunte onderskei nl 'n gerigtheid op òf die kerk òf die wêreld). Nie al ses die benaderings is tans ewe sterk of ewe aktueel in die praktyk nie. 'n Mens sou

die oorgrote meerderheid van Amerikaanse Praktiese Teoloë kon indeel in drie van die ses groepe.

Die *eerste groep* wil vanuit 'n korrelatiewe waarheidsbegrip (vgl Poling & Muller se eerste vraag) meedoen aan die transformasie van die wêreld (vgl Poling en Miller se tweede vraag). Die mees tipiese verteenwoordiger van die groep is David Tracy. Hoewel Tracy nie in die eerste plek 'n Praktiese Teoloog is nie, is hy 'n baie aktiewe deelnemer aan die nuwe debat. Die Praktiese Teologie is vir hom belangrik omdat dit binne sy siening die derde manier is waarop teologie beoefen kan en moet word. In die eerste plek word teologie volgens hom beoefen binne die konteks van die akademie. Dit noem Tracy Fundamentaalteologie. Die teologie wat bedryf word déúr die kerk vír die kerk self, noem Tracy Sistematiese Teologie. Die derde konteks waarbinne die teologie bedryf word, is die konteks van die sosiale gemeenskap of die wêreld. Dit is dié teologie wat in en vir hierdie konteks bedryf word wat Tracy Praktiese Teologie noem. Die fokus van hierdie teologie is nie in die eerste plek op die kerk en sy aktiwiteite nie, maar op die wêreld. Dit gaan in die Praktiese Teologie om die vraag hoe die wêreld getransformeer kan word in terme van 'n teologiese etiek.

Die uiters belangwekkende werk *Polity and praxis* van die hand van McCann en Strain lê in lyn met die benadering soos dit deur Tracy uitgespel is. Die fokus daarvan is net soos by Tracy op die vraag na die transformasie van die wêreld in die lig van 'n Christelike sosiale etiek. Die outeurs se verklaarde bedoeling was nie om nog 'n alternatiewe standpunt binne die Praktiese Teologie in te neem nie, maar die daarstelling van 'n aanvaarbare metodiek of program vir die beoefening van die vak.

Poling en Miller meen om Don Browning se bydrae ook in hierdie groep te plaas. Browning wat net soos Tracy met 'n korrelatiewe waarheidsbegrip werk, is 'n Praktiese Teoloog wat aanvanklik bekendheid verwerf het met sy boek *The moral context of pastoral care* waarin hy 'n pleidooi lewer vir 'n veel nouer binding tussen Praktiese Teologie (of Pastorale Teologie) en die Etiek. Sedertdien was dit 'n baie sterk tema in die werk van Browning (vgl ook sy *Religious ethics and pastoral care*). Browning se posisie verskil miskien tog van dié van Tracy in dié sin dat sy praktiese-teologiese werk 'n baie sterk gerigtheid op die kerk het. Die uitstekende reeks monografieë wat onder die oorkoepelende titel *Theology and pastoral care* verskyn en waarvan hy op die oomblik redakteur is, het die verklaarde bedoeling om aan predikante en kerkleiers hulp te verleen in verband met hulle praktiese pastorale werk. Browning beklee as die inisieerder van die oplewing in die Amerikaanse debat oor die Praktiese Teologie 'n sentrale posisie en slaag op 'n manier daarin om 'n skakelrol te vervul om teoloë wat ideologies links en regs van hom lê in 'n wedersyds bevrugtende kontak met mekaar te hou. Daar het in 1983 onder Browning se redaksie 'n bundel verskyn *Practical theology* waarin 'n hele klomp van die belangrikste voorvrae van die

Praktiese Teologie in behandeling geneem word. Hy het in die werk daarin geslaag om van die mees vooraanstaande teoloë in die VSA te kry as medewerkers, onder andere ook Tracy.

Die standpunt van die éérste groep praktiese teoloë binne die Amerikaanse konteks rus op drie veronderstellings. In die eerste plek wil hulle werk met wat genoem word 'n "hersiene korrelasiemodel" (Tracy, 1978: 43v). Anders as Paul Tillich wat met sy korrelasiemetode die Bybelse antwoorde in verband wou bring met menslike vrae soos wat dit opkom uit die mens se eksistensie, wil hierdie groep 'n werklike oop gesprek tussen kerk en wêreld hê waarin die kerk ook kan vrae vra en die wêreld ook kan antwoorde gee.

> In general terms, a revised correlational program in theology attempts to correlate critically both the questions and answers about human existence derived from an interpretation of the central Christian witness with the questions and answers implicit in various interpretations of ordinary human experience (Browning in: Mudge en Poling, 1987: 80).

Die tweede veronderstelling agter hierdie groep se standpunt, is dan dat so 'n gesprek moet plaasvind, omdat die evangelie se uiteindelike adres die wêreld is. Die Praktiese Teologie se taak volgens hierdie groep is nie om 'n esoteriese gesprek na binne te voer nie, maar 'n publieke gesprek na buite. Die grootste gevaar vir die Praktiese Teologie is dat hy gekaap sal word deur die geïnstitusionaliseerde kerk en op 'n onkritiese wyse die gevestigde bediening, praktyke en belange van die faktiese kerk bloot kontinueer.

Die derde veronderstelling van hierdie groep is dat die Praktiese Teologie baie nouer gebind moet word aan die Christelike etiek. Om die waarheid te sê, is dit hulle mening dat die etiek die basis of vertrekpunt van alle Praktiese Teologie behoort te wees (Browning in Mudge en Poling, 1987: 80). Dit beteken dat die groep ernstige vrae het oor 'n kerklike bediening wat met sy eie oogmerke en reëls as 'n magtige tweede poging of werk langs die gewone Christelike lewe te staan kom. Sonder om die reg van die kerklike bediening te ontken, wil die groep waarsku teen die reële gevaar dat die kerk vashaak by wat McAfee Brown genoem het "penultimate goals" wat soms, so word geredeneer, 'n soort kerkgerigte-utiliteitsetiek regverdig.

In die *tweede breë* groepering binne die Amerikaanse veld word ook gewerk vanuit 'n korrelatiewe waarheidsbegrip, maar die primêre konsentrasie is hier nie in die eerste plek op die wêreld nie, maar op die kerk.

Die godsdienspedagoog James Fowler val in hierdie kategorie. Hy betuig volle instemming met Tracy se revisionêre korrelasie-metode (hy maak byvoorbeeld in sy teorie ruimskoots gebruik van die werk van onder andere ontwikkelingspsigoloë soos Erikson en Piaget), maar hy glo dat die Praktiese Teologie in die eerste plek vir en déúr die gemeenskap van die geloof beoefen word:

> Practical Theology is theological reflection and construction arising out of and giving guidance to a community of faith in the praxis of its mission. Practical Theology is critical and constructive reflection on the praxis of the Chritian community's life and work in its various dimensions (Browning, 1983: 149).

Hoewel Poling en Miller hulleself in terme van hulle ses kategorieë eintlik beskou as behorende tot wat hulle die meer konfessionele groep noem (hulle kwalifiseer dit ook weer en noem hulle eie posisie 'n "dialogical confessional ... stance"), sou 'n mens hulle ook hier kon klassifiseer. Alhoewel hulle ook baie na aan die standpunt van Tracy en Browning lê, verskil hulle daarin dat hulle soos Fowler (miskien selfs nog meer as Fowler) die kerk, of die geloofsgemeenskap, ernstig wil neem as 'n "stasie" op pad na die wêreld. Die kerk is vir Poling en Miller belangrik nie net omdat dit (toevallig) die plek of konteks is waarbinne en deur wie die refleksie gedoen word nie, maar omdat hulle die kerk in sy ekumeniese verbande sien as die laaste en finale bron van gesag vir die geloofsgemeenskap. Hulle skryf:

> There is no objective truth to which the community of faith can order its life. Rather, truth is revealed as the community struggles to order its life together, and theology is the reflection that emerges when the church engages in this process to reach consensus (1985: 58).

Die derde groepering binne die Amerikaanse model volg 'n konfessioneel-kerklike benadering in die sin dat hulle vanuit 'n sterk evangelies-konfessionele waarheidsbegrip (die omskrywing word hier enger bedoel as die kategorie-indeling soos dit deur Poling en Miller gemaak is) binne die primêre konteks van die kerk wil werk. Hierdie groep bestaan hoofsaaklik uit Praktiese Teoloë binne die sogenaamde Evangeliese kerke wat werk met 'n waarheidsbegrip wat bedoel om met die Bybel alleen as die finale norm van die waarheid te leef. Die name van Ray Anderson, Jay Adams, Howard Snyder sou onder andere hier genoem kon word. Die hele "Church Growth" beweging moet ook hier geplaas word.

Op enkele uitsonderinge na (bv. Anderson) is die aanpak van dié groep baie sterk pragmaties. Oor die Wat-vraag van die Praktiese Teologie word die bestaande kerklike denke redelik onkrities aanvaar en gekontinueer. Die besinning gaan feitlik uitsluitlik oor die hoe-vraag van die kerklike bediening.

In baie gevalle kry ons in die besinning oor die hoe-vraag die interessante patroon dat daar op 'n eklektiese en pragmatiese wyse van die insigte van verskillende sekulêre wetenskappe gebruik gemaak word - soms op 'n baie groot skaal. Die Pastoral Care Movement en die Church Growth Movement is goeie voorbeelde hiervan. Beide die bewegings het voortgekom nie uit teolo-

giese besinning in die eerste plek nie, maar het gegroei uit insigte, tegnieke en metodes wat uit die sekulêre wetenskappe kom.

Ons sal goed doen in die Praktiese Teologie om die pragmatistiese manier van doen nie te gou gering te skat nie. Nog meer as ander mense het die Amerikaners die gewoonte om nie baie tyd te verspil met 'n eksplisiete besinning oor teoretiese en metodologiese voorvrae nie. 'n Mens sal egter 'n fout maak en die Praktiese Teologie 'n ondiens bewys as jy om hierdie rede 'n groot deel van die Amerikaanse bydrae nie verreken as Praktiese Teologie in die ware sin van die woord nie. Daar word in die VSA op baie groot skaal geëksperimenteer met kerkwees en die betekenis daarvan. Uiteraard is nie alles wat gedoen word ewe sinvol of leersaam nie, maar 'n kritiese kennisname van die stapels Amerikaanse literatuur oor kerkwees en die beoefening daarvan sou vir die Praktiese Teologie beslis nie sonder waarde wees nie. Die *Church Growth Movement* asook die *Pastoral Care Movement* waarna hierbo verwys is, is goeie voorbeelde van bewegings waarin daar nie bewustelik veel gereflekteer word oor prakties-teologiese voorvrae nie, maar waarin daar in die gang van die beweging teorieë ontwerp is en strategieë getoets is wat van groot belang en waarde is vir die Praktiese Teologie.

## *Suid-Afrika*

In Suid-Afrika is daar nog baie min van 'n selfstandige debat oor die voorvrae van die Praktiese Teologie gevoer.

Die naam van W.D. Jonker sou genoem kon word hoewel hy tegnies gesproke sy prakties-teologiese arbeid in Nederland verrig het. Jonker het wat sy definiëring van die Praktiese Teologie betref baie sterk by die Kuyper-rigting aangesluit en die Praktiese Teologie omskryf as 'n bestudering van die Woord vanuit die hoek van die dienste van die kerk. Sy mees eiendomlike inset het waarskynlik gelê op die vlak dat hy ten alle koste die teologiese aard van die vak bewaar wou sien. So sterk het Jonker oor die saak gevoel dat toe *Theologie en Praktijk* destyds uit druk geraak het, hy die boek heeltemal herskryf het onder die titel *In diens van die Teologie*, alhoewel hy toe reeds vir 'n geruime aantal jare nie meer in die vak gedoseer het nie.

In die jongste tyd het daar van die kant van UNISA se Praktiese Teoloë [veral Pieterse] sterk vertoë gekom dat daar ernstig gewerk moet word aan 'n eie metodologiese instrumentarium vir die Praktiese Teologie. Hulle meen dat daar aangesluit moet word by die meer empiriese benadering soos wat dit gevind word in die werk van Firet, Zerfass en Van der Ven. Pieterse het die saak reeds by verskeie geleenthede bepleit (vgl Bibliografie) en is besig om 'n selfstandige standpunt oor die metode van die vak te ontwikkel.

Van buite die enger gedefinieerde veld van die Praktiese Teologie, is De Gruchy tans besig om min of meer in lyn met Tracy se omskrywing van die

Praktiese Teologie 'n eiesoortige bydrae te lewer. Na sy boek *Theology and ministry in context and crisis* (1986) het daar pas ook 'n verslag verskyn oor 'n stuk empiriese werk wat hy gedoen het onder die titel *Theology, social transformation and ministry in South Africa. Report on an HSRC Research Project.*

## Diskussieterreine in die heersende debat

Met inagneming van die gegewens wat tot dusver in die literatuuroorsig vermeld is, sou 'n mens hoofsaaklik ses breë terreine kon aandui waarop die huidige debat binne die Praktiese Teologie gevoer word:

### *Praktiese Teologie as wetenskap*

Sedert die Praktiese Teologie aan die einde van die agtiende eeu vir die eerste keer toegelaat is as volwaardige universiteitsvak, het daar min dekades verbygegaan waarin daar nie die een of ander vraag in verband met die wetenskaplikheid van die vak ter sprake was nie.

Dit het saamgehang met 'n hele paar faktore waarvan die vernaamste was dat die vak veelal maar as 'n soort "toegepaste" teologie beskou is wat nie regtig 'n eie studieveld met eie metodes gehad het nie. Die instelling van die vak het gegroei uit pragmatiese oorwegings. Die teologiese studente was meestal voornemende predikante wat naas hulle akademiese skoling ook praktiese skoling met die oog op hulle beroepsbeoefening moes ontvang. Praktiese Teologie het die terrein geword waarop hierdie afrigting met die oog op die beroep gegee is. Die gevolg was dat dit aanvanklik in die Praktiese Teologie meer om tegniek as om wetenskap gegaan het.

Na al die jare is hierdie debat allesbehalwe afgehandel. Hoewel die vak by die meeste universiteite aanvaar is en hoewel die meeste teoloë in beginsel sal saamstem dat daar 'n vak soos Praktiese Teologie behoort te wees, het daar tog vrae in verband met die wetenskaplikheid van die vak oorgebly. Daar verskyn baie min artikels oor die prolegomena van die vak waarin die vraag na die wetenskaplikheid van die vak nie op die een of ander wyse ter sprake kom nie. Die kwessie word nog verder bemoeilik en gekompliseer deur die feit dat daar met verskillende wetenskapsdefinisies gewerk kan word.

### *Praktiese Teologie as teologiese vak*

Vanweë die opset van die vak in sy beginjare aan die universiteit was daar uit sekere kringe voortdurend vrae oor die teologiese aard van die vak. Die gedagte was nie dat dit wat aan die studente geleer is onbelangrik was of nie ter sake is nie - die vraag was net of dit regtig teologie was en nie blote tegniek of metodiek nie. Dit volg net logies dat hierdie soort vraag saamgehang het nie

alleen met 'n bepaalde visie van wat teologie is nie, maar ook met 'n vooropgesette idee van wat die taak van die Praktiese Teologie eintlik behoort te wees.

Tot vandag toe bly die saak baie belangrik en aktueel. W.D. Jonker (1968 en 1981), Bohren en ander se sterk pleidooie is 'n teken dat alles nie altyd wel is op dié punt nie.

## *Taak [opdrag, studieveld] van die Praktiese Teologie*

'n Derde debatspunt is die vraag na die studieveld van die Praktiese Teologie. Die meeste Praktiese Teoloë sal saamstem dat dit in die vak op die een of ander manier oor die kerk gaan. Maar binne so 'n breë konsensuspunt is daar egter 'n veelheid van nuanserings.

Aanvanklik byvoorbeeld was die studieveld van die vak nie die werk van die totale kerk nie maar eintlik net dié van die pastor of predikant of priester. Eers later van tyd het die taak verbreed en het die werk van die totale kerk binne die fokus van die vak gekom.

'n Verdere nuansering is dat daar byvoorbeeld Gereformeerde teoloë is wat die studie-objek van die Praktiese Teologie baie sterk wil bind aan wat gesien word as die studie-objek van die teologie in die algemeen naamlik die Skrif. Die Praktiese Teologie as sodanig is dan minder gemoeid met die empiriese faktiese kerk en beskou sy eintlike taak as 'n bestudering van die roeping van die kerk soos wat dit in die Skrif gegee word. Daarteenoor is daar Praktiese Teoloë wat meen dat daar veel sterker met die empiriese kerk gewerk moet word. Hulle sou meen dat dit in die vak gaan om die uitwerk van teorieë en strategieë vir die realisering van praktiese kerkwees in die wêreld.

Ander teoloë weer raak toenemend sensitief vir 'n te nou binding van die taak van die Praktiese Teologie aan die kerk as sodanig. Op die een of ander wyse wil hulle ruimte maak vir 'n verbreding van die veld in die rigting van die totale samelewing.

Dit is maar enkele van die nuanserings. Daar is 'n deurlopende debat hieroor aan die gang (vgl Van der Laan).

## *Metode van die Praktiese Teologie*

In die laaste dekade of wat is daar 'n baie lewendige debat oor die metode van die Praktiese Teologie as selfstandige teologiese vak. In die tradisionele debat oor die vraag of die Praktiese Teologie 'n wetenskap is, is dit gewoonlik een van die sleutelargumente teen die vak, naamlik dat hy nie oor 'n eie metode sou beskik nie.

Die vraag na die metode van die Praktiese Teologie hang op sy beurt weer saam met die vorige vraag na die studieveld van die Praktiese Teologie. As die studieveld van die Praktiese Teologie 'n boek is, is dit logies dat die studiemetode 'n tipe van literatuurstudie sal wees wat deduktief aangewend word.

As die studie-objek egter die empiriese kerk en sy handelinge is, is dit net logies dat 'n ander metode gevind sal moet word. Vir 'n tyd lank het hierdie insig tot gevolg gehad dat daar baie sterk aangeleun is teen die sosiologie en sy empiriese veldondersoekmetodes, vergelyk Dahm en Dingemans. In die jongste tyd gaan daar egter al hoe sterker stemme op dat die Praktiese Teologie vir hom sy eie empiriese metode moet uitwerk (vergelyk onder andere Van der Ven en ook Pieterse).

## *Die verhouding teorie-praxis binne die praktiese teologie*

Dit spreek vanself dat die vraag na die verhouding teorie-praktyk vir die Praktiese Teologie 'n baie belangrike vraag sal wees. Dit was nog altyd die geval, maar in die laaste aantal jare het die debat uitermate verlewendig hoofsaaklik as gevolg van die belangwekkende en aktuele debat oor dié probleem binne die filosofie en die hermeneutiek.

Die punt van die debat is die groot meningsverskil oor die vraag of die primaat binne die verhouding teorie-praktyk by die teorie of by die praktyk lê. Tradisioneel was dit so dat Praktiese Teoloë wat verkies het om meer deduktief te werk, uitgegaan het van die primaat van die teorie terwyl Praktiese Teoloë wat induktief gewerk het meesal hulle vertrekpunt in die praktyk geneem het.

Intussen het die sosioloë en veral die hermeneutiese filosowe aangetoon dat die wisselwerking tussen teorie en praktyk net veel ingewikkelder is as wat tot hiertoe gemeen is en dat daar nie op 'n simplistiese manier oor die primaat van òf die teorie òf van die praktyk gepraat kan en moet word nie. Dit het die diskussie rondom hierdie saak opnuut weer heropen.

## *Die vraag na die norm vir die Praktiese Teologie*

Hoewel die vraag na die norm vir die Praktiese Teologie nie altyd *expressis verbis* aan die orde gestel word nie, is dit om verstaanbare redes voortdurend in spel. Beide in die wetenskap en in die kerk gaan dit immers altyd om die waarheid.

Oor dié vraag is daar tans miskien die weinigste sprake van konsensus.

Die probleem word vererger deur die feit dat die konsepsies waarmee Praktiese Teoloë werk meesal elders in die teologie [d.i. in die Bybelse vakke en veral in die dogmatiek of sistematiese teologie] gekonstrueer word. Die gevolg is dat 'n teoloog se konfessionele bande en veral die aard van sy opleiding in die dogmatiek (spesifiek sy standpunt oor Skrif en Openbaring) bewustelik of (meesal) onbewustelik meespeel in die manier waarop hy die Praktiese Teologie bedryf.

Die feit dat die normvraag hierdie oorsprongswortels buite die vak self het, maak 'n diskussie van die probleem baie moeisaam en ingewikkeld. Tog kan dit nie ontwyk word nie.

# Hoofstuk 3

## Bevindinge van empiriese studie

### A. Navorsingsontwerp

### Probleemsteling

Die doel van die studie is, soos gemeld, om na te gaan hoe daar tans in die Suid-Afrika situasie oor die voorvrae van die Praktiese Teologie gedink word. Die oogmerk van die studie is bloot verkennend - daar is nog weinig sistematiseringswerk in hierdie verband gedoen. Hopelik sal dit aan die einde van die studie moontlik wees om die denke oor die onderwerp enigsins te karteer.

### Doel van die empiriese studie

'n Ondersoek na die stand van die Praktiese Teologie in Suid-Afrika sou teoreties gesproke ook as 'n suiwer literatuurstudie onderneem kon word. In die praktyk het dit weens verskeie redes egter onwenslik geblyk te wees. In die eerste plek is dit so dat daar in Suid-Afrika nog baie min oor die saak gepubliseer word. Die akademies-teologiese gesprek in Suid-Afrika is nog in 'n beginstadium en oor hierdie spesifieke saak begin daar nou eers 'n debat ontplooi.

Dit is verder so dat nie alle teoloë ewe geïnteresseerd is in die vóórvrae van 'n vak nie. Voorvrae is vóórvrae en in daardie sin eintlik nie die werklike vrae wat op die tafel is nie. Daarom gebeur dit in baie vakke, maar miskien nog meer so in die Praktiese Teologie, dat van jou mees gerespekteerde denkers nooit eksplisiet oor die voorvrae skryf nie. Hulle dink wel daaroor, het standpunte daaroor, maar is nie geïnteresseerd daarin om oor die voorvrae as sodanig in allerhande debatte betrokke te raak nie.

Hierdie redes bring mee dat 'n empiriese ondersoek in die vorm van 'n soort vraelys baie sin gemaak het. Op so 'n manier kon ook die mening van (invloedryke) Praktiese Teoloë wat nog nie oor die saak gepubliseer het nie, verkry en ingewerk word in die verslag.

Die gedagte was dus om aan die hand van 'n soort verkennende vraelys 'n verteenwoordigende opname te maak van hoe daar oor die voorvrae van die Praktiese Teologie gedink word in Suid-Afrika.

## Keuse van die ondersoekgroep

Wat keuse van die ondersoekgroep betref, was daar uiteindelik twee reële moontlikhede wat die navorser sou kon volg. Daar kon òf gewerk word met persone wat 'n sekere kwalifikasie in die vak behaal het (bv 'n D-graad) òf met persone wat besig is om die vak te doseer.

Daar is besluit op die tweede moontlikheid en wel om twee redes. Ten eerste is dit ongelukkig so dat 'n relatief klein persentasie van die gepromoveerdes in die vak regtig geïnteresseerd is en op hoogte is van die teoretiese debatte oor die voorvrae van die vak. Dit sou 'n mens moontlik aan bande kon lê wat betref die diepte van jou ondersoek. In die tweede instansie is dit ook so dat die doserende groep nie alleen kleiner in getal is nie maar ook relatief makliker was om mee kontak te maak. Omdat daar besluit is op 'n vraelys-cum-onderhoudskedule as navraagmetode, het die laaste oorweging die skaal ten gunste van die tweede moontlikheid laat swaai.

Die navorser het ter wille daarvan om die groep wat getoets word so wyd as moontlik te sny besluit om nie net te skakel met Praktiese Teoloë wat doseer aan Universiteitsdepartemente nie, maar ook met die wat aan Teologiese Seminariums doseer.

Die navorser het gedurende Junie 1986 tot November 1986 afsprake probeer reël met soveel van die dosente as moontlik. Uiteindelik kon afsprake met 25 van die dosente gereël word. In Hoofstuk 3B word meer inligting oor die groep gegee.

## Opstel en hantering van die vraelys

Aan die hand van die literatuurstudie is 'n vraelys-cum-onderhoudskedule opgestel. Dit bestaan uit vier afdelings:

[A] Basiese inligting oor die respondent en die aard en opset van die kursus waaraan hy deel het.
[B] Die respondent se benadering tot die voorvrae van die Praktiese Teologie (dit is die hoofdeel van die vraelys).
[C] Vrae oor die teologiese wortels of uitgangspunte van die Praktiese Teologie
[D] 'n Slotdeel waarin 'n paar kontroleringsvrae gevra is.

Die volledige vraelys verskyn agter in die Addendum. In die volgende afdeling sal die rasionaal van die vraelys vraag vir vraag bespreek word. Toe die afsprake gemaak is, was die bedoeling dat die Vraelys-cum-Onderhoudskedule met elke respondent vraag vir vraag bespreek sou word en dat dit òf tydens die onderhoud voltooi sou word òf later deur die respondent aan die

navorser gestuur kon word (van die inligting was nie altyd byderhand nie). Vier van die respondente kon uiteindelik nie die navorser persoonlik te woord staan nie. Die vraelys is aan hulle verduidelik deur 'n kollega of per telefoon deur die navorser.

## Vermoedens en verwagtings

Daar sou breedweg drie aanvangsvermoedens geformuleer kon word:

* Ten eerste is verwag dat die denke oor die Praktiese Teologie dieselfde basiese variasie as die denke oor die saak elders (dit is oorsee) sal vertoon, met 'n sterk algemene aansluiting by die Nederlands-Gereformeerde denkrigting.

* Ten tweede is verwag dat die denke oor die Praktiese Teologie baie sterk gedetermineer sal word deur 'n Praktiese Teoloog se standpunte oor algemeen teologiese of sistematies-teologiese sake. Daarom is die C-deel van die vraelys bygevoeg.

* Ten derde het die navorser die vermoede gehad dat vir sover die prakties-teologiese standpunte bepaal is deur sistematies-teologiese uitgangspunte dit nie altyd noodwendig met die konfessionele of kerklike tradisie van die respondent gaan korreleer nie. Die navorser het dus verwag dat Praktiese Teoloë in die praktyk van hul praktiese-teologiese denke groter ekumeniese openheid gaan openbaar as wat hulle miskien prinsipieel sou wou toegee.

## Response

Van die 25 vraelyste is teen einde November 1986 net 23 terug ontvang. Die data daarin vervat, word in die volgende afdeling opgesom en geïnterpreteer.

## B. Bevindings

### I. Basiese inligting

### Biografiese inligting

Van die 23 respondente is 18 verbonde aan Universiteitsdepartemente vir Praktiese Teologie en 5 aan Teologiese Seminariums. Die ouderdomme van die respondente wissel van 37 tot 62 jaar. Die gemiddelde ouderdom is 51 jaar. Van die 23 respondente het 16 'n doktorsgraad as hoogste akademiese kwalifikasie, 6 'n Magistergraad en 1 'n Baccalaureusgraad. Van die 23 respondente behoort 8 aan die NG Kerk. Daar is twee elk wat aan die Anglikaanse Kerk, die Presbiteriaanse Kerk, die Ned. Herv. Kerk en die Geref. Kerk behoort. Daar is een elk uit die AGS, die Lutherse Kerk, die Kongregasionalistiese Kerk en die NG Sendingkerk. Een het geen amptelike kerkverband aangedui nie.

In die dosering van die teologie gaan dit gewoonlik nie net om die oordrag van blote akademiese kennis nie. Twee ander momente is ook van belang. 'n Dosent in die teologie hoop gewoonlik ook dat daar 'n stuk geestelik-persoonlike vorming in die leersituasie sal plaasvind. Vir 'n dosent in die Praktiese Teologie kom daar dikwels 'n derde saak by, naamlik dat hy ook 'n opdrag in verband met die vorming van praktiese beroepsvaardighede het. Hoe 'n dosent oor hierdie drie sake en hulle gewig binne 'n kursus dink, sal 'n besliste invloed hê op die wyse waarop hy sy prakties-teologiese stof hanteer.

Die respondente is gevra om op 'n vyfpuntskaal aan te dui watter gewig hulle meen dié drie aspekte behoort te kry binne 'n Praktiese Teologie kursus.

**Tabel 1 :** *Oogmerke van die kursus*

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Akademies-teologiese skoling | 0 | 0 | 1 | 8 | 14 |
| Beroepsvorming | 0 | 1 | 3 | 6 | 13 |
| Geestelik-persoonlike vorming | 0 | 1 | 6 | 5 | 11 |

(Die volgende sleutel is gebruik : 1 = Onbelangrik 2 = Redelik belangrik 3 = Belangrik 4 = Baie belangrik 5 = Noodsaaklik)

Dit is duidelik dat die dosente oorwegend al drie die fasette as baie belangrike komponente van hulle kursus beskou. In die algemeen genome beskou die dosente akademies-teologiese skoling as die belangrikste faset van hul kursus. Beroepsvorming word tweede belangrikste geag met geestelike vorming in die derde plek. Daar was geen noemenswaardige verskil tussen Universiteits- en Seminariumdosente op hierdie punt nie.

## Verdere inligting oor kursus

Die navorser het gehoop om 'n hele klomp verdere inligting in verband met die kursus te vergader soos byvoorbeeld: die ensiklopediese vakindeling; die subverdeling van vakke in die Praktiese Teologie; 'n kort uiteensetting van die Praktiese Teologie kursus; 'n verduideliking (rasionaal) van die kursus; voorgeskrewe literatuur vir die kursus en die toespitsing van nagraadse studie of navorsing. Die gedagte was dat die inligting sou kon help met die interpretasie en kontrolering van ander gegewens.

Die informasie wat die navorser bekom het, word nie hier weergegee nie omdat dit enersyds baie omvangryk en andersyds baie onvolledig is.

# II. Benadering tot die Praktiese Teologie

## Gerigtheid van die Praktiese Teologie

Een van die mees fundamentele verskilpunte in die Praktiese Teologie raak wat 'n mens sou kon noem die gerigtheid van die vak. In die breë gesien sou vier basiese rigtings onderskei kon word.

* Die meeste Praktiese Teoloë sal saamstem dat dit in die Praktiese Teologie op een of ander manier om die *kerk* en sy werk gaan. Binne dié breë standpunt is daar egter 'n hele paar nuanserings wat nie onbelangrik is nie.

* In die eerste fase van die vak se ontwikkeling het dit nie soseer oor die kerk gegaan as oor die *amp* van die priester of predikant nie. In die Praktiese Teologie is nagedink oor die ampswerk van die geestelike. In die Katolieke Kerk was dié tradisie deur die eeue heen baie sterk. Tot vandag toe nog word in dié kringe meesal nie gepraat van Praktiese Teologie nie, maar van Pastorale Teologie [bedoelende teologie wat die werk van die pastor of priester raak]. Ook in Gereformeerde kringe was dié standpunt vir baie lank die gangbare een - soveel so dat die vak soms Amp-telike Teologie genoem is.

* In meer resente tyd is daar 'n wydlopende gevoel dat die Praktiese Teologie moet vrykom van 'n vasgekeerdheid binne die grense van die fakties- geïnstitusionaliseerde kerk en ernstiger moet besin oor maniere waarop die heil van die evangelie sy uiteindelike bestemming, naamlik die *wêreld* kan bereik - desnoods sonder die amptelike kerk. In hierdie benadering is die fokuspunt of gerigtheid van die Praktiese Teologie nie meer die kerk nie maar die wêreld.

* Deur al die tyd was daar ook 'n denkrigting dat dit in die Praktiese Teologie gaan om die ontwerp van 'n teologie wat beoefen of gepraktiseer sou kon word deur die *indiwiduele gelowige.* Die soort beoefening van die vak staan gelyk aan wat soms Asketiek of Spiritualiteit genoem word.

Die respondente is gevra hoe hulle die basiese gerigtheid van die Praktiese Teologie verstaan. Hulle moes kies uit die vier modelle van Praktiese Teologie soos hierbo genoem. Op 'n vyfpuntskaal was die reaksies soos volg:

**Tabel 2:** *Gerigtheid van die Praktiese Teologie*

| | Verskil | Neutraal | Stem saam | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Toespitsing op die individuele gelowige | 8 | 5 | 10 | 12 |
| Toespitsing op die ampte | 4 | 5 | 14 | 23 |
| Toespitsing op die dienste en werk van die kerk | 1 | 0 | 22 | 23 |
| Toespitsing op die wêreld | 4 | 2 | 17 | 23 |

Daar is 'n hoë mate van konsensus onder die respondente dat dit in die Praktiese Teologie primêr gaan om die werk en dienste van die kerk.

Dit is verder duidelik dat daar 'n sterk algemene gevoel is dat die kerk sy uiteindelike gerigtheid op die wêreld nie moet vergeet nie. Dit is interessant dat daar op hierdie punt nie 'n betekenisvolle verskil tussen die Praktiese Teoloë uit die Gereformeerde tradisie en die ander gevind is nie.

**Tabel 3:** ***Studieveld van die Praktiese Teologie***

| Definisies | Verskil | Neutraal | Stem saam | Geen |
|---|---|---|---|---|
| 1. Praktiese Teologie is die bestudering van die Woord van God onder die gesigspunt van die diens van die kerk (W.D. Jonker) | 5 | 1 | 16 | 1 |
| 2. Praktiese Teologie is die wetenskap van die werklike versameling en sending van die kerk. Dit het die werk van die Gees en die Woord van die kerk en deur die kerk tot objek (Bohren) | 4 | 3 | 14 | 2 |
| 3. Praktiese Teologie kan omskryf word as die teologiese teorie van die Christelik-kommunikatiewe handeling wat in staat stel om geloof deur te gee in spraak, simbool en gedrag (Pieterse) | 3 | 5 | 14 | 1 |
| 4. Praktiese Teologie ontwerp 'n teorie vir die kerklike praktyk (Schleiermacher) | 7 | 8 | 7 | 1 |
| 5. Praktiese Teologie is die teologie van kerklike diens (Jetter) | 3 | 5 | 14 | 1 |
| 6. Praktiese Teologie is die teologiese leer van die verwerkliking van die koninkryk van God in die kerk kerk en deur die kerk in die wêreld (A.D. Müller) | 2 | 5 | 14 | 2 |

Met die Gereformeerde Teologie se tradisionele beklemtoning van die ampte as fokuspunt van die Praktiese Teologie is verwag dat die teoloë uit dié tradisie redelik hoog sou toets op hierdie punt. Dit is so dat 10 uit die 14 wat saamgestem of beslis saamgestem het uit die gereformeerde tradisie kom, maar in die geheel gesien is die verband laer as wat verwag is.

Die navorser het verder geantisipeer dat daar vanweë hulle eiesoortige opset, moontlik 'n betekenisvolle verskil mag wees in die basiese georiënteerdheid van die Seminarium-teoloë. Dit is interessant dat hulle op geen van die vier moontlikhede noemenswaardig anders gerespondeer het as die universiteitsteoloë nie.

## Studieveld van die Praktiese Teologie

Die tweede vraag, na die studieveld van die Praktiese Teologie, was bedoel as 'n verdere verduideliking van die respondente se basiese benadering van die vak.

Die mees voor-die-hand-liggende manier om dit te doen, het geblyk te wees om die respondente te vra om tien van die meer algemene definisies van die Praktiese Teologie op 'n vyfpuntskaal te beoordeel.

By die seleksie van die definisies is gepoog om sover moontlik definisies uit al die tradisies en denkrigtings te neem. Uiteindelik is besluit op die definisies van die volgende Praktiese Teoloë: W.D. Jonker [1], Bohren [2], Pieterse [3], Schleiermacher [4], Jetter [5], A.D. Müller [6], Firet [7], Poling en Miller [8], Josuttis [9], Otto [10].

'n Probleem wat die navorser voorsien het met dié manier van vraagstelling was dat die definisies gewoonlik met meer as een, maar dan ook nie altyd met dieselfde aspekte of fasette van die Praktiese Teologie werk nie. Dit sou die probleem kon skep dat wanneer die respondente sonder 'n meegaande motivering of verduideliking net sou aandui of hulle positief of negatief oor 'n bepaalde definisie oordeel, 'n mens nie sou weet op presies watter aspek van die definisie hulle reageer nie.

Om die probleem te probeer ondervang, het die navorser telkens die respondente se aandag daarop gevestig dat die vraag nie gaan oor die totale definisie nie, maar spesifiek oor die studieveld soos dit in die definisie omskryf word. Verder het die navorser in die gesprekke met die respondente probeer monitor presies waarom 'n sekere definisie vir hulle meer aanvaarbaar is as 'n ander.

Die resultaat van die navraag word weergegee in Tabel 3 hieronder.

| Definisies | Verskil | Neutraal | Stem saam | Geen |
|---|---|---|---|---|
| 7. Praktiese Teologie ondersoek die struktuur en funksie van kommunikasiesisteme wat die koms van God in Sy wêreld bemiddelend dien (Firet) | 2 | 7 | 14 | 0 |
| 8. Praktiese Teologie is critical and constructive reflection within a living community about human experience and interaction involving a correlation of the Christian story and other perspectives leading to an interpretation of meaning and value and resulting in everyday guidelines and skills for the formation of persons and communities (Poling en Miller) | 9 | 4 | 8 | 2 |
| 9. Praktiese Teologie is die teorie van die praktyk van die Evangelie deur die kerk in die samelewing (Josuttis) | 3 | 6 | 13 | 1 |
| 10. Praktiese Teologie is die kritiese teorie van die religieus-bemiddelende praxis in die samelewing (Otto) | 15 | 1 | 6 | 1 |

Die definisie van W.D. Jonker waarin die twee momente van die kerk en die Woord verbind word, het die hoogste instemming van al die definisies ontvang [16 uit 23]. Die bybring van die Woord as studieveld van die Praktiese Teologie word baie duidelik verskillend beoordeel deur verskillende respondente. Terwyl sommige te kenne gegee het dat dit juis die rede is hoekom hulle van die definisie hou, het ander [5] verklaar dat hulle juis om hierdie rede heftig met die definisie verskil. Die groep wat instemming betuig het, is grootliks saamgestel uit Praktiese Teoloë uit die Gereformeerde Tradisie en uit die Praktiese Teoloë verbonde aan die Seminariums.

Dat die definisies van Bohren, A.D. Muller en Jetter redelike instemming van die respondente ontvang het [14 het gesê dat hulle basies daarmee saamstem], het waarskynlik te doen met die feit dat die begrip "kerk" redelik sterk daarin funksioneer. In hierdie sin stem dit ooreen met die breë strekking van die antwoorde in Tabel 2. Die redelike steun vir die definisie van Josuttis moet ook in hierdie lig gesien word.

Die lae telling by Schleiermacher se definisie, waarin die begrip "kerk" eweneens sterk funksioneer, is nie maklik te verklaar nie. Dit mag wees dat Schleiermacher se naam 'n klomp teoloë wat uit 'n meer Barthiaanse tradisie kom, afgeskrik het. Dit is so dat hy soms voorgehou word as die vader van die meer moderne soort empiriese benadering van die Praktiese Teologie. Jonker, wie se definisie die hoogste getoets het, polemiseer byvoorbeeld baie sterk teen die Schleiermacheriaanse konsepsie van die Praktiese Teologie.

Die definisies van Firet en Pieterse het ook redelik hoog getoets. Die twee definisies deel 'n sterk verwysing na die kommunikatiewe funksie van die Praktiese Teologie. Die opkoms van Kommunikasiekunde as vak en 'n konsensusgevoel by Praktiese teoloë oor die belangrikheid van dié vak vir die Praktiese Teologie het waarskynlik bygedra tot die hoë telling van die twee definisies.

Die definisie van Poling en Miller het 'n verbasende lae telling gekry. Dit het waarskynlik te doen enersyds met die relatiewe onbekendheid van die definisie (ten tye van die onderhoude het die boek pas verskyn en het min van die respondente dit geken) en andersyds met die kompakte en effens ingewikkelde [en onheldere?] formulering van die definisie.

Die sosiaal-kritiese definisie van Gert Otto het die heel laagste getoets.

## Wetenskaplikheid van die Praktiese Teologie

Nie almal wat besig is met die Praktiese Teologie is ewe besorg oor die vraag na die wetenskaplikheid van die vak nie. 'n Beduidende aantal van die beoefenaars van die vak sal kategories ontken dat die vak die pretensie het of behoort te hê dat dit 'n wetenskap is. Daar is egter ander Praktiese Teoloë vir wie die vraag veel belangriker is en wat groot sorg neem om die vak op so 'n wyse te beoefen dat dit die naam wetenskap waardig is. Van 'n derde groep sou 'n mens kon sê dat die vraag hulle gewoon net nie interesseer nie.

Ten einde uit te vind hoe die respondente dink oor die wetenskaplikheid van die vak wat hulle doseer, is twee vrae aan hulle gestel. By die eerste vraag moes hulle hul mening uitspreek oor die primêre konteks waarin hulleself die vak Praktiese Teologie bedryf. Die drie opsies waaruit gekies moes word, is geleen uit die werk van David Tracy. Hy sê dat die teologie in drie kontekste ("publics") beoefen word naamlik akademie, kerk en wêreld. Tracy bedoel weliswaar nie om die kontekste teenoor mekaar te plaas en in beginsel 'n

voorkeur aan een bo die ander twee te gee nie. Tog sou 'n mens met redelike sekerheid kon aanvaar dat in die praktyk van teologiebeoefening deur 'n spesifieke teoloog dit gewoonlik wel gebeur dat een van die drie kontekste vir die betrokke teoloog op daardie oomblik meer dominant is as die ander. Die veronderstelling by hierdie vraag is dat dit met Praktiese Teoloë ook so is dat elke praktiese teoloog 'n primêre konteks het waarin hy die vak beoefen, en dat die konteks op die een of ander manier 'n baie beslissende rol sou kon speel in sy siening en beoefening van die vak.

In 'n tweede vraag is die respondente gevra of hulle meen dat die Praktiese Teologie 'n wetenskap is of nie. As hulle positief geantwoord het op die vraag moes hulle hul standpunt verduidelik deur te kenne te gee wat hulle onder die begrip wetenskap verstaan. Hulle moes dit doen deur telkens met 'n "ja" of "nee" te reageer op ses moontlike wetenskapsdefinisies.

Op die vraag na die primêre konteks vir die beoefening van Praktiese Teologie het 8 geantwoord die akademie, 6 die kerk en 4 die wêreld.

Vyf van die respondente wou geen voorkeur aandui nie omdat na hulle mening die balans tussen die drie sake nie sondermeer in 'n prioriteitsorde weergegee kan word nie. 'n Verdere twee van die respondente het aangedui dat in hulle oordeel akademie en kerk ewe belangrik as konteks is.

Op die vraag of die Praktiese Teologie 'n wetenskap is het 21 ja geantwoord en 2 nee.

Die resultaat op die vraag na die wetenskapsdefinisie word hieronder in Tabel 4 weergegee.

**Tabel 4:** *Wetenskapsvereistes t.o.v. Praktiese Teologie*

| Vereistes | Ja | Nee | Onseker | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1. Eie studieveld | 21 | 0 | 0 | 21 |
| 2. Eiesoortige metodes | 17 | 2 | 2 | 21 |
| 3. Objektiwiteit | 21 | 9 | 0 | 21 |
| 4. Krities-sistematies | 21 | 0 | 0 | 21 |
| 5. Eie teoretiseringstradisie | 15 | 4 | 2 | 21 |
| 6. Onfeilbare gesag van die skrif | 11 | 8 | 2 | 21 |
| Nie geantwoord: 2 | | | | |

Billikheidshalwe moet vermeld word dat die respondente 'n antwoord op die vraag na die konteks van hulle beoefening van die Praktiese Teologie nie maklik gevind het nie, omdat feitlik almal die mening uitgespreek het dat 'n

keuse in 'n sekere sin nie gedoen behoort te word nie. Al drie die kontekste is van wesenlike belang vir die Praktiese Teologie. Hulle is tog gevra om die keuse te doen omdat ervaring geleer het dat in die praktyk van 'n mens se eie situasie dit net so is dat een van die kontekste in effek tog belangriker is às die ander.

Uit die antwoorde is dit duidelik dat vir die meeste van die respondente die akademiese konteks waarin hulle die vak bedryf het, van primêre belang was in hulle benadering van die vak. Dit moet na alle waarskynlikheid verstaan word teen die agtergrond van die feit dat 18 van hulle dosente aan 'n akademiese inrigting [ = universiteit] is. Dit is interessant dat van die 5 respondente wat aan Seminariums verbonde is slegs 1 akademie aandui as die primêre konteks van sy werk.

Op die tweede vraag wat aan die respondente gevra is - of hulle meen dat die Praktiese Teologie beantwoord aan die vereistes van wetenskaplikheid al dan nie - het 21 van die 23 instemmend geantwoord terwyl die ander 2 "nee" geantwoord het.

Sover dit die vraag na die wetenskapdefinisies betref, is die enigste noemenswaardige vraagtekens geplaas by 2, 5 en 6. Die vraagtekens by 2 hang saam met die feit dat die betrokke respondente gemeen het dat die Praktiese Teologie aangewese is daarop om metodes te gaan leen van ander vakke [bv. eksegese, dogmatiek en by die empiriese wetenskappe]. Die vraagtekens by 5 moet waarskynlik verstaan word teen die agtergrond van die Praktiese Teologie se eeuelange worsteling om akademiese selfstandigheid en respektabiliteit binne die sfeer van die Teologiese Wetenskap.

Die omskrywing by 6 was 'n poging om ruimte te maak vir 'n wetenskapdefinisie van die Teologie waarin die Skrif as die eintlike studie-objek beskou word. Agt respondente het te kenne gegee dat hulle verskil met die omskrywing terwyl 'n verdere twee onseker was. Dit is insiggewend dat 5 van die 8 respondente wat verskil het, ook probleme gehad het met definisie 1 [wat in 'n mate hierby aansluit] in die vorige afdeling.

## Metodologie van die Praktiese Teologie

Soos genoem in Hoofstuk 2 is die soeke na 'n eie metodologie tans een van die mees aktuele kwessies vir die Praktiese Teologie.

Daar is tans 'n sterk beweging weg van die tradisionele, meer deduktiewe metode van beoefening van die vak. Die gevoel is dat die Praktiese Teologie synde *praktiese* teologie, meer direk behoort kennis te neem van en aan te sluit by die faktiese situasies en die reële, praktiese probleme waarmee die kerk worstel. Hulle beswaar is dat die tradisionele Praktiese Teologie te dikwels in die lug gehang het omdat daar idealisties en heeltemal ongekontroleerd gewerk is.

In meer konserwatiewe kringe is daar weer groot bedugtheid vir 'n empiriese benadering van die Praktiese Teologie. Die groot vrees is dat die Praktiese Teologie sy teologiese basis [bedoelende daarmee veral sy absolute georiënteerdheid aan die Skrif as enigste norm] sal verloor en so eventueel nie veel meer sal wees as 'n soort kwasi-kerklike sosiologie nie.

Die respondente is gevra om te kies tussen die drie basiese metodologiese stategie nl. 'n induktiewe metode [=teoretiese teologisering], 'n deduktiewe metode [ook genoem 'n empiriese metode] of 'n kombinasie-metode waarin gebruik gemaak word van beide die twee benaderings.

Die resultate word hieronder weergegee in Tabel 5.

**Tabel 5: Keuse t.o.v. metodologiese strategie**

| | |
|---|---|
| Teoretiese teologisering | 1 |
| Empiriese metode | 2 |
| Kombinasie-metode | 18 |
| Nie geantwoord | 2 |

Daar is 'n redelike mate van konsensus onder die respondente dat die Praktiese Teologie van 'n kombinasie-metodologie gebruik behoort te maak, waarin daar beide induktief en deduktief gewerk word. Kommentaar soos die volgende is gelewer:

- Die metodologie moet die navorser dissiplineer om vas te hou aan beide Skrifopenbaring en die lewenswerklikhede van die kerk en die wêreld waarin hy leef.
- Diakoniologie het te doen met Skrifbeginsels wat praktyk moet word in die lewe van die gelowige.

Wanneer gepraat word van 'n "kombinasie-metodologie" het 'n mens natuurlik nog altyd te doen met 'n baie vae begrip van wat in feite deur die respondente op meer as een manier verstaan is. Uit die onderhoude was dit duidelik dat binne die kombinasiemodel sommige die klem sou wou plaas op teoretiese teologisering terwyl ander weer sterker gevoel het oor die empiriese aard van die navorsing. Dit is jammer dat die gegewens 'n mens nie op hierdie punt verder help in die rigting van 'n meer definitiewe antwoord nie. Die opmerking kan gemaak word dat 'n mens nie rede het om te vermoed dat beide die aard van die problematiek en die soort oplossings wat geformuleer word, hier te lande veel sal verskil van dié elders in die wêreld nie.

Uit die onderhoude was dit duidelik dat 'n hele klomp van die respondente van mening is dat die metodologie-probleem waarskynlik tans die belangrikste diskussiepunt binne die vak is. Hulle wys daarop dat van die voorste Praktiese Teoloë in die wêreld besig is om, redelik onafhanklik van mekaar, te beweeg in die rigting van 'n soort konsensus oor die metode van die vak [sien verder Hoofstuk 5].

## Verhouding teorie-praktyk

Nog meer as in die ander teologiese vakke is die vraag na die verhouding teorie-praktyk van uiterste belang vir die Praktiese Teologie. Hoe 'n persoon dink oor die verhouding teorie-praktyk beïnvloed noodwendig 'n hele klomp van sy ander gedagtes, keuses en besluite ten opsigte van die vak. Dit raak byvoorbeeld nie alleen die vraag na die metode van die vak ten nouste nie, maar het ook 'n bepalende invloed op die manier waarop die taak of filosofie van die vak geformuleer word.

Dit was belangrik om uit te vind hoe die respondente hierdie verhouding verstaan.

Omdat die begrippe "teoreties" en "prakties" egter oop is vir interpretasie, is van die respondente gevra om aan te dui watter betekenis hulle onderskeidelik aan die begrippe heg. Die resultaat word weergegee in Tabel 6A [teoreties] en 6B [prakties].

**Tabel 6A:** *Sinonieme vir term teoreties*

| **Term** | **Ja-antwoorde** |
|---|---|
| Abstrak | 1 |
| Verklarend | 17 |
| Spekulatief | 1 |
| Onbetrokke | 0 |
| Interpretatief | 15 |
| Voorskriftelik | 8 |
| **Ander terme:** | |
| prinsipieel | |
| ordening | |
| sistematisering | |
| inhoudelik | |
| informatief | |
| normatief | |
| rigtinggewend | |

**Tabel 6B:** *Sinonieme vir term prakties*

| Term | Ja-antwoorde |
| --- | --- |
| Konkreet | 12 |
| Beskrywend | 1 |
| Feitelik | 2 |
| Betrokke | 9 |
| Kontekstueel | 14 |
| Empiries 1 | 0 |
| **Ander terme:** | |
| bemiddelend | |
| bedienend | |
| werklikheidsevaluering | |

Op die vraag hoe hulle die verhouding teorie - praktyk sien het 20 geantwoord dat hulle daaraan dink as 'n wisselwerkingverhouding (van die ander terme wat hier gebruik is: Korrelasie, bipolêre verhouding, kritiese interaksie, korrelatiewe integrasie, wederkerige interaksie) aan die praktyk toegeken en 2 'n primaat aan die teorie.

Daar was by die respondente konsensus oor die feit dat daar in die Praktiese Teologie 'n baie sterk wisselwerking moet wees tussen teorie en praktyk.

Oor hoe die respondente die betekenis van die terme verstaan, was daar ook nie so 'n groot meningsverskil nie. Die response is redelik gekonsentreer rondom 'n paar van die terme.

Dit is tog veelseggend dat 8 van die respondente die term "voorskriftelik" as 'n wisselterm sien vir teorie. 'n Mens sou dit kon interpreteer dat hulle in die verhouding teorie-praktyk beslis 'n bepaalde prioriteit aan die teorie sou verleen. Hierdie vermoede is op 'n manier bevestig deur die response by die vraag hoe hulle die verhouding sou omskryf. Die respondente wat die term normatief gekies het, het inderdaad te kenne gee dat hulle sou werk met die primaat van die teorie bo die praktyk.

## Teologiese aard van die Praktiese Teologie

Omdat daar heelwat vrae en meningsverskil is oor die teologiese karakter van die Praktiese Teologie, is die respondente spesifiek gevra hoe hulle oor hierdie aspek van die vak dink.

Tradisioneel was dit so dat die teologiese aard van die vak op een van drie plekke gevind is: of in 'n teologiese studie-objek, en/of in 'n teologiese norm, en/of in 'n teologiese konteks.

Die respondente is gevra om aan die hand van die bogenoemde drie moontlikhede aan te dui hoe hulle dink oor die teologiese aard van die Praktiese Teologie. 'n Vierde oop rubriek is ook bygevoeg ingeval iemand sy antwoord anders sou wou formuleer as die drie aangewese moontlikhede. Respondente was nie verplig om vir net een moontlikheid te kies nie. Hulle het soos volg geantwoord:

**Tabel 7:** *Keuse ten opsigte van teologiese aard van die Praktiese Teologie*

| | |
|---|---|
| Teologiese norm | 10 |
| Teologies/Kerklike konteks | 5 |
| Teologiese objek | 13 |

By die rubriek "Ander" is die volgende vier inskrywings gemaak:

- omdat dit in die Praktiese Teologie gaan om 'n geloofsteorie,
- omdat dit in die Praktiese Teologie gaan om diensgestaltes van die gemeente,
- omdat die Praktiese Teologie Woordgebeure bestudeer,
- daarin dat dit vir die Praktiese Teologie gaan om 'n verstaan van die evangelie [met die oog op sy teorievorming].

Vir die meerderheid van die ondervraagde Praktiese Teoloë lê die teologiese aard van hulle werk in die feit dat hulle werk met 'n teologiese objek of saak. Tien van die respondente het te kenne gegee dat die teologiese aard van die Praktiese Teologie vir hulle lê in die feit van 'n teologiese norm. Dié antwoord korreleer met die response wat vroeër gegee is.

## Normvraag

Hoewel die vraag na die norm van die Praktiese Teologie nie altyd in soveel woorde eksplisiet aan die orde gestel word nie, speel dit om verstaanbare redes op meer as een manier 'n deurslaggewende rol in die vak. Dit is so dat die weë rondom sekere fundamentele keuses juis op hierdie punt skei.

Die normvraag was nog altyd 'n baie komplekse vraag. Met die jongste ontwikkelings op die gebied van die hermeneutiek is dit egter nog meer so vandag. Daarom is ten opsigte van die normvraag twee response gevra. In die eerste plek is van die respondente gevra tot watter mate hulle saamstem/verskil

met die volgende stelling: "Die Praktiese Teologie wil nie alleen handelinge beskryf nie, maar ook riglyne daarvoor neerlê". Die response verskyn in Tabel 8A.

Aan diegene wat te kenne gegee het dat hulle basies saamstem met die stelling bo, is toe verder gevra om aan te dui waarin, na hulle mening, die norm vir die Praktiese Teologie lê. Hulle kon kies tussen vier gespesifiseerde moontlikhede of 'n alternatief van hulle eie keuse invul. Die vier moontlikhede wat aangebied is, is die volgende:

- "Die Skrif".
- "Christelike boodskap/ Evangelie" - daarmee is bedoel die saak waaroor dit in die Skrif gaan.
- "Kerklike dogma" - daarmee is bedoel 'n konfessionele of kerklike interpretasie van die boodskap van die Skrif.
- "Kerklik geformuleerde bedieningsopdrag" - daarmee is bedoel 'n bedieningsbeleid of -teorie soos wat dit deur die kerk self geformuleer is. Die response verskyn in Tabel 8B.

Die resultaat van die navrae word gegee in die tabelle hieronder:

**Tabel 8A:** *Reaksie op stelling i.v.m. normatiewe aard van praktiese teologie*

| | |
|---|---|
| Stem beslis saam | 15 |
| Stem saam | 5 |
| Neutraal | 0 |
| Verskil | 3 |
| Verskil beslis | 0 |

**Tabel 8B:** *Keuse ten opsigte van norm vir Praktiese Teologie*

| | |
|---|---|
| Skrif | 8 |
| Christelike boodskap/Evangelie | 14 |
| Kerklike dogma | 0 |
| Kerklik geformuleerde bedieningsopdrag | 0 |
| Ander | 4 |

Twee van die drie respondente wat met die stelling verskil het, het redes aangedui. Die een is bedug vir die term "riglyne" (in die sin van normatiewe

riglyne) en verkies 'n benadering wat, in sy eie woorde, "veel meer oop" is t.o.v. die situasie. Die ander een meen dat die Skrif ten opsigte van die pastorale praktyk hoogstens suggesties gee en dat mense in die betrokke situasie self moet besluit wat die regte ding is om te doen.

Ten opsigte van die eerste vraag het geblyk dat die oorgrote meerderheid van die respondente geoordeel het dat die Praktiese Teologie nie alleen handelinge wil beskryf nie, maar ook riglyne daarvoor wil neerlê. Uit die response blyk dat selfs ook die persone wat verskil het met die stelling nie daarmee kies vir 'n totaal normlose beoefening van die vak nie.

Die response by Tabel 8B is besonder belangrik.

[a] Agt van die respondente het geantwoord dat die norm van die Praktiese Teologie die Skrif is. Interessant genoeg korreleer dit weereens op 'n manier met die response in Tabel 4. Daar was dit ook 8 persone (=dieselfde agt) wat aangedui het dat die wetenskaplike aard van die Praktiese Teologie saamhang met sy georiënteerdheid op die gesagvolle Skrif.

[b] Elf van die respondente het geantwoord dat die norm van die Praktiese Teologie vir hulle lê in die Christelike boodskap of Evangelie. "Christelike boodskap" sluit natuurlik baie nou aan by die eerste moontlikheid. Die verskil lê daarin dat die Skrif hier net op 'n meer genuanseerde wyse hanteer word. 'n Mens sou kon sê dat 19 van die respondente die Skrif op die een of ander wyse beskou as die gesagvolle norm vir die Praktiese Teologie.

Wat betref die response by die derde en vierde opsies kan twee opmerkings gemaak word. Die respondente beleef dat hulle eie kerklike dogma en ook die spesifieke kerklike bedieningstyl soos wat dit beslag gevind het in hulle onderskeie tradisies, nie 'n deurslaggewende rol speel in hulle siening of beoefening van die vak nie. Hierdie waarneming van die respondente sou met reg bevraagteken kon word. Dit is net altyd so dat 'n mens se tradisie 'n veel groter invloed op jou het as wat jy meen en dat die beste manier om die invloed objektief te hanteer juis is om bewus te wees daarvan! Aan die ander kant beteken hierdie respons ook dat daar by die respondente ten minste in beginsel 'n openheid is ten opsigte van die moontlikheid van wedersydse kerklike beïnvloeding.

## Plasing ten opsigte van Prakties-Teologiese modelle

In hulle boek oor die Praktiese Teologie onderskei Poling en Miller tussen ses modelle van Praktiese Teologie. Hoewel hulle verdelings beslis sy tekortkominge het, is dit van die eerste pogings om die wye spektrum van standpunte oor die Praktiese Teologie enigsins te karteer in die vorm van basiese modelle.

Die model wat hulle voorstel, werk op twee asse. Die eerste as raak die vraag na die norm vir die Praktiese Teologie. Hier onderskei hulle tussen drie moontlikhede:

- Ten eerste is daar, wat hulle noem, 'n "krities-wetenskaplike metode" waarin sekulêre dissiplines die raamwerk en norme vir die Praktiese Teologie verskaf en die eie tradisie 'n sekondêre rol speel.
- Ten tweede is daar " 'n krities-korrelatiewe metode" waarvolgens die tradisie en die sekulêre wetenskappe in 'n gelyke gesprek met mekaar gebring word sodat beide die gespreksgenote deskriptiewe en normatiewe uitsprake kan maak.
- Ten derde is daar, wat hulle noem, " 'n krities-konfessionele metode" waarin die Christelike tradisie 'n deurslaggewende rol speel.

Op die tweede as word dit wat vroeër in die navorsingsstuk die gerigtheid van die Praktiese Teologie genoem is, aangedui. Hier onderskei hulle net tussen twee moontlikhede naamlik:

- 'n basiese gerigtheid op die kerk,
- of 'n basiese gerigtheid op die samelewing.

Die respondente is gevra om hulself te plaas ten opsigte van die modelle. Die resultaat word weergegee in Tabel 9.

**Tabel 9 :** *Keuse ten opsigte van model vir praktiese teologie*

| | Kritiese Wetenskap | Kritiese Korrelasie | Kritiese Konfessie | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Vorming van kerk | 0 | 7 | 4 | 11 |
| Vorming van kerk t.w.v. wêreld | 2 | 6 | 1 | 9 |
| Vorming van wêreld | 0 | 2 | 1 | 3 |
| Totaal | 2 | 15 | 6 | 23 |

[Verduideliking by Tabel 9: 'n Hele paar van die respondente het te kenne gegee dat hulle 'n òf-òf keuse ten opsigte van die tweede as feitlik onmoontlik vind. Daarom het die navorser in die loop van die ondersoek besluit om ruimte te maak vir 'n tussenposisie op die tweede as.]

Wat die response ten opsigte van die eerste as betref, is dit duidelik dat die meerderheid van die ondervraagdes kies vir 'n middelposisie waarin die normatiwiteit van die Christelike tradisie wel aanvaar word, maar waarin daar tog ook 'n baie groot openheid is vir die waarheidsmomente van die sg. sekulêre wetenskappe.

Ses van die respondente kies vir 'n teologies-behoudende uitgangspunt, naamlik dat in die Praktiese Teologie die Christelike tradisie behoort te geld as die enigste norm. Slegs twee van die respondente het gekies vir 'n "kritiese wetenskapmetode" vir die Praktiese Teologie. Wat die response op die tweede as betref, kies 20 van die 23 respondente vir 'n sterk gerigtheid van die Praktiese Teologie op die kerk.

## Die verband van die Praktiese Teologie met ander teologiese vakke

Die Praktiese Teologie kan, nes alle ander teologiese vakke, nie in isolasie beoefen word nie. Daar is 'n voortdurende wisselwerking met die ander teologiese vakke en ook met 'n hele klomp ander nie-teologiese vakke.

Hoe Praktiese Teoloë die verband van die Praktiese Teologie met die ander teologiese vakke sien en veral watter van die ander vakke hulle as van besondere belang vir die Praktiese Teologie beskou, het gewoonlik ook 'n invloed op die manier waarop so 'n persoon die Praktiese Teologie gaan verstaan en beoefen.

Die respondente is daarom gevra om die belangrikheid van die ander teologiese vakke vir die Praktiese Teologie op 'n vyfpuntskaal te evalueer.

Die resultaat word weergegee in Tabel 10 hieronder.

**Tabel 10:** *Belangrikheid van ander teologiese vakke vir die Praktiese Teologie*

| Vak | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | Geen antwoord |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Sistematiese teologie | 1 | 1 | 3 | 8 | 9 | 1 |
| Etiek | 0 | 0 | 4 | 5 | 13 | 1 |
| Ekklesiologie | 0 | 1 | 5 | 7 | 7 | 3 |
| Bibliologiese vakke | 0 | 0 | 4 | 6 | 11 | 2 |
| Missiologie | 0 | 3 | 5 | 7 | 7 | 1 |

[Sleutel: 1 = Onbelangrik; 2 = Redelik belangrik; 3 = Belangrik; 4 = Baie belangrik; 5 = Noodsaaklik]

Die vakke is in die volgende orde van belangrikheid deur die respondente geëvalueer: 1) Etiek, 2) Bibliologiese vakke, 3) Sistematiese teologie, 4) Missiologie, 5) Ekklesiologie.

Die relatief lae evaluering van Sistematiese Teologie/Dogmatiek in vergelyking met Etiek en die Bibliologiese vakke is in meer as een opsig veelseggend. Die navorser het in terme van sy vermoedens 'n sterker band hier verwag. 'n Mens sal ook moet rekening hou met iets van 'n reaksie teen die Dogmatiek wat volgens die mening van sommige teoloë vir homself 'n te oorheersende posisie in die huis van die teologie wil beding.

Aan die ander kant is die navorser positief verras deur die hoë prioriteit wat aan die Etiek toegeken is. Dit is van 'n sekere kant gesien ook heel verstaanbaar, want die Praktiese Teologie het in 'n sin 'n meer natuurlike nabyheid aan die lewe eerder as aan die leer.

## Die verband van Praktiese Teologie met nie-teologiese vakke

Dit word algemeen aanvaar dat die Praktiese Teologie, miskien nog meer as van die ander teologiese vakke, 'n ernstige gesprek te voer het met 'n hele paar sogenaamde nie-teologiese vakke.

Die respondente is in die onderhoud gevra om aan te dui watter nie-teologiese vakke hulle beskou as belangrike gespreksgenote vir die Praktiese Teologie. Hulle is verder gevra om te kenne te gee hoe hulle die verhouding tussen die Praktiese Teologie en die ander nie-teologiese vakke sou wou omskryf.

'n Opsomming van die response by beide van die vrae word hieronder gegee in Tabel 11A en 11B.

**Tabel 11A**

| | |
|---|---|
| Sielkunde | 13 |
| Sosiologie | 12 |
| Kommunikasiekunde | 10 |
| Opvoedkunde | 5 |
| Filosofie | 3 |
| Maatskaplike Werke | 3 |
| Antropologie | 3 |
| Politieke Wetenskap | 3 |
| Ekonomie | 3 |
| Geskiedenis | 1 |
| Kuns | 1 |
| Volkekunde | 1 |

**Tabel 11B**

| | |
|---|---|
| Hulpwetenskap* | 9 |
| Interdissiplinêre verhouding* | 4 |
| Nie geantwoord | 10 |

(*Beide die terme word hier as koepelterme gebruik)

Daar was redelike eenstemmigheid by die respondente dat die Praktiese Teologie 'n deurlopende gesprek behoort te voer met sekere nie-teologiese vakke. Van die veertien vakke wat genoem is, staan veral drie uit, naamlik Sosiologie, Sielkunde en Kommunikasiekunde. Die navorser moet tog sy verbasing konstateer dat van die ander vakke, veral Politieke Wetenskap en Ekonomie, so laag getoets het.

## III. Teologiese wortels van die Praktiese Teologie

Een van die doelstellings wat die navorser gehad het met hierdie ondersoek was om die moontlikhede vir 'n meer ekumeniese benadering tot die Praktiese Teologie in Suid-Afrika na te gaan. Een van die basiese vermoedens van die ondersoek is dat wesenlike verskille in benadering van die Praktiese Teologie nie altyd noodwendig saamhang met kerklike tradisie nie. Die navorser het vermoed dat daar ander teologiese keuses is, wat oor kerkverbande heen loop, wat net so diep en selfs dieper sny as kerklike of konfessionele verband.

Die bedoeling van hierdie derde afdeling van die vraelys was om

- data byeen te bring om hierdie vermoede te toets
- en te sien hoe ver hierdie teoloë uit verskillende kerklike tradisies in effek uit mekaar lê.

In die eerste vier vrae wat hieronder volg is die respondente gevra om hulle standpunt ten opsigte van vier baie wesenlike teologiese kwessies weer te gee.

### Verhouding Christus-wêreld

In hierdie vraag word uitgegaan van die vermoede dat die manier waarop 'n teoloog die verhouding Christus-wêreld verstaan, baie belangrike implikasies vir die res van sy teologiese keuses het.

Om te bepaal hoe die respondente die verhouding Christus-wêreld verstaan, is gebruik gemaak van 'n rubrisering wat afkomstig is van Richard Niebuhr (*Christ and culture*) en wat baie wyd erken en gebruik word. Volgens hom kan die verhouding basies op een van vyf maniere verstaan word. Die modelle verskyn by Tabel 12.

Die respondente is gevra om aan te dui by watter een van Niebuhr se vyf modelle hulle die beste aansluiting vind. Die response word weergegee in Tabel 12 hieronder.

**Tabel 12:** *Keuse ten opsigte van Niebuhr se Christus-wêreld model*

| | |
|---|---|
| Christ against culture | 0 |
| The Christ of culture | 0 |
| Christ above culture | 0 |
| Christ and culture in paradox | (2) |
| Christ the transformer of culture | 19 |
| Nie geantwoord | 4 |

Dit is duidelik dat die groot meerderheid van respondente saamstem dat die vyfde model die verhouding van Christus tot die wêreld die beste omskryf. Hierdie is 'n baie betekenisvolle respons omdat die Praktiese Teoloë wat vir dié model gekies het, nie net uit een nie, maar uit uiteenlopende kerklike tradisies kom.

Die vier respondente wat nie 'n keuse maak vir een van die vyf modelle nie, doen dit om verskillende redes. Twee interpreteer Niebuhr se modelle so dat daar na hulle mening te veel met 'n kontras tussen God en wêreld gewerk word. Een van die respondente het te kenne gegee dat hy nie een van die vyf modelle aanvaarbaar vind nie en eerder sou wou praat van "Christ in Culture". Die vierde respondent het geantwoord dat hy hom eerder nie aan 'n keuse wil waag nie omdat hy die implikasies van die verskillende standpunte nie goed genoeg ken nie.

Twee van die respondente het te kenne gegee dat hoewel hulle kies vir die vyfde model hulle onder bepaalde omstandighede ook 'n gevoel het vir die vierde model. Daarom word twee by die vierde model tussen hakies aangedui.

## Kerkbegrip

'n Tweede basiese saak vir die Praktiese Teologie is die kwessie van kerkbegrip. Die navorser se vermoede was dat die keuse wat 'n Praktiese Teologie maak ten opsigte van kerkbegrip, gereflekteer gaan word in 'n hele paar ander keuses wat hy maak.

Weer eens was die vind van algemeen aanvaarbare modelle nie so maklik nie. Na sorgvuldige oorweging is besluit om gebruik te maak van die vyf modelle van Avery Dulles. In 'n relatiewe kort tyd het die skematisering van Dulles wyd inslag gevind in die teologiese wêreld en word dit redelik algemeen gebruik.

Die respondente is gevra om aan te dui watter van die vyf modelle van Dulles vir hulle die aanvaarbaarste is. Die response word weergegee in Tabel 13.

**Tabel 13:** *Keuse ten opsigte van Dulles se kerkmodelle*

| | |
|---|---|
| The church as institution | 0 |
| The churh as mystical communion | 2 |
| The church as sacrament | 1 |
| The church as herald | 2(1) |
| The church as servant | 17 |
| Nie geantwoord | 1 |

Verduideliking: Een van die respondente het verkies om hom nie net met een van die modelle te verbind nie. Hy het 'n kombinasie van 4 en 5 verkies.

Die response op hierdie navraag is volgens die navorser se mening ook uiters betekenisvol. 'n Mens sou met 'n redelike mate van reg keuses hier kon verwag wat die respondente se eie kerklike verband en tradisie reflekteer. In daardie opsig sou dit byvoorbeeld redelikerwys verwag kon word dat die Praktiese Teoloë uit die Gereformeerde tradisie 'n sterk affiniteit vir die vierde model, naamlik die kerk as getuie, sou hê.

Op grond van die response wat ontvang is, sou die stelling gemaak kon word dat die ondervraagde Praktiese Teoloë se kerkbegrip klaarblyklik nie beslissend beïnvloed is deur die kerklike tradisie waarin hulle beweeg nie.

Dat 17 van die 23 Praktiese Teoloë kies vir 'n kerkbegrip wat getipeer sou kon word as "die kerk as dienskneg" is 'n beloftevolle teken van hoop wat as basis sou kon dien vir uiters sinvolle interkonfessionele gesprek en samewerking.

'n Mens moet realisties wees en in gedagte hou dat die 17 teoloë seker nie presies dieselfde begrip het as hulle praat van die kerk as dienskneg nie. Die feit hoef egter nie net as 'n komplikasie aangeteken te word nie. Dit sou in 'n gespreksituasie ook 'n winspunt kon wees.

## Die vraag na die wese van die Christelikheid

Die bedoeling met hierdie vraag was om te sien hoe verskillende teoloë se verstaan van die hart van die Christendom gereflekteer word in ander Praktiese Teologie-standpunte wat hulle inneem.

Die navorser se vermoede was dat 'n teoloog se verstaan van die wese van die Christendom nie anders kan as om sy siening van die kommunikasie van dié Christendom bepalend te beïnvloed nie. 'n Mens sou grond hê vir die stelling dat hierdie vraag meer as enige ander, dié een is waarby teologiese - ook prakties-teologiese weë gewoonlik skei. Meer as by enige ander vraag word 'n teoloog se diepste keuses gereflekteer in 'n antwoord op hierdie vraag.

Omdat geen geskikte sistematisering van die opsies gevind kon word nie, is die vraag oop gestel: "Hoe sou u die klassieke vraag na die wese van die Christelikheid beantwoord?"

Die navorser het gou in die loop van die onderhoude agtergekom dat die vraag te oop en te kompleks is om op hierdie manier te hanteer. Die respondente het dit baie moeilik gevind om bevredigend te antwoord op hierdie vraag op die manier waarop dit gestel is. In latere onderhoude is die vraag daarom noodgedwonge laat vaar.

Dit is baie jammer dat dit gebeur het, want die gesprekke wat oor die saak gevoer is, het dié navorser net meer oortuig gemaak daarvan dat 'n teoloog se standpunt oor hierdie kwessie van deurslaggewende betekenis is vir sy ganse benadering van die teologie en veral die vrae van die Praktiese Teologie. Dit kan nie anders nie, want in hierdie vraag gaan dit oor niks minder as die wesenlike inhoud van die Praktiese Teologie nie.

## Die vraag na die medewerksaamheid van Gees en mens in die Christelike kommunikasie-gebeure

In die teologiese veld wat deur die Praktiese Teologie bestudeer word, naamlik die probleem hoe die heil van God in die wêreld bemiddel of gekommunikeer word, is een van die moeilikste vrae hoé die verhouding God - mens in hierdie werksaamheid verstaan moet word. Almal stem saam dat op die een of ander wyse God en mens beide werksaam is in die heilsbemiddelende gebeure. Die vraag is egter hoé?

Weer eens was die probleem dat daar nie 'n "gestandaardiseerde" skematisering van modelle beskikbaar was nie. Die navorser was aangewese daarop om (met die hulp van een of twee ander teoloë) 'n soort van skematisering te probeer maak van die mees algemene standpunte oor die saak. Die vyf opsies kan gesien word onder by Tabel 14. (Vollediger definisies kan nageslaan word in die Vraelys in die Addendum.)

Die respondente is gevra om op 'n vyfpuntskaal aan te dui in watter mate hulle saamstem met of verskil van elk van die opsies.

Die response was soos volg:

**Tabel 14:** *Keuse ten opsigte van pneumatologiese model*

| Model | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Anabaptistiese model | 8 | 8 | 3 | 1 | 0 | 20 |
| Heiligheidsmodel | 3 | 3 | 5 | 6 | 3 | 20 |
| Lutherse model | 0 | 4 | 5 | 6 | 5 | 20 |
| Katolieke model | 1 | 8 | 5 | 6 | 0 | 20 |
| Universalistiese model | | 0 | 3 | 2 | 12 | 3 |
| Ander: 2 | | | | | | |
| Nie voltooi: 1 | | | | | | |

[Sleutel: 1 = Verskil beslis; 2 = Verskil; 3 = Neutraal; 4 = Stem saam; 5 = Stem beslis saam]

Twee van die respondente het verkies om glad nie op die vyf moontlikhede te reageer nie, maar hulle eie omskrywing te gee. Die een se omskrywing was: Die Gees werk deur mense wat hulself ervaar as ligaaam van Christus. Die ander een se omskrywing was korter en meer oop: Die Gees werk deur mense.

Van die ander respondente het ook verdere definisies geformuleer wat uitdrukking gee aan hulle standpunt oor hierdie saak:

- Die Gees vergesel die Woord. Daarom sal die handelinge van mense spesifiek in die kragveld van die Woord moet geskied.
- God werk waar mense onderdruk word en ly ('n bevrydingsteologiese model).
- God bevry mense om verantwoordelik te kan optree.

Twee van die respondente het te kenne gegee dat die medewerking van God en mens uiteindelik 'n geheimenis is wat nie regtig deur mense nagevors en beskryf kan word nie. 'n Mens sou van geen een van die moontlikhede kon sê dat die respondente oorwegend daarvoor kies nie. Die vyfde model het die meeste steun ontvang. In die model word klem gelê op God se vrymagtige en soewereine werksaamheid in die geskiedenis. Daar was ongeveer ewe veel steun vir die tweede en derde modelle. Die vierde en eerste modelle het die minste instemming van die respondente ontvang.

Die response was min of meer soos wat 'n mens sou verwag. Om die waarheid te sê: die konfessionele lyne was meer herkenbaar as wat die navorser verwag het om te vind.

Die korrelasie tussen standpunte hier ingeneem en die respondente se effektiewe uitgangspunte ten opsigte van hulle bedryf van die Praktiese Teologie is nie groot nie. Die stelling sou gemaak kon word dat wat die respondente sien as hul eie sistematies-teologiese posisie weinig effek het op 'n hele paar van hulle fundamentele prakties-teologiese standpunte.

In die gesprekke het die navorser tussen die lyne deur die indruk gekry dat vir die meeste van die respondente die Sistematiese Teologie met sy eie vrae en problematieke in effek tog ver van dié wêreld lê waarin hulle hul vak bedryf. 'n Hele paar het in die loop van die gesprek ook te kenne gegee dat hulle dit sien as een van hulle grootste probleme dat hulle veels te min tyd het om behoorlik kennis te neem van al die ontwikkelings op die gebied van die Dogmatiek. Die gevolg is in elk geval dat Praktiese Teoloë oor die algemeen minder op hoogte van sistematies-teologiese ontwikkelings is as wat goed is vir die vak.

## Definisie van die vak Praktiese Teologie

Die gedagte met die vraag was dat 'n Praktiese Teoloog se eie definisie van Praktiese Teologie - of die definisie van iemand anders waarby hy aansluit in sy werk - iets sal reflekteer van sy basiese standpunte oor die Praktiese Teologie.

Die vraag is op 'n manier 'n herhaling van die vraag oor die studieveld van die Praktiese Teologie wat hierbo gestel is en is bedoel as 'n kontrolevraag.

Die resultaat van die navraag was dat 12 geantwoord het dat hulle met 'n eie definisie werk, ses werk met 'n leendefinisie en 5 met geen vaste definisie nie.

Die eie definisie wat aangegee is, is die volgende:

- Practical Theology is the critical discipline involved in the dynamic tension in relating the Christian message to the human situation involving the structures of the church for ministry.
- Praktiese Teologie is die teologiese wetenskap wat die bediening van die versoening in sy verskillende gestaltes ondersoek met die oog op die opbou van die gemeente na binne.
- Practical Theology is concerned with theological practice informed by theological reflection.

## Sistematies-teologiese posisie

Die bedoeling van hierdie vraag sluit aan by die vorige vier. Die navorser wou nagaan tot watter mate Praktiese Teoloë se sistematies-teologiese keuses of voorkeure gereflekteer word in hulle prakties-teologiese standpunte.

Twee vrae is by hierdie punt aan hulle gestel. Hulle is in die eerste plek gevra om hulle sistematies-teologiese posisie te omskryf in hulle eie woorde.

In die tweede vraag is van hulle gevra om aan te dui by watter sistematiese teoloë hulle die meeste aansluiting vind.

Die respondente het hul sistematies-teologiese posisie soos volg omskryf:

* vyf het hulle posisie omskryf as "Gereformeerd"
* nege het hulle posisie omskryf as Gereformeerd plus 'n verdere kwalifikasie [Protestants-Gereformeerd, Krities-Gereformeerd, Tradisioneel-Gereformeerd, Gereformeerd-Skrifmatig (2), Gereformeerd-Konserwatief, Bybels-Gereformeerd, Gereformeerd-Evangelies (2)]
* een elk vir die volgende posisies :
  - Neo-Ortodoks
  - Universalisties
  - "Min of meer by die Proses Teologie"
  - Pinkster
  - Ekumenies
  - Ekumenies met simpatie vir die feministiese bevrydingsteologie
* drie van die respondente het verkies om nie 'n antwoord op die vraag te gee nie.

Daar is verder aan die respondente gevra by watter sistematiese teoloë hulle die sterkste aansluiting vind.

* die naam van G.C. Berkouwer word deur nege van die respondente genoem
* die naam van Karl Barth word sewe keer genoem
* die name van H. Bavinck, H. Berkhof en Paul Tillich verskyn vyf keer
* die name van A.A. van Ruler en J.A. Heyns word deur vier genoem
* die name van W.D. Jonker en J. Moltmann word drie keer genoem
* die name van H. Thielicke, D. Bonhoeffer, E. Brunner, G. van Niftrik, O. Weber, J. Calvyn verskyn twee keer elk.
* die volgende teoloë se name word een keer genoem: G. Ebeling, H. Kuitert, O. Noordmans, Maarten Luther, John Wesley, R. Bultmann, H. Kung, H. Breukelmann, David Watson, M. Maddocks, R.R. Reuther, E.S. Fiorenza, E. Schillebeeckx, L. Boff, E. Jüngel, Norman Robinson, D.M. Baillie, A. Kuyper, A. König.



087695

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

- Practical Theology concerns a disciplined analysis of the communication praxis of the church in the light of the Word of God.
- Praktiese Teologie is die teologiese teorie van alle Christelike handelinge wat betrokke is by die bevrydende praxis.
- Praktiese Teologie kan omskryf word as die teologiese teorie van die Christelik-kommunikatiewe handeling wat in staat stel om geloof deur te gee in spraak, simbool en gedrag.
- Praktiese Teologie is die bestudering van die kerk se diens in die lig van die Skrif.
- Praktiese Teologie is die wetenskap wat die kerklike verkondiging bestudeer as diens van die kerk in die wêreld tot opbou van die geloof (2 keer).
- Praktiese Teologie is die teologiese wetenskap wat die toerusting van die gelowiges in verskeie bedieningsgestaltes ondersoek.
- Praktiese Teologie is 'n kommunikasieleer oor God se verbondshandelinge en 'n struktuuranalise van die pneumatologiese ontmoetingsgebeure God-mens met die oog op die ontwerp van die mees effektiewe diensgestaltes van die gemeente.
- Die Praktiese Teologie is die wetenskap wat hom besig hou met die bestudering van daardie handelinge wat gerig is op die verwerkliking en onderhouding van die verhouding tussen God en mens en mens en God in die Here Jesus Christus deur die Heilige Gees, sowel as die gebeure self wat deur bemiddeling van die handelinge plaasvind.

Die definisie wat gebruik word deur die respondente is die volgende:
- kombinasie van Firet en Pieterse (2 keer)
- Firet alleen
- Heitink
- W.D. Jonker
- J.J. de Klerk.

Die gegewens hier verskil nie wesenlik met die wat gevind is by die vroeëre navraag oor die studieveld van die Praktiese Teologie nie.

## Ander praktiese teoloë by wie aansluiting gevind word

'n Persoon se basiese standpunt oor die Praktiese Teologie word gewoonweg ook gereflekteer deur die praktiese teoloë by wie hy volgens eie erkenning aansluiting vind.

Die navraag sou 'n mens ook 'n idee gee wie internasionaal die Praktiese Teoloë is wat die wydste navolging in Suid-Afrika geniet.

Van 'n redelike lang lys name is daar slegs vyf wat deur drie en meer van die respondente genoem word: Firet (6), Clinebell (5), Heitink (4), Faber (3) en Bäumler (3).

By ten minste sewe van die 27 respondente was dit opmerklik dat aangesluit word by 'n Praktiese Teoloog wat nie noodwendig na aan die respondent se eie konfessionele tradisie lê nie.

Die inligting hier het nie veel aangevul by dit wat reeds uit die vorige response afgelei kon word nie.

## Die mees akademies-vooraanstaande praktiese teoloë in Suid-Afrika

Die vraag is aanvanklik bygebring as 'n soort kontroleringsvraag ten opsigte van die seleksie van die respondente. Die navorser het onsekerheid gehad oor die vraag of, as die respondente geneem word uit die beroepsakademici, daar nie dalk verbygegaan word aan belangrike, leidinggewende Praktiese Teoloë wat nie voltyds in die akademie is nie.

My gevoel was dat 'n direkte vraag in dié verband die beste manier sou wees om die punt te kontroleer.

Sestien name is deur die respondente genoem in antwoord op die vraag. Twaalf van die sestien name is tans voltydse Praktiese Teologie-akademici. Twee van die ander is oud-prakties-teologiese akademici. Slegs twee ander name kom voor. Beide die name is deur dieselfde respondente genoem en kom slegs een keer voor.

'n Mens sou met 'n redelike mate van sekerheid kon sê dat in die seleksie van die respondente daar gewerk is met die mees akademies-vooraanstaande praktiese teoloë in Suid-Afrika.

## Ekumeniese samewerking binne die veld van die praktiese teologie

Een van die vermoedens agter die studie was dat die meeste Praktiese Teoloë in Suid-Afrika - hetsy deur eie keuse of as gevolg van omstandighede - hul vak in 'n redelike mate van konfessionele isolasie bedryf.

Die navorser het gemeen dat dit belangrik is om die respondente se mening oor die saak te kry. Daarom is van hulle gevra om op 'n vyfpuntskaal aan te dui tot watter mate hulle saamstem of verskil met die stelling bo genoem.

Daar is ook ruimte gelaat vir kommentaar oor die stelling.

Die response was dat 22 met die stellings saamgestem het en net 1 daarmee verskil het.

'n Mens sou baie beslis agter die respons ook die besef dat hierdie nie 'n goeie of gesonde situasie is nie, kon sien. 'n Hele klomp van die respondente het te kenne gegee dat hulle baie graag meer ekumeniese kontak in die vak sou wou sien - meer nog: dit beskou as 'n dringende noodsaaklikheid.

## Prioriteite vir die vak Praktiese Teologie in Suid-Afrika

Dit is gewoonlik so dat 'n mens se diepste oortuigings beslag vind in die prioriteite wat jy vir jouself formuleer. 'n Navraag oor die respondente se prioriteite, so het die navorser gemeen, sou verdere verheldering oor hulle standpunte en denkrigtings ten opsigte van die Praktiese Teologie kon verskaf.

Dit sou die verdere saaklike wins hê dat, sou daar redelike konsensus wees oor 'n paar prioriteite, dit 'n stimulus en 'n uitnodiging vir beter gekoördineerde navorsing binne die vak kon wees.

Die respondente is gevra om op 'n oop vraag aan te dui wat hulle beskou as prioriteite vir die vak Praktiese Teologie (a) in die algemeen en (b) meer spesifiek in Suid-Afrika.

Die response sou onder vier breë hoofde gerubriseer kon word:

'n Aantal van die respondente het sterk menings gehad in verband met die *wyse waarop die vak akademies beoefen* word.

- Ten minste twee van die respondente (beide Engelssprekend) het gemeen dat daar ernstig gewerk sal moet word aan die status en selfstandigheid van die vak. Die een het die wens uitgespreek dat die vak daarin sou kon slaag "to establish its own credentials". Die ander een hoop dat die vak in die toekoms wyer erkenning sal kry as 'n volledig selfstandige vak.
- Etlike van die repondente is besorg daaroor dat die werk wat deur die vak gedoen word in die geheel op 'n te losse basis is. Daar is te min konsensus oor die basiese doel en filosofie van die vak. Hulle meen dat daar saam gewerk sal moet word aan 'n basisteorie, praktykteorieë en toekomsmodelle vir die vak.

Daar is 'n wye gevoel dat die *teologiese aard* van die werk wat gedoen word in die vak nie afgeskeep moet word nie.

- Twee respondente het eksplisiet die mening uitgespreek dat die Skrif meer aandag sal moet kry as tans in die ontwerp van teorieë.

Die belangrikheid van *kontekstualiteit* is deur 'n groot aantal van die respondente beklemtoon:

- Daar is 'n sterk gevoel van teorieë wat uitgewerk word nie altyd prakties en kontekstueel genoeg is nie en dat die kant van die saak besondere aandag nodig het. Menings soos die volgende is uitgespreek: *Practical Theology should develop a more contextual approach, Practical Theology should become more practical and more contextual,* "navorsing in die vak sal toegespits moet word op die eie leefwêreld", en daar word te dikwels te onkrities gebruik gemaak van bevindinge uit ander kontekste en situasies".

'n Hele paar van die prioriteite wat genoem is lê op die vlak van die *metodiek van die vak:*

- Vier van die respondente het beklemtoon dat empiriese ondersoek op hierdie stadium van uiterste belang is vir die vak. Twee is van mening dat 'n empiriese evaluering van die werklikhede van die situasie waarin gewerk word, nodig is. 'n Ander meen dat empiriese ondersoek waarin ons teologiese teorieë getoets word, veral nodig is.
- Twee van die respondente beklemtoon die behoefte aan 'n eie metodologie of apparatuur vir die vak.
- In die proses van die ontwerpe sal volgens die respondente aandag gegee moet word aan beide teorie en praktyk.

Ander sake wat genoem is, is die volgende:

- Een is van mening dat daar 'n behoefte is aan meer gekoördineerde publikasies.
- Drie van die respondente opper die belangrikheid van Spiritualiteit en die wyse waarop dit beoefen word, vir die vak. Hulle meen dat daar in die toekoms besondere aandag aan hierdie probleem gegee sal moet word.
- Van die ander sake wat uigesonder word vir besondere aandag is die volgende: die prediking, die praktyk van die pastoraat, Koino-terapie, Gemeentebou (2), makrogemeentes, ampspesialisasie, die posisie van die leek in die kerk, bestudering van die veld tussen die teologie en die psigologie.

Wat betref die *situasie in Suid-Afrika spesifiek* is veral die volgende sake uitgelig deur die respondente:

- Goed die helfte van die respondente meen dat Praktiese Teoloë baie goed sal moet kennis neem van die *besondere sosio-politieke samelewingsopset in Suid-Afrika* en deurgaans daarmee sal moet rekening hou in die beplanning van sake. Binne die breë taak sal moet aandag gegee word aan onder andere "Die versoening van aparte gemeenskappe" en "die vraag hoe intergroepkonflik hanteer moet word". "n Volskaalse ondersoek behoort onderneem te word na die rol wat die kerk prakties sou kon speel in die daarstelling van 'n oop, veelrassige samelewing gebaseer op christelike waardes".
- 'n Hele paar van die respondente meen dat *groter ekumeniese samewerking* 'n baie dringende saak is.
- Van die ander sake wat genoem is is die volgende: meer vakpublikasies, 'n sinvoller (minder dilettantiese) gesprek met die ander dissiplines, 'n meer kritiese en minder konfessie-gebonde benadering van die vak, die rol van spiritualiteit in 'n tyd van krisis en verandering.

Die inligting sal volledig gekommentarieer word in Hoofstuk 4.

# Hoofstuk 4

## 'n Oorkoepelende evaluering van die stand van die Praktiese Teologie in Suid-Afrika

### Groeperings of rigtings binne die Praktiese Teologie in Suid-Afrika

Die ondersoek het aangetoon dat daar ten minste drie breë groeperinge of benaderingswyses binne die Praktiese Teologie-veld in Suid-Afrika onderskei sou kon word. Verdelings soos hierdie bevat natuurlik altyd 'n element van veralgemening en willekeur en sou ook op ander maniere gedoen kon word. By die verdeling wat hieronder gemaak word, word uitgegaan van die veronderstelling dat die vraag na die norm van die Praktiese Teologie die kwessie is wat die diepste verdeling van standpunte teweegbring. As 'n ander probleem of verdelingspunt as vertrekpunt geneem word (bv die metodologie of die gerigtheid van die vak), sou 'n mens by 'n verdeling kan uitkom wat heel anders as hierdie een lyk.

Uitgaande van die Praktiese Teoloë se standpunt ten opsigte van die normvraag sou die volgende drie benaderings onderskei kon word: 'n *konfessionele benadering* (wat wil vashou aan die Skrif as die enigste kenbron vir die Praktiese Teologie), 'n *korrelatiewe benadering* (wat die insigte van die Skrif in verband wil bring, wil verryk en wil aanvul met empiriese insigte uit die sekulêre wetenskappe) en 'n *kontekstuele benadering* (wat nog sterker as bogenoemde twee wil aansluiting vind by die situasie).

[a] Die konfessionele benadering is die een wat onder die respondente die mees algemene was. Dit is die groep wat redelike sterk aansluiting gevind het by Jonker se tradisioneel-Gereformeerde definisie van die Praktiese Teologie as synde primêr 'n studie van die Woord vanuit die perspektief van die dienste van die kerk.

In die breë genome sou 'n mens kon sê dat al die Praktiese Teologie departemente van die drie susterskerke asook dié van die familie van NG Kerke binne die raamwerk van 'n sterk konfessionele benadering werk.

Die vernaamste kenmerke van die groep se benadering sou wees:

- 'n sterk klem op die Skrif as die enigste kenbron en norm vir die totale teologie, dus ook vir die Praktiese Teologie;

- vanuit die keuse word die Praktiese Teologie op 'n deduktiewe wyse bedryf as teoretiese teologisering met die oog op die praktyk (die empiriese metode soos byvoorbeeld deur Pieterse, 1986, beskryf, word selde gebruik);
- 'n gerigtheid van die Praktiese Teologie op die kerk en sy dienste;
- in die aanbieding van die vak word baie sterk rekening gehou met die feit dat die (universiteits-) departemente tegelyk ook Seminariums is waar predikante opgelei en afgerig word vir hulle ampswerk.

In terme van oorsese strominge is die natuurlike familie van hierdie groep ie Nederlands-Gereformeerde post-Kuypergroep (waaronder Trimp en H. onker). Tog is daar by sommige lede van die groep 'n openheid teenoor raktiese Teoloë soos Firet en sekere Duitse hermeneutiese Praktiese Teoloë aaronder veral Bohren.

By 'n hele paar van die kleiner Seminariums waar die vak op 'n meer raktiese en ampsgerigte manier aangebied word, sou 'n mens ook kon praat an 'n tipe van konfessionele benadering. Daar word gepoog om baie sterk by ie Skrif as 'n objektiewe norm vir die lewe van die kerk aansluiting te vind. Dit ou egter onbillik wees om te veel te maak van so 'n plasing omdat daar in ierdie inrigtings (vanweë hulle opset) nie altyd veel aandag aan die voorvrae an die vak gegee kan word nie.

[b] Die tweede groep volg wat genoem sou kon word 'n korrelatiewe enadering. Dit bestaan uit teoloë uit verskillende tradisies wat op die een of nder manier wil aansluit by Zerfass ea se omskrywing van die Praktiese 'eologie as teologiese handelingswetenskap.

Die groot Praktiese Teologie departement van UNISA volg dié benadering. Ioewel die departemente van Rhodes en Durban-Westville nie direk by Zerfass aansluit of selfs die naam handelingswetenskap gebruik nie, sou hulle enadering in die breë gesien die beste hier geplaas kon word.

Die algemene kenmerke van hierdie groep is

- 'n oortuiging dat die Praktiese Teologie nie in die eerste plek 'n boek nie, maar 'n handeling of handelinge bestudeer. Die handeling wat bestudeer word, is die kerklike of gelowige se pogings tot kommunikasie van die Evangelie;
- dit is so dat die Skrif hier ook as kenbron en norm gerespekteer word, maar dit funksioneer op 'n indirekte eerder as direkte wyse. Daar word ook veel ruimte gelaat dat die teologiese insigte uitgebrei en verryk kan word uit die geloofservaring en die ander sekulêre menswetenskappe;

- dit het tot gevolg dat hier eerder - in beginsel in elk geval - gebruik gemaak word van 'n induktiewe as 'n deduktiewe metode om die vak te bedryf. Daar word hedendaags by UNISA sterk aansluiting gevind by wat genoem kan word 'n empiriese metode van teologisering;
- hoewel die kerk en sy werk steeds in fokus bly, is die algemene gerigtheid hier tog wyer as by die vorige groep.

Binne dié groep sal egter definitief onderskei moet word tussen teoloë aan die een kant wat nader aan die konfessionele benadering lê en teoloë aan die ander kant wat hulleself meer in simpatie met die kontekstuele benadering sou bevind.

Daar sal in die Suid-Afrikaanse veld ook rekening gehou moet word met 'n derde groep wat kies vir 'n sterker *kontekstuele benadering* van die Praktiese Teologie. Hoewel daar onder die respondente baie min Praktiese Teoloë was wat uitsluitlik hier ingedeel sou kon word, is daar teoloë, wie se siening van die teologie en die Praktiese Teologie in dié rigting lê. Die ondersoek wat onder leiding van John de Gruchy (1988) onderneem is, toon verwantskappe met hierdie benadering. Die ondersoek gaan uit van 'n definisie van Praktiese Teologie wat baie na aan dié van Tracy lê.

Die vernaamste kenmerke van hierdie benadering is:

- Die praktyk of konteks verkry 'n dominante rol in die praktiese-teologiese proses en daar word veel gemaak van 'n dieptekennis van die situasie waarin die Praktiese Teologie bedryf word.
- Praktiese Teologie word bedryf met die oog op die verandering of transformasie (vgl Tracy) van 'n gegewe situasie.
- Nog meer as by die vorige groep is die gerigtheid hier eerder op die wêreld as op die kerk en sy werk.
- Die rol wat die Skrif of tradisie speel, sal wissel van persoon tot persoon. In sommige gevalle sal die Skrif baie selektief gelees word vanuit 'n hoek waar eintlik net gesoek word na sy veranderingspotensiaal. In ander gevalle (soos by de Gruchy self) is die binding aan die Skrif veel meer fundamenteel.

Daar is 'n paar Praktiese Teoloë wat baie moeilik te plaas is in een van die bovermelde groepe óf omdat hulle - bewustelik of onbewustelik - 'n eklektiese benadering tot die vak volg, óf omdat hulle baie na aan die grens tussen twee benaderings lê. Dit is verder ook so dat volgens die indeling dit kan gebeur dat teoloë wat eintlik baie sterk van mekaar verskil, hier in dieselfde groep geplaas word omdat hulle ten opsigte van een saak, naamlik hul standpunt in verband

met die norm van die Praktiese Teologie, min of meer dieselfde posisie handhaaf.

Die vraag *hoe vêr die groepe uitmekaar lê,* is nie eenvoudig om te beantwoord nie. Dit is die navorser se oortuiging dat in vele opsigte die verskille baie minder strak is as wat hy vermoed het. Die rol van belangrike en geloofwaardige *tussenfigure* moet hier nie onderskat word nie.

Die diepste verdelingspunt lê, volgens die navorser se mening, waarskynlik by die manier waarop daar prinsipieel oor die normvraag gedink word. Praktiese Teologieë uit die konfessionele groepering se grootste voorbehoud ten opsigte van die ander twee groepe sou wees dat die Skrif nie meer deur hulle erken word as die hoogste norm vir die Praktiese Teologie nie. Aan die ander kant sal die ander twee groeperinge redeneer, dat die nuwere ontwikkelinge op die vlak van die hermeneutiek uitgewys het dat 'n prinsipiële keuse vir 'n absolute georiënteerdheid aan die Skrif in die praktyk van sake, nog geen waarborg vir 'n werklik Bybelse bediening bied nie. Die verhouding teorie-praktyk is net veel ingewikkelder as dit. Baie meer as wat 'n mens besef, spreek jou konteks, 'n hele klomp van jou lewenskeuse en jou vooroordele mee in hoe jy die Skrif lees, hoor en verstaan.

Dit alles maak dat die Praktiese Teologie ter wille van die saak wat hy probeer dien, dieper sal moet inkyk op die nuwere ontwikkelinge op die terrein van die hermeneutiek. So sal ons beter leer verstaan wat ons aan die doen is, tot groter openheid en eerlikheid gedwing word oor ons voorveronderstellings en ook besef dat die verskillende groepe dalk nader aan mekaar lê as wat ons gedink het.

## Die stand van sake ten opsigte van spesifieke voorvrae van die vak

Hieronder word 'n oorkoepelende evaluering gegee van die standpunte ten opsigte van die vernaamste voorvrae van die vak in Suid-Afrika. Daar sal ook gepoog word om die standpunte te plaas ten opsigte van die internasionale debat.

### *Die gerigtheid van die vak: amp/kerk/wêreld*

Vir sover dit die vraag na die gerigtheid van die vak betref, was daar 'n besondere hoë mate van konsensus (22 uit die 23) onder die respondente dat die Praktiese Teologie in die eerste plek toegespits is op die kerk en sy werk. (Daarby moet egter verstaan word dat die kerk nie sy uiteindelike gerigtheid op die wêreld mag vergeet óf mag verbygaan aan sy taak ten opsigte van die toerusting van die ampte nie).

*die werk in die vak direk of indirek te doen het met die kerk en sy werk in die wêreld ten behoewe van die koms van die Konkinkryk.* In die mate waarin daar mettertyd groter begrip kom vir pluraliteit in die kerk, sal dit makliker wees om sinvol en positief met hierdie realiteit saam te leef.

## *Die studieveld van die vak*

Wat die vraag na die studieveld of taak van die Praktiese Teologie betref, is dit letterlik 'n situasie van soveel hoofde, soveel sinne. Dit was vir die navorser reeds uit die onderhoude duidelik dat daar letterlik nie twee Praktiese Teoloë is wat die taak van die Praktiese Teologie op presies dieselfde manier verstaan nie.

Tog is die navorser van oordeel dat wat die kern van die saak betref, die menings hier nie so ver uitmekaar lê as wat 'n mens met die eerste oogopslag sou vermoed nie. Hoewel dit nie eksplisiet gekontroleer is in die vraelys nie, meen die navorser dat verreweg die meeste Praktiese Teoloë hulle sou kon identifiseer met die stelling dat dit in die Praktiese Teologie gaan om die vorming ( = verandering) van mense, van die kerk en van die wêreld vanuit die evangelie.

Dié vermoede word bevestig deur die manier waarop die saak tans in die literatuur oor die Praktiese Teologie wêreldwyd en in haas alle tradisies en groeperinge ter sprake kom. Hoewel 'n veelheid van formuleringe gebruik word is ditduidelik dat die saak waarom dit gaan, telkens dieselfde is. Wat in die Reformatoriese Teologie tradisioneel heilsbemiddeling genoem is, is wesenlik dieselfde saak wat Tracy later "transformation", Firet "de komen van God", Henk Jonker "waarheidsverwerkliking", Pieterse "Christelik-kommunikatiewe handelinge", Poling en Miller "the formation of persons and communities" en A.D. Muller "die verwerkliking van die koninkryk deur die kerk" sou noem. *Dit gaan in die Praktiese Teologie om die vraag hoe mense, die kerk en uiteindelik ook die wêreld vanuit die evangelie verander kan word om al hoe meer te wees wat God hulle bedoel om te wees. Die navorser sou die versigtig-optimistiese stelling wou waag dat daar in die breë genome, konsensus is oor hierdie stelling.* Hierdie vermoede word bevestig deur Firet wat in sy afskeidskollege (1987) verklaar het dat hy gedurende die afgelope twee dekades 'n algemene konsensus oor die saak sien groei het.

## *Die vraag na die norm van die Praktiese Teologie*

Soos reeds aangetoon is, loop die weë sterker uiteen sover dit die beantwoording van die normvraag betref. In die ondersoek is bevind dat daar nie eens konsensus is oor die vraag of die Praktiese Teologie 'n normatiewe wetenskap is nie. Die probleem word verder gekompliseer deur die feit dat 'n groot getal Praktiese Teoloë 'n baie spesifiek-geformuleerde norm aanvaar as

Vanuit 'n sekere hoek gesien, sou 'n mens die vraag kón vra tot watter mate die stelling in die gedrang gebring word deur die response soos weergegee in Tabel 4. Daar wys 8 van die 23 respondente die akademie (en nie die kerk nie) aan as die primêre konteks vir hulle beoefening van die Praktiese Teologie. Tradisioneel was daar nog altyd groepe binne die kerk wat skepties was oor die vraag of 'n akademiese beoefening van die vak 'n wesenlike bydrae tot die konkrete kerklike bediening kan lewer. Dit is verder ook so dat daar tans in die Praktiese Teologie oorsee 'n beweging weg van die kerk as die fokuspunt van die Praktiese Teologiese arbeid is (vergelyk Firet, Browning).

Dit is die navorser se oortuiging dat dit nie nodig is om die twee response as teenstrydig te beskou nie. Daar is geen noodwendige rede waarom 'n akademiese beoefening van die vak sy kerklike gerigtheid enigsins in die gedrang hoef te bring nie. In Suid-Afrika het 'n mens verder die posisie dat die meerderheid van die universiteitsdepartemente direk aan 'n kerkgenootskap gekoppel is en daarom terselfdertyd as 'n Seminarium funksioneer. Dit veroorsaak dat die Praktiese Teologie as't ware nie anders kan as om op die kerk en sy werk gerig te wees nie.

Poling en Miller stel die punt, onses insien tereg, dat die verskillende kontekste van waaruit die vak bedryf word weliswaar tot verskillende interpretasies kan lei, maar dat dit binne 'n pluralistiese waarheidsbeskouing as 'n pluspunt en nie as 'n minuspunt gereken moet word nie (1985:30). Die geskiedenis het gewys dat dit vir 'n kerklike departement of Seminarium wat benewens die teoretiese besinning oor die vak ook verantwoordelik is vir die beroepsafrigting van die kandidate baie moeilik is om regtig op 'n fundamentele vlak krities te dink oor die kerk en sy werk. Daarom moet Praktiese Teoloë wat binne kerklike konteks werk, besef dat hulle die kritiese bydraes van hulle kollegas wat in 'n primêr akademiese konteks werk, nodig het.

Aan die ander kant sal akademiese Praktiese Teoloë moet besef dat die waarde van hulle bydrae beperk sal wees as dit gedoen word vanuit 'n posisie van totale wantroue in of selfs 'n emansipasie van die faktiese kerk. Kerklike Praktiese Teologiee kan nie anders as om agter die klemverskuiwing vanaf die kerk na die wêreld as die skopus van die werk van die Praktiese Teologie iets van 'n hovaardige ongeduld en geïrriteerdheid met die geïnstitusionaliseerde kerk te herken nie. Eerder as 'n eksklusiwistiese beskouing ten opsigte van die konteks van waaruit gewerk word, sal aanvaar moet word dat Praktiese Teoloë uit al drie die kontekste wat deur Tracy aangewys word, 'n bydrae te lewer het tot die Praktiese Teologie en dat dit alles uiteindelik die kerk en sy werk kan dien. Ook waar Praktiese Teoloë kennelik ontevrede is met die institusionele kerk en daarom sy relevansie afskaal en hom sy rol as draer van die Christelikheid wil ontsê, sal verstaan moet word dat die protes ook ten diepste ter wille van die kerk is. *In die lig hiervan sou die navorser tog die stelling wou maak dat daar 'n redelike mate van konsensus is in die Praktiese Teologie oor die feit dat*

die sjibbolet van die Praktiese Teologie en dat dit die een plek is waar kompromieë buite die kwessie is.

Op hierdie punt is die navorser minder optimisties oor die moontlikheid van 'n breë konsensus-formulering wat betref die Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Die pad hier is 'n veel langer en moeisamer een. Tog moet die vordering wat moontlik is, nie onderskat word nie. Die navorser het tydens die gesprekke oortuig geraak van die feit dat 'n groot deel van die huidige meningsverskil te doen het met wedersydse misverstande en wanbegrip van mekaar se intensies. Soos reeds genoem, sou 'n deeglike kennisname van die nuwe hermeneutiek 'n klomp naiëwe aannames aan beide kante uitwys en ten minste die effek hê dat 'n gesprek oor die werklike verskilpunte op gang kan kom.

As 'n mens gaan kyk na die data, is dit duidelik dat die groot meerderheid (20 uit 23) van die respondente op die een of ander manier wil vashou aan 'n teologiese norm vir die vak. Dit spreek verder vanself dat so 'n norm op sy beurt weer op die een of ander manier moet saamhang met die Skrif en sy boodskap. Die kritiese vraag is egter hoe die Skrif hanteer moet word en hoe sy sentrale boodskap verstaan moet word.

## *Die vraag na 'n metode vir die vak*

Daar is reeds genoem dat die metode-vraag tans seker dié aspek van die Praktiese Teologie is wat, hier te lande en oorsee, die strafste gedebatteer word. Die redes hiervoor is voor-die-hand-liggend: sonder 'n goeie en toepaslike metode kan daar nouliks van sinvolle en gefundeerde wetenskaplike arbeid sprake wees.

As 'n mens kyk na die data uit die verslag vir sover dit dié saak raak, lyk dit asof daar redelike eenstemmigheid by die respondente bestaan ten opsigte van die vraag na die metode van die vak. Agtien uit die 21 wat response gegee het, meen dat wat genoem is 'n kombinasie-metode, gebruik moet word. Onder kombinasie-metode is verstaan 'n metode waar daar vanaf twee kante gewerk kan word, naamlik van empiriese kant, maar ook van teoreties-teologiese kant.

'n Mens moet jou egter nie deur hierdie soort respons laat mislei nie. Binne 'n kombinasie-metode kan meer as een weg opgegaan word. Daarom kan daar ook in die opsig verskille wees wat deur sommige Praktiese Teoloë as van die mees fundamentele verskille tans in die vak beskou word.

Dit hang veral saam met die feit dat hoewel die meeste Praktiese Teoloë in beginsel sal saamstem dat daar van twee kante gewerk moet word, baie min dit in effek doen. Hoewel die data uit die vraelyste ons nie verder help in dié verband nie, bevestig 'n oorsig oor die navorsing wat deur die jare heen in Suid-Afrika in die veld van die Praktiese Teologie gedoen is, dat daar tot kort gelede weinig tereg gekom het van egte empiriese werk in die Praktiese Teologie. Die response bevestig wel dat die situasie aan die verander is. Daar

is baie min Praktiese Teologie wat vandag die goeie reg van die empiriese metode sal wil betwyfel. Dit is egter vir die navorser 'n vraag of die reaksie spruit uit werklike oortuiging of blote prinsipiële verdraagsaamheid. Of al die respondente wat vir 'n kombinasie-metode gekies het, die metode as so waardevol en belangrik beskou dat hulle dit self sal gebruik, is 'n ope vraag.

Een van die mees substansiële Suid Afrikaanse bydraes tot die gesprek oor die voorvrae van die vak word tans op hierdie gebied gelewer deur Pieterse. Hy is besig om na aanleiding van die werk van Zerfass, Firet en Van der Ven 'n eie standpunt ten opsigte van die metode van die vak te ontwikkel. Pieterse is 'n belangrike en gerespekteerde tussenfiguur in die Suid-Afrika veld en 'n mens hoop dat sy werk op hierdie gebied op die duur tot 'n groter konsensus oor die metode van die vak kan lei.

## Die (sistematies-) teologiese wortels van die Praktiese Teologie

Een van die verklaarde oogmerke van die studie was om na te gaan in watter mate 'n persoon se Praktiese Teologiese standpunte bepaal word deur sekere van sy sistematies-teologiese uitgangspunte. Die vermoede van die navorser was dat dit in 'n baie hoë mate gebeur, maar dat dit nie noodwendig verband hou met 'n Praktiese Teoloog se konfessionele of kerklike binding nie. Die vermoede is in 'n redelike mate bevestig deur die ondersoek en die gesprekke wat daarmee saamgegaan het.

Die navorser is van meet af verras deur die sistematies-teologiese "beweeglikheid" van die respondente. Die response het baie dikwels nie in die lyne verloop wat 'n mens van 'n Praktiese Teologie, uit 'n spesifieke konfessionele verband sou verwag of voorspel nie. Sistematies-teologiese puriste sou kon praat van teologiese inkonsekwentheid en selfs skisofrenie. Tog is die navorser oortuig dat die beweeglikheid ook sekere winste met hom meebring. Dit word in die volgende paragraaf verder bespreek.

Die navorser sou versigtig 'n eienaardige soort spanning wou konstateer tussen die prinsipiële standpunt van Praktiese Teoloë oor 'n bepaalde saak en die (materiële) standpunte wat hulle uiteindelik in die praktyk inneem. Daar is in die praktyk 'n groter konfessionele buigsaamheid by die meeste Praktiese Teoloë as wat hulle in beginsel sou wou dink of vermoed van hulself. Die navorser reken óók dít as 'n kredietpunt vir die respondente.

Aan die ander kant is dit wel so dat die sistematies-teologiese standpunte, al hang dit nie presies saam met tradisionele konfessionele verdelingslyne nie, tog 'n rol speel. So het die navorser bv groter meningsverskil verwag ten opsigte van die vrae in verband met Niebuhr se Christus-kultuur modelle en Dulles se kerkmodelle. Die uitgangspunte hier het geblyk oor die algemeen nie so verskillend te wees as wat die navorser vooraf vermoed het nie (meer hieroor by die volgende punt). Dit is baie jammer dat die vraag oor die wese van die

Christenheid nie deurgevoer kon word nie. Van die diepste teologiese verdelings lê waarskynlik op hierdie vlak. Dit sou baie insiggewend gewees het om die respondente se antwoorde op die vraag te sien. Dit is ook jammer dat die respondente se prinsipiële standpunt oor Skrif en Openbaring nie getoets is nie. Rondom die moeilike vraag na die norm van die Praktiese Teologie speel 'n persoon se Skrifteorie (d.i. sy prinsipiële Skrifbeskouing) gewoonlik 'n deurslaggewende rol. Dit sou interessant gewees het as 'n mens die Praktiese Teoloë se response oor 'n Skrifbeskouing sou kon vergelyk met response oor die normvraag.

## 'n Sterker ekumeniese benadering van die Praktiese Teologie?

Die navorser het reeds in Hoofstuk 1 aangedui dat hy kies vir 'n pluralistiese benadering tot die teologie en daarom 'n sterker ekumeniese benadering tot die Praktiese Teologie sien as een van die heel belangrikste prioriteite vir die vak. Een van die oogmerke van die studie was dan ook om na te gaan hoeveel tereg kom van 'n ekumeniese gesprek tussen Praktiese Teoloë en wat die toekomsmoontlikhede van so 'n gesprek sou wees. Verder ook was een van die hipoteses van die studie dat daar om verskeie redes groot moontlikhede is vir 'n meer ekumeniese benadering tot die Praktiese Teologie in Suid-Afrika.

Na aanleiding van die studie sou die volgende stellings oor die saak gemaak kan word:

1. Op 'n enkele uitsondering na het al die respondente gemeen dat daar tans te min tereg kom van ekumeniese kontak binne die veld van die Praktiese Teologie in Suid-Afrika.

2. Dit is duidelik vir die navorser dat die meeste van die Praktiese Teoloë gemeen het dat dit 'n ongesonde situasie is, wat nie maar daar gelaat kan word nie. In die onderhoude en ook by die response oor die prioriteite vir die vak, het geblyk dat 'n hele paar van die respondente die dringendheid van die saak terdeë besef.

3. Dit was vir die navorser uit die vraelys en die onderhoude duidelik dat 'n ekumeniese gesprek tussen Praktiese Teoloë baie belowende resultate sou kon lewer omdat Praktiese Teoloë in die loop van so 'n gesprek sal uitvind dat die diepste verdelingslyne in die Praktiese Teologie in Suid-Afrika nie noodwendig verband hou met die tradisioneel-kerklike verdelings nie. *Dit is myns insiens een van die belangwekkendste bevindings van die ondersoek dat mense wat in beginsel veronderstel is om dogmaties van mekaar te verskil, in die praktyk van die kerklike bediening gaan agterkom dat hulle verskille minder fundamenteel is as wat hulle gemeen het.*

Dit was byvoorbeeld opvallend (en verblydend) om te sien hoe voorgeskrewe leeslyste van baie departemente en seminariums wemel van werke uit ander konfessies en tradisies as die eie. Dit bevestig dat die behoefte en sin van ekumeniese gesprek reeds besef word en iets daarvan inderdaad ook beoefen word al is dit dan op selektiewe wyse.

4. Die navorser is verder baie positief verras deur sommige van die response by die gedeelte wat handel oor die teologiese wortels van die Praktiese Teologie. Dat 19 van die 23 respondente te kenne gee dat hulle in die eerste plek oor die kerk dink as 'n dienskneg, is 'n feit wat roep na gesamentlike besinning. Ook die hoë mate van konsensus wat daar was dat Niebuhr se tranformasiemodel die verhouding Christus-kultuur die beste omskryf, is veelseggend en bied 'n baie sterk gemeenskaplike basis vir ekumeniese gesprek oor die taak van die kerk. *Die navorser wil dit stel dat sy stoutste verwagting oortref is deur dié twee response en dat hy gesterk is in sy oortuiging dat 'n ekumeniese gesprek binne die Praktiese Teologie moontlik is en baie positiewe resultate vir die teologie en kerk sou kon lewer.*

5. As dit gesê is, moet egter weer onmiddellik bygevoeg word dat 'n mens nie te gou naïef optimisties moet wees oor 'n ekumeniese gesprek of samewerking nie. Ervaring het geleer dat dit op sy beste 'n moeitevolle, langsame en veeleisende proses is. Daar is geen rede om te dink dat die soort gesprek binne die veld van die Praktiese Teologie anders sal verloop nie. Wie die weg van die ekumene op hom neem, moet geduldig wees en weet dat hy iets van 'n lydensweg op hom neem. Tog glo die navorser dat daar nie teruggedeins moet word vir die uitdaging nie.

Dit is verder waarskynlik so dat 'n dosent in Praktiese Teologie (d.i. die groep waarmee hier gewerk is) 'n beter insig in die noodsaaklikheid van ekumene sal hê as die deursnee predikant of praktiker. Dit is nie deur die ondersoek gekontroleer nie, maar die navorser vermoed dat daar onder baie praktikers 'n ontstellende nonchalante houding oor ekumene bestaan. Dit maak die onus wat ten opsigte van dié saak op die Praktiese Teoloë rus, soveel groter.

6. Dit blyk telkens weer dat daar by baie mense misverstande is oor die prosedures van 'n ekumeniese gesprek. In 'n ekumeniese gesprek word van niemand gevra om sy verstaan van die waarheid totaal op te skort en as 'n soort tabula rasa homself te gee vir 'n totaal nuwe waarheid nie. So 'n verwagting sou nie alleen onbillik en onwenslik wees nie, maar ook onrealisties en onmoontlik. Geen mens kan so omgaan met die waarheid nie. In 'n ekumeniese gesprek is jou eie verstaan van die waarheid nie 'n struikelblok nie, maar jou bydrae tot die poel van kennis en insigte.

Wat wel gevra word in die ekumeniese gesprek is nederigheid wat pas by die geloof en wat weet dat die waarheid van die evangelie te groot is vir een mens of selfs een kerk om in sy totaliteit te omvat en te dra. Ekumeniese teologie

begin by die erkenning dat wat ek verstaan van die waarheid ten dele is en dat ek die gesprek met die broers en susters nodig het omdat die kerk die volle waarheid alleen besit in die gemeenskap van die gelowiges.

## Die toekoms van Praktiese Teologie in Suid-Afrika: Prioriteite

### *Beter wisselwerking tussen groeperings*

Die belangrikheid van ekumeniese gesprek binne die veld van die Praktiese Teologie in Suid-Afrika is reeds in die vorige punt beredeneer. Daar is genoem dat die vraelys aangetoon het dat die belangrikheid van die gesprek inderdaad deur die respondente besef word. Daar is ook redes aangevoer waarom die navorser meen dat so 'n gesprek nie alleen moontlik is nie, maar daar met reg veel van verwag sou kon word.

Wat is die huidige stand van sake? Aan die positiewe kant moet opgemerk word dat die verdeling tussen die groeperings baie vloeiend is en dat daar veral tussen die eerste twee groepe heelwat tussenfigure is wat sorg vir gesonde wisselwerking en gesprek. Die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika vervul in dié verband ook 'n baie positiewe funksie. Die Werkgemeenskap bestaan uit lede van verskillende kerke en bied by sy vergaderings goeie geleentheid tot kruisbestuiwing. 'n Derde positiewe punt is dat ten opsigte van literatuur daar oor die algemeen 'n baie groot openheid en gewilligheid is om van teoloë uit ander tradisies te leer. As 'n mens hierdie punt in ag neem is dit in feite so dat 'n hele klomp mense (hiermee word nie die respondente nie, maar praktikers in die bediening bedoel) waarskynlik in praktyk meer ekumene bedryf as wat hulle hulself in beginsel sal gun!Ons is net meer afhanklik van mekaar en meer aangewese op mekaar as wat die meeste van ons besef.

Aan die negatiewe kant is daar egter ook 'n paar faktore. Dit is net 'n feit dat tradisionele konfessionele verskille in beginsel baie diep sit en moeilik gerelativeer word. Dit gaan gewoonlik ook gepaard met agterdog en wantroue ten opsigte van andersdenkendes wat 'n ekumeniese gesprek natuurlik nie makliker maak nie. Dit is in die tweede plek ongelukkig so dat die WGPT hoofsaaklik bestaan uit Afrikaanssprekende teoloë uit die drie Gereformeerde Susterskerke. Van 'n diepgaande gesprek met Engelssprekende Praktiese Teoloë of Praktiese Teoloë uit die Swart Kerke kom daar baie weinig tereg. Dit is verder ook so dat die kloof tussen die eerste twee groepe minder diep loop as die kloof wat hierdie twee groepe van die derde groep skei. Hier het 'n mens te doen met die realiteit van ideologiese en emosionele politieke verskilpunte wat in die praktyk dikwels nog moeiliker is om te relativeer as konfessionele verskille. Dit is vir die navorser ook 'n vraag hoe sterk die wil tot en behoefte aan ekumene werklik is. Dit is een ding om die belangrikheid ven ekumeniese skakeling en gesprek in beginsel te erken, maar nog weer iets totaal

anders om jouself inderdaad in te laat vir die moeite en inspanning wat hierdie soort gesprek van 'n mens vra.

Oor die resultate van so 'n gesprek moet 'n mens waarskynlik nie ooroptimisties wees nie. Waar tradisionele verskilpunte gerelativeer word, word daar gewoonlik nuwes ontdek in die loop van 'n gesprek. Die navorser is oortuig dat dit ook die ervaring hier sal wees.

Al die probleme en struikelblokke ten spyt, kan die Praktiese Teologie onmoontlik met 'n goeie gewete nalaat om die gesprek op hom neem. As dit gebeur, moet ons weet, sal nie alleen die waarde van ons werk nie, maar ook die integriteit waarmee ons dit gedoen het in die gedrang wees. Ons wat die kerk as opdrag het, behoort te weet dat die kerk van Jesus Christus na sy diepste wese een en algemeen is.

## *Noodsaaklikheid van kritiese denke*

McCann en Strain beweer dat die gevaarlikste fout vir die Praktiese Teologie daarin lê dat hy nie genoeg distansie van die geïnstitusionaliseerde kerk kry nie. Daarom verval hy dikwels in die versoeking om bloot die bestaande bediening en praktyke van die kerk wat hy direk dien, te kontinueer met of sonder geringe aanpassings. 'n Mens kan begryp dat so iets maklik kan gebeur. Praktiese Teoloë sal moet verstaan dat hulle, meer as enigiemand anders, die taak het om krities te kyk na die kerk en sy bestaande bedieningspatrone en -praktyke.

Hoewel die kritiek na twee kante moet sny en beide die teorie en praktyk van die kerklike bediening moet aanspreek, lê die primêre taak van die Praktiese Teologie tog op die vlak van die formulering en herformulering van bedieningstrategieë of wat Firet genoem het praktykteorieë.

Die praktikers van die kerk moet op 'n deurlopende basis gehelp word om die implisiete teorie agter hulle praktyk te artikuleer, dit teologies te toets en 'n nuwe teorie te formuleer. Die taak van die Praktiese Teologie is dus om die kerklike praktiker te help verstaan wat hulle besig is om te doen en om dit saam met hom prakties, maar ook veral teologies te evalueer en te toets.

Omdat kritiese denke in die Praktiese Teologie altyd in die eerste plek teologies-kritiese denke beteken, kan die navorser nie anders as om met W.D. Jonker saam te stem dat 'n teologiese radikalisering van die vak noodsaaklik is nie. Die Praktiese Teoloog mag nooit die afleiding maak dat omdat die teologie wat hy bedryf, Praktiese Teologie genoem word, dit minder teoreties suiwer of erger nog, minder teologies hoef te wees nie. Daarom sal die navorser ook met Bohren kan saamstem as hy sê dat daar 'n sin is waarin die beste voorbereiding vir die Praktiese Teologie 'n deeglike kennis van die totale teologie is (1964:23).

Kritiese denke het natuurlik ook alles te doen met die wetenskaplikheid al dan nie, van die wyse waarop 'n vak beoefen word. Van die sterkste tradisionele

voorbehoude oor die wetenskapsgehalte van die werk wat in die Praktiese Teologie gedoen is, het gelê op hierdie vlak. Dit is verblydend dat hierdie saak vir 'n hele klomp van die respondente een van groot erns is.

Die feit dat baie Praktiese Teologie departemente by hierdie kritiese funksie ten opsigte van die kerk, ook mede-verantwoordelik is vir die beroepsopleiding en nog meer spesifiek vir die toerusting en afrigting van die kandidate vir hulle praktiese ampsvervulling, bemoeilik die saak natuurlik aansienlik. In gesprekke tydens die ondersoek het die navorser onder die indruk gekom van die feit dat hulle program so beset word deur die eise van beroepsopleiding en -afrigting dat daar weinig tyd oorbly vir sistematiese en konstruktiewe krities-teologiese denke oor die werk van die kerk. Behalwe die tydsfaktor is dit ook so dat die breedte van die opdrag - om mense op te lei en vaardig te probeer maak vir 'n bediening waarmee jy nie altyd saamstem nie - nie deur almal ewe maklik hanteer word nie.

In die praktyk is dit egter so dat daar weinig te doen is aan die situasie dat Praktiese Teologie ook afrigting van praktici tot taak het. Gelukkig het die situasie ook sy voordele. Die kerklike Praktiese Teologie word op so 'n wyse geforseer om baie na aan die praktyk te teologiseer. Daarmee behoort die gevaar van teologiese denkgimnastiek kleiner te wees. As die kerklike Praktiese Teologie hierdie veeleisende taak op hom neem, kan dit hopelik gebeur dat die voordele van die situasie sodanig benut word, dat dit op 'n manier kan kompenseer vir die nadele. Verder beklemtoon die dilemma ook weer die feit dat die kerklike Praktiese Teologie sy "akademiese" eweknie wat nie direk by beroepsopleiding betrokke is nie, en dus meer konstruktief met teologies-kritiese denke besig kan wees, langs hom nodig het.

## *Noodsaaklikheid van kontekstualiteit*

Een van die sake wat deur sowat die helfte van die respondente aangewys is as hoogste prioriteit vir die Praktiese Teologie tans in Suid-Afrika, is die behoefte aan 'n werklik kontekstuele bedieningspraktyk. Dit kan so maklik gebeur dat die tradisionele bediening van die kerk nie die werklike knelpunte en noodvrae van die situasie adresseer nie. Die dringendheid van hierdie saak is verder beklemtoon deur die stigting van 'n nuwe Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie.

Die geskiedenis bevestig die legitimiteit van hierdie vrees. Die tweede grootste fout naas 'n kerklike bediening wat nie meer 'n heilsbediening is nie, is 'n bediening wat nie ter sake is nie, omdat dit nie met die onderskeidende en sensitiewe oog van die Heer na die wêreld kyk nie. Dit is verder so dat 'n krisistyd soos wat ons tans in Suid-Afrika beleef, nie noodwendig die kerk se oordeel oor hierdie sake verbeter nie. Dit kan baie maklik in hierdie soort situasie gebeur dat die kerk die werklike dieper vrae van die tyd so vrees en so

ontoegerus voel daarvoor dat hy dit in die geheel net makliker vind om, solank hy kan, in 'n tradisionele bedieningspraktyk te volhard.

Om in 'n krisistyd te weet wat die werklike vrae van die situasie is en waar die diepste nood lê, is nie maklik nie. Om te besluit waar en hoe die kerk sy genesingswerk in so 'n situasie moet verrig, is nog moeiliker. Dit word bevestig deur die uiteenlopende analises, interpretasies en remedies wat tans deur gerespekteerde en goedbedoelende teoloë op die Suid-Afrika situasie nagehou word.

In die Suid-Afrika opset kan die Praktiese Teologie nie indringende gesprek oor die sosio-maatskaplike en politieke situasie ontloop nie. Ons sal moet aanvaar dat die probleem vir baie jare vorentoe op die agenda van die Praktiese Teologie in Suid-Afrika sal bly. Dit beteken ook dat enige bediening wat nie die sosiale en politieke situasie in Suid-Afrika in ag neem en op 'n verantwoorbare wyse verdiskonteer nie, ernstig bevraagteken moet word. Dit behels aan die ander kant natuurlik ook nie weer 'n keuse vir bepaalde politieke oplossings vir die situasie nie. Die oplossing is op 'n manier nog weer 'n tweede saak. Eers sal ons met mekaar moet saamstem oor die probleem. Dit is eers as ons tot 'n konsensus gekom het oor die omvang en aard van die probleem, dat ons sinvol saam sal kan begin soek na 'n weg vir die kerk in die situasie.

Die feit aksentueer weereens die dwaasheid van die gedagte dat 'n kerk, 'n groep of selfs 'n groep Praktiese Teoloë op hul eie sonder enige gemeenskap, gesprek of raadpleging van ander groepe en kerke kan en wil besluit wat die werklike probleme en nood van die situasie is. Ook ten opsigte van die eis van kontekstualiteit, sal Praktiese Teoloë in Suid-Afrika moet weet dat hulle hul taak nie met verantwoordelikheid in isolasie van mekaar sal kan volvoer nie.

### *Noodsaaklikheid van genormeerdheid aan die Skrif/Evangelie*

Daar is reeds aangevoer dat die kwessie van die normvraag 'n baie belangrike en sensitiewe probleemveld in die Praktiese Teologie is. Die navorser het reeds die stelling gemaak dat ons in die normvraag waarskynlik te doen het met die gewigtigste verdelende faktor in die Praktiese Teologie. Hierdie vermoede word gereflekteer in die response en is vir die navorser bevestig in die onderhoude en opvolggesprekke wat met Praktiese Teoloë gevoer is.

Dit is vir die navorser duidelik dat 'n indringende en oop gesprek oor hierdie saak nie vermy kan of moet word nie. In so 'n gesprek sal veral die volgende aspekte of probleme aandag moet kry.

1. Daar sal uitgewys moet word dat nie alles wat aangebied word as Skrifgefundeerde Praktiese Teologie of as 'n Bybelse fundering van die een of ander aspek van die Praktiese Teologie, dit inderdaad is nie. Daar sal erken moet word dat die hele saak van Skrifgetrouheid soms op 'n baie naïewe en simplistiese wyse hanteer word. Daar sal toegegee moet word dat die saak van

Skrif- en normhantering in die Praktiese Teologie nie afgehandel is as 'n paar tekste (gewoonlik in die eerste hoofstuk van 'n prakties-teologiese studie!) baie selektief en op die klank af geëksegetiseer word nie. As genormeerdheid aan die Skrif en sy boodskap nie méér beteken as dit nie, kan dit ook maar gelaat word. Ons sal moet weet dat Praktiese Teologie van ons baie meer vra as die oppervlakkige aanwending van Bybeltekste.

2. 'n Deeglike kennisname van die nuwe hermeneutiek sal weliswaar nie al die vrae kan oplos nie, maar kan ten minste help om die probleem beter te begin verstaan. In die nuwe hermeneutiek is aangetoon hoe 'n gekompliseerde en verwikkelde saak die verstaan van die oënskynlik eenvoudigste teks kan wees. Wat veral duidelik uitgewys is, is die feit dat dit haas onmoontlik is vir enige mens om 'n teks ten volle objektief (d.w.s. los van sy eie verstaanshorison) te lees. Dit ís net so dat elkeen van ons, ook diegene wat probeer om dit nie te doen nie en verseker diegene wat oortuig is daarvan dat hulle dit nie doen nie, 'n groot deel van ons eie ervaring, ons konteks, ons eie voorverstaan van die Skrif en sy boodskap met ons saam neem as ons na die Bybel luister.

3. Die realiteit hiervan mag ons egter nooit daartoe bring om die feit dat die Skrif in ons lewe as 'n norm of riglyn wil funksioneer, te misken of as 'n onhaalbare ideaal prys te gee nie. Die ingewikkeldheid van die proses ten spyt, sal die Praktiese Teologie dit op hom moet neem om die Skrifte weer en weer en weer te lees. Hy mag nooit ophou daarmee nie, omdat op hierdie terrein daar nog 'n ingrypender irrelevantheid dreig as ten opsigte van die kontekstualiteitsprobleem.

Omdat dit in die Praktiese Teologie gaan om die bediening van die heil, die verwerkliking van die waarheid, die kommunikasie van die evangelie, om niks minder as die koms van God self nie - in alle geval iets waaroor ons nie beskik nie en nooit kan beheer of besit nie - sal ons onsself en ons bediening altyd weer op hierdie punt krities moet ondersoek in die lig van die Skrifte wat, so het die kerk deur die eeue geglo, kanoniek oor 'n saak praat.

4. By die saak van die regte verstaan van die Skrif en sy boodskap, kom die ekumene weer ter sprake. Op die weg waar 'n mens die Skrif weer en weer lees in 'n poging om dit te verstaan, neem die gesprek met die broers en susters in die geloof 'n baie belangrike plek in. 'n Mens kan nie hoop om die waarheid in isolasie van ander gelowiges of kerke of teoloë te verstaan nie. Ons leer die waarheid ken as ons met ander in gesprek gaan oor hoe ons die Skrif en sy boodskap moet hoor. Juis dit maak die opskorting van gesprek en gemeenskap met ander Christene en ander teoloë ter wille van die waarheid so 'n moeilike en riskante saak. Op 'n manier is dit waar dat daar geen beter versekering teen leerdwalinge is as 'n baie wydlopende ekumeniese gesprek met andersdenkende Christene nie.

5. Op 'n praktiese vlak sal daar ook besin moet word oor die hoedanigheid van Skrif of normhantering in die Praktiese Teologie. Daar is baie meer

onduidelikheid en onsekerheid oor die saak as wat allerweë erken word. Dit was nog altyd deel van die navorser se onbehae met die tradisionele gereformeerde omskrywing van die Praktiese Teologie as basies *'n bestudering van die Skrif* vanuit die hoek van die kerk se dienswerk in die wêreld. My probleem is nie met die gedagte of ideaal nie, maar met die feit dat in die praktyk, as die messe klaar geslyp is en die vleis gesny word, die produk se gehalte nie is wat 'n mens sou verwag van so 'n goeie en hoë naam nie.

Daar is reeds verwys na die tradisionele manier waarop die saak gehanteer is, naamlik dat daar byvoorbeeld in 'n eerste hoofstuk van 'n studie oor die pastoraat 'n paar tekste ter sprake gebring word waarin die woord herder voorkom. Dit gaan nie daaroor dat dit as sodanig verkeerd is of nie gedoen mag word nie, maar dit alleen is nie genoeg nie. Skrifgenormeerdheid móét méér beteken as dit.

'n Mens word 'n entjie verder gehelp as Jonker elders sê dat die Praktiese Teologie se eiendomlike taak die vertolking van die Woord is. Hier gaan dit nie meer om die aflees van klein besonderhede uit spesifieke tekste nie maar daaroor dat die Praktiese Teologie verantwoordelikheid aanvaar vir die bediening van die saak waaroor dit in die Skrifte gaan, naamlik die evangelie of boodskap van die Skrif. Dit ontsê hom nie van die verantwoordelikheid om ook die tekste te lees nie, want so alleen groei hy in die kennis en in die vermoë tot herkenning van die waarheid. Verder sal die Praktiese Teologie ook die taak hê om die Skrif baie noukeurig te lees met die oog op sy eiendomlike opdrag, naamlik die vraag hoe die heil van die evangelie op die beste manier in die wêreld bemiddel kan word. Onder andere sal die geskiedenis van die ampte en ander draers en boodskappers van die heil nagegaan en geïnterpreteer moet word. Die rol en werking van die kerk as draer van die evangelie sal ondersoek moet word. Daar sal gepoog moet word om die geskakeerde modi van die heilbediening in terme van ons situasie te verstaan en te gebruik.

'n Gesprek oor die Skrifgenormeerdheid van die Praktiese Teologie sal egter ook verder moet gaan. Dit sal ook uitsluitsel moet gee oor die vraag of dit wat die Bybel oor die heilsbemiddeling sê, as absolutes of as voorbeelde hanteer moet word. Kan die praktyk soms ander ampte as dié wat in die Skrif genoem is, regverdig? Kan dit gebeur dat 'n kerk in 'n gegewe situasie kan besluit dat die prediking as modus van bediening uitgedien is? Kan die kerk hom begewe in nuwe bedieninge wat nie iewers *expressis verbis* in die Skrif genoem word nie? Bevat die Skrif letterlik alles wat vir die Praktiese Teologie nodig en goed is om te weet, of is dit so dat die Skrif slegs kontoere aangee, 'n baan wil skep, 'n koers wil aandui of, minder nog, net die gedagtes wil prikkel en so 'n kreatiewe proses opgang wil bring wat uiteindelik sy eie lewe kan begin lei? Dit is natuurlik 'n feit dat elke Praktiese Teoloog in alles wat hy doen en in die manier waarop hy dit doen, daagliks indirek 'n antwoord op bg vrae gee. Dit maak die noodsaak vir 'n oop gesprek hieroor net nog belangriker.

## *Meer aandag aan oorhoofse realisering van kerk-wees*

As daar een saak is wat in die loop van die studie vir die navorser duidelik geword het, is dit dat die Praktiese Teologie te min besin oor die oorhoofse realisering van kerk-wees. Die manier waarop die vak meestal aangebied word, het mettertyd daartoe meegehelp dat daar te gou, te veel aandag aan die onderskeie deeldissiplines gegee word en dat konstruktiewe besinning oor die totale kerk as sodanig grootliks agterweë gebly het. Dit is belangrik om te weet dat die kerk meer is as 'n optelsom van sy deelaktiwiteite. 'n Baie wesenlike saak word aan die toeval oorgelaat, as daar nie sistematies en krities oor die kerk en gemeentefunksionering as sodanig nagedink word nie.

Wat die navorser in dié opsig bepleit, lê in die verlengde van wat deur Firet (1974: 109) die grondvorm van alle pastorale optrede genoem is, naamlik die versamelde gemeente. Hierdie aspek moet selfs nog wyer geneem word as wat Firet dit stel. Dit is die basis van alles wat gebeur in deelbedienings (so by Firet), maar ook weer die resultaat of doel van alles wat gebeur.

Die huidige belangstelling in Gemeentebou in die NG Kerk in Suid-Afrika spruit uit hierdie leemte en bedoel om die saak te probeer regstel. Daarom moet die opkoms (of herlewing) van dié (deel?)-vak positief begroet word. Dié vak sal egter breër uitgebou moet word en in die proses sal daar beslis met 'n paar voorwaardes rekening gehou moet word:

1. Alle betrokkenes moet help om toe te sien dat die vak nie strand omdat dit op die duur nie die ban van 'n pragmatistiese benadering kon afskud nie. Tans gaan die vak ernstig mank aan 'n deeglike teologies-kritiese begronding. Omdat die vak uit die praktyk opgekom het en deur sy beoefenaars ervaar word as iets wat "werk", word die behoefte aan teologiese besinning ook nie juis gevoel nie.

2. Empiriese en beskrywende studies is in dié verband baie belangrik. Die kerk moet weet wie en wat hy en sy mense in feite is; die kerkleiding of gemeentebroupraktikers sal gehelp moet word om te verstaan wat hulle besig is om te doen en watter keuses hulle in die proses maak. Daarvoor is beskrywende studies waarin die onderliggende teorieë van gemeentebou geartikuleer word, baie belangrik.

3. Die gemeentebouproses sal telkens weer krities getoets en geherformuleer moet word in die lig van Bybelse kerkmodelle. Dit maak eerstens die ontwikkeling van 'n toetsinstumentarium 'n saak van dringendheid. Hopewell het gewys hoe verwikkeld die saak van gemeente-evaluering is. Nie alle verslae wat bedoel om iets te vertel wat in 'n kerk gebeur, kry dit reg nie. Daar is 'n sin waarin blote statistiese gegewens of 'n beskrywing van 'n kerk se programme en bedienings nie die wese van die verhaal of toestand van so 'n gemeente vertel nie.

Verder sal die proses waarmee Avery Dulles begin het, naamlik 'n sistematisering en rangskikking van die geskakeerde Bybelse en historiese kerkvisies, in modelle uitgebou en aangevul moet word in medewerking met Bybelse, Dogmatiese en Kerkhistoriese teoloë. Die navorser sien dit as een van die opwindendste uitdagings vir die Praktiese Teologie in die volgende dekades. Praktiese Teoloë sal aan die hand van die geformuleerde kerkvisies selfstandig die verdere treë na die ontwerp van strategieë of middelaksiomas vir kerk-wees moet gee. Die beskrewe gemeente-teorieë kan op 'n deurlopende basis aan die kerkvisies en -strategieë getoets word.

[Die saak sal verder beredeneer en ontwikkel word in Hoofstuk 5.]

4. As die proses op dreef kom en die Praktiese Teologie sy verantwoordelikheid vir 'n praktiese ekklesiologie aanvaar, sal daar ook mettertyd oor die plek, funksie en aard van die kerkreg gepraat moet word. Die huidige stand van sake in onder andere die Gereformeerde wêreld, naamlik dat die kerkreg los van die Bybelse en Sistematiese vakke en - erger nog - los van die Praktiese Teologie 'n eie lewe lei in die sogenaamde Ekklesiologiese vakkegroep, is nie sonder gevare nie. Ervaring het geleer dat die kerkreg dikwels nie 'n hulp nie, maar 'n belemmering op die weg na kerkvernuwing is.

Daar sou 'n saak uitgemaak kon word dat die Praktiese Teologie die funksie van die Kerkreg behoort oor te neem. As die Praktiese Teologie in die praktyk daarin kan slaag om sy vak werklik teologies-krities te bedryf, sou daar baie sin in wees. Tot tyd en wyl moet aanvaar word dat die huidige situasie nie sonder voordele is nie. Maar dit is wesenlik dat die Kerkreg die kontekstualiteit van sy taak reg sal begryp en daarom baie na aan die praktyk van die gemeentelike lewe beoefen sal word. Die Kerkreg sal verder ook moet onthou dat hy in die geheel 'n diensfunksie in die kerk vervul en nie vanuit 'n eie stel uitgebreide reëls die kerklike lewe moet probeer reguleer of regeer nie. In 'n sekere sin is dit in die kerk ook waar dat hoe minder (menslike) regering daar is, hoe beter. Ons sal voortdurend moet onthou dat orde in die kerk juis beteken dat daar ruimte en vryheid vir die Gees moet wees.

5. Dit is baie belangrik dat die besinning oor die oorhoofse realisering van kerkwees nie uiteindelik maar weer gereduseer word tot 'n deelvak in die Praktiese Teologie en aan 'n paar spesialiste toevertrou word nie. As daar ooit iets in die Praktiese Teologie was wat 'n spanpoging geverg het, is dit hierdie saak. Die operasionalisering van 'n kerkvisie en kerkstrategieë sal bedryf moet word as die uitgangspunt en die fokuspunt van die totale prakties-teologiese arbeid.

## *Aandag aan etiek*

Dit is baie interessant dat die respondente die etiek se verwantskap aan die Praktiese Teologie hoër geag het as dié van enige ander teologiese vak. Daar sit 'n sekere noodwendigheid in hierdie keuse omdat die etiek net soos die Praktiese Teologie 'n direkte afgestemdheid op die praktyk van die Christelike lewe het of ten minste behoort te hê.

Dit klop ook met die jongste ontwikkelinge rondom die Praktiese Teologie in die VSA. Oor jare heen al voer Don Browning (1976, e.a.) 'n baie ernstige stryd vir 'n noue binding van die Praktiese Teologie aan die etiek. In die jongste tyd is sy betoog versterk deur die prakties-teologiese model van McCann en Strain wat weer die belangrikheid van die Sosiale Etiek vir die Praktiese Teologie beklemtoon.

Die punt waaroor dit hier gaan, is dat dit nooit mag gebeur in die kerk dat die kerklike bedieningspoging so uitgroei en verselfstandig word dat die gewone Christelike lewe van die lidmate in die skadu gestel en oorwoeker word daardeur nie. Dié saak is belangrik omdat ons nie hier met 'n bloot fiktiewe gevaar te doen het nie. Die geskiedenis is vol van voorbeelde waar die kerk in sy ywer (?) om die heil te bring en die vordering van die kerk te promoveer hom soms laat bedien het van metodes wat die evangelie, die evangeliese lewe en die Bybelse konsepsie van reg en verkeerd nie waardig was nie. Browning (1976) het aan die hand van die Amerikaanse "Pastoral Care Movement" aangetoon hoe maklik dit kan gebeur.

Die Praktiese Teologie sal vir sy vak die beginsel moet aanvaar dat 'n bedieningsteorie op geen manier die beginsel of praktyk van die Christelike Etiek mag weerspreek of enigsins in die gedrang mag bring nie. Vir die heil wat die Praktiese Teologie hoop om te kommunikeer en te bemiddel om werklik Christelike heil te bly, is die verband met die etiek wesenlik en kardinaal. Van Ruler was reg om van die wet as die konkretisering van die heil te praat. In die etiek kry ons die outentieke vergestalting van die heil. In hierdie sin sal die bediening van die kerk altyd binne die kaders van die etiek moet funksioneer en die Praktiese Teologie daarom in 'n voortgaande gesprek met die etiek moet bly.

Die gesprek sal twee kante moet hê. In die eerste plek sal die prakties-teologiese bedieningsteorieë telkens aan hulle eksplisiete en implisiete etiese voorveronderstellings en implikasies getoets moet word. In die tweede plek sal dit goed wees as daar ook van die anderkant af gewerk word en gepoog word om etiese konsepte, veral 'n etiese visie van die self en die gemeenskap (vgl McCann/Strain) te operasionaliseer met die oog op die kerklike praktyk. Dit is nie 'n fiktiewe gevaar dat die teologiese etiek kan bly steek in die debatering van sekere geselekteerde abstrak-etiese kwessies nie en dat die besinning oor wat Smedes "mere morality" (d.i. 'n alledaagse praktiese etiek vir die gewone gelowige) noem, agterweë bly.

'n Spesifieke veld waaraan die Praktiese Teologie saam met die etiek aandag sal moet gee, is die kwessie van die vorming en vestiging van moraliteit in individue en gemeenskappe. Dit is so dat die uiteindelike oogmerk van die Praktiese Teologie nie veel mag verskil van juis dit nie. Die feit is - dit het Don Browning in 'n hele paar van sy studies reeds begin aantoon - dat nie alle metodes en tegnieke om die doel te bereik, ewe goed en ewe effektief is nie. Daar sal in dié veld ook byvoorbeeld altyd rekening gehou moet word daarmee dat daar so iets is as 'n groei en ontwikkeling in die etiese bewussyn van die individu (vgl Browning, 1983a). Daar is sekere vlakke van etiese gedrag wat byvoorbeeld nooit met reg van kinders verwag sou kon word nie. Verder sal die kerk byvoorbeeld ook moet onthou dat dit in die Christelike etiek uiteindelik om meer gaan as uiterlik korrekte gedrag. Die kerk sal prosedures en metodes moet bedink waar lidmate gehelp word tot 'n Christelik-etiese lewe wat voortkom uit die regte motiewe (vgl Browning, 1983a). Ons het hier te doen met 'n veld wat grootliks braak lê en waarop baie min wetenskaplike werk al gedoen is.

### *Aandag aan spiritualiteit/Asketiek*

'n Hele paar van die respondente het te kenne gegee dat hulle meen dat die Praktiese Teologie ook 'n taak het ten opsigte van die ontwikkeling en propagering van spiritualiteit. Tradisioneel was hierdie aspek op sommige plekke gesien as deel van die taak van die Praktiese Teologie. In die Katolieke teologie is heelwat aandag aan die saak gegee, maar ook iemand soos Voetius het dit as 'n funksie van die Praktiese Teologie gesien om 'n teorie en selfs oefeninge vir die groei van die geloof te ontwerp. In die jongste tyd het Bohren gepleit vir die herstel van Asketiek as 'n volwaardige deelvak binne die Praktiese Teologie. Die respondente meen dat die Praktiese Teologie goed sal doen om die saak op hom te neem en dat 'n herstel van die Asketiek of Spiritualiteit as 'n vak binne die Praktiese Teologie baie sin maak. As dit gedoen word sal 'n paar oorweging in gedagte gehou moet word:

1. 'n Mens sal versigtig moet wees om nie met 'n te enge definisie van Spiritualiteit te werk nie. Behalwe vir sy meer algemene betekenis het die woord spiritueel in sekere kerklike kringe ook die gehalte van 'n waarde-oordeel gekry waarmee onderskei word tussen 'n "hoër" of minder "hoë" soort vroomheid, hoe dit ookal deur die betrokke groep gesien word. As die term hierbo gebruik word, geskied dit in die algemene sin van 'n aanduiding van die totaliteit of eiendomlike van 'n individu of groep se sigbare geloofsuitinge of soos dit deur Wainwright en ander (*Study of Spirituality,* xxii) tipeer is, as "prayer and community with God ... and the outer life which supports and flows from this devotion".

2. Ter wille van 'n oorkoepelende verstaan van Spiritualiteit en in 'n poging om 'n noodsaaklike ekumeniese gesprek oor die saak te dien, sal besondere

moeite gedoen moet word met die ontwikkeling van modelle van Spiritualiteit. Geoffrey Wainwright het in die verband reeds baanbrekerswerk gedoen waarop met vrug voortgebou sal kan word.

In hierdie verband sal 'n gesprek oor die wese van religie asook oor die sg sentrum van die Christelikheid ("centre of Christianity") nie vermy kan word nie. So 'n gesprek sal nie anders kan, as om positiewe konsekwensies vir die teologie en die kerk te hê nie. Dit sou ook die weg kon baan vir die vestiging van 'n meer plurale waarheidsbegrip in die kerk.

3. In 'n vak soos Asketiek sal ook aandag gegee moet word aan die teorieë van James Fowler (1981) en Capps (1987) in verband met geloofsfases en geloofsontwikkeling. Fowler het na aanleiding van die werk van Piaget en Kohlberg tot die slotsom gekom dat daar in die kerk dikwels te ongenuanseerd en algemeen oor geloof gepraat word en 'n voorstel oor "stages of faith" op die tafel geplaas. As die voorstel van Fowler aanvaar word, selfs net in beginsel, het dit ingrypende gevolge vir die Praktiese Teologie en die vormingswerk wat die kerk hoop om aan sy lidmate te doen.

4. Die probleem van geloofsvorming sal ook aandag moet geniet. In die Protestantse wêreld was daar nog altyd groot huiwering om te spesifiek en kategories oor die saak te praat, omdat dit beskou is as deel van die misterieuse werk van die Heilige Gees. Sonder om enigsins iets af te doen aan die waarheid van die opvatting, moet die wysheid van die huiwering bevraagteken word. Om nie uitgespelde teorieë oor geloofsformasie te hê nie, sê natuurlik nie dat 'n mens nie wel 'n ongeartikuleerde - en daarom ook 'n ongekontroleerde - teorie daarop nahou nie. In dié verband sal heelwat geleer kan word van die Katolieke teologie.

5. In die ontwikkeling van Spiritualiteitsmodelle en -teorieë sal baie goeie kennis geneem moet word van die etiek asook die Christelike antropologie. Net soos die geval is met die res van die Praktiese Teologie, sou die etiek ook hier 'n kritiese kontroleringsfunksie kon vervul. Die geskiedenis het getoon dat spiritualiteit ongesond raak en ontspoor juis as die verband met die etiek verlore gaan.

### *Behoefte aan empiriese data/beskrywende studies*

Die data van die ondersoek asook die meegaande gesprekke het die navorser oortuig van die belangrikheid van empiriese en beskrywende studies in die Praktiese Teologie. Hoewel dit nie spesifiek deur die respondente genoem is as 'n saak van prioriteit nie, het dit vir die navorser toenemend duidelik geword dat 'n groot klomp van die verskille tussen Praktiese Teologiee in Suid-Afrika nie in die eerste plek te doen het met hulle konfessionele of teologiese standpunte nie, maar met 'n verskillende taksering of analise van die situasie.

'n Mens sal moet erken dat daar nie net in Suid-Afrika nie, maar waarskynlik die wêreld oor meer raaiwerk gedoen word in die Praktiese Teologie as wat op die duur goed is vir die vak. Dit gebeur te dikwels dat 'n totale kerkstrategie of-bedieningsbeleid gebou word op 'n stel ongekontroleerde aannames oor die situasie of oor die "sukses" al dan nie, van vorige pogings. Korrekte analises van die situasie is dus uiters belangrik, omdat 'n fout op dié vlak vérreikende implikasies vir die vak het.

'n Paar sake sal aandag moet kry:

1. In die eerste plek sal daar met behulp van empiriese studies uitgevind moet word waar die kerk tans staan met sy bediening. 'n Hele klomp vrae dring hulle in hierdie verband aan 'n mens op:

- Hoe dink lidmate oor die kerk en hoe ervaar hulle die kerk se bediening aan hulle?,
- Hoe dink lidmate oor die vernaamste artikels van die geloof?
- Wat ervaar hulle as die sentrum van die Christelikheid?
- Tot watter mate het die kerk nog 'n betekenisvolle invloed op lidmate se denke oor moraliteit?
- Hoe diep ervaar mense hulle religieusiteit?
- Wat is die diepste redes vir hulle betrokkenheid by die kerk, met ander woorde watter funksie vervul religie in hulle lewe?

Op 'n manier weet 'n mens dat 'n enigsins volledige situasie-analise 'n onoorsigtelike werk is wat nooit afgehandel sal wees nie en dat die Praktiese Teologie langs hierdie weg totaal oorvra sou kon word. Dit sou ook kon gebeur dat die vak so besig gehou kan word met analises dat hy nie by sy positiewe werk aan die situasie kan kom nie. Tog is dit net te belangrik om nagelaat te word. 'n Belangrike en haalbare eerste mikpunt sou wees om deeglik te probeer kennis neem van empiriese studies en wetenskaplike meningsopnames wat deur ander instansies en vakke gedoen word en raakpunte het met sake wat vir die kerk en sy werk relevant is. Op die duur sal die kerk egter nie wetenskaplike empiriese situasie-analises van sy eie kan vermy nie. Iets soos Kerkspieël verteenwoordig 'n sinvolle treë in die regte rigting. 'n Mens kan met dankbaarheid konstateer dat daar in baie kringe in die Praktiese Teologie 'n groeiende besef van die onontbeerlikheid van empiriese data vir die sinvolle beoefening van die vak is.

2. Die teologiese evaluering en interpretasie van die empiriese data is natuurlik 'n tweede selfstandige proses naas die eerste. Hopewell het aangetoon dat empiriese data as sulks baie niksseggend en selfs misleidend kan wees as dit nie oordeelkundig en met wysheid en (ekumeniese?) oorleg geïnter-

preteer word nie. Die hele saak van kontekstualiteit waaroor by vroeër 'n paar opmerkings gemaak is, kom natuurlik hier weer ter sprake.

Hierdie stap sal ook die verantwoordelikheid van die Praktiese Teologie wees. Dit sal belangrik wees om te besef dat die werk nie deur individue in isolasie gedoen kan word nie, maar die spanne van teoloë (uit al die vakke en uit verskillende konfessionele en sosiale kontekste), kenners uit van die ander geesteswetenskappe en kerklike praktikers uit verskillende tradisies en bedienings saamgebring sal moet word om die empiriese data in diepte te beoordeel en te interpreteer.

3. Van der Ven (1983) meen selfs dat die saak 'n paar treë verder geneem moet word en dat vanuit die empiriese gegewens 'n eie metodiek van teologisering ontwikkel moet word.

4. Daar is egter 'n verdere saak wat aandag moet kry. Die nuwe hermeneutiek het die noodsaaklikheid van studies beklemtoon waarin 'n mens nie net uitvind waar jy staan nie (pt 1 bo), maar ook wat jy besig is om te doen. Dit is so dat ongeartikuleerde en daarom ongekontroleerde aannames en premisse groot wrywing en misverstand in die vak skep. Die probleem is tot 'n hoë mate die gevolg daarvan dat elke vak, en binne die vak elke tradisie ook weer in sy eie taalhuis woon en werk. Ons is gewoond daaraan - en doen dit daagliks - om baie komplekse sake of prosesse enkelvoudig aan te dui met 'n dikwels vae en onheldere begrip. Die feite is dikwels dat die begrip vir geen twee mense of tradisies presies dieselfde betekenis het nie. Wanneer 'n spesifieke persoon die begrip gebruik lê daaragter gewoonlik 'n hele klomp ervarings en keuses waarvan die persoon bewus is, maar waarskynlik net so veel ervarings en keuses waarvan hy nie altyd bewus is nie.

Dit sal 'n baie heilsame oefening vir die Praktiese Teologie en die kerk wees as bestaande bedieningspraktyke en kerklike prosesse na hulle teorie en verloop op 'n fenomenologiese wyse, so volledig en duidelik moontlik beskryf sou kon word. Sodoende sal ons bewus gemaak word van implisiete teologiese en nie-teologiese keuses wat ons in die loop van ons werk maak en in die geleentheid kom om die keuses te evalueer en (indien nodig) te korrigeer.

## Praktiese Teologie en beroepsopleiding

Tydens gesprekke in die loop van die ondersoek het die navorser telkens bewus geword van die mate waarin die wetenskaplike en verantwoordelike besinning in die vak gekompliseer word deur die feit dat die Praktiese Teoloë tot 'n hoë mate ook die mense is wat verantwoordelik is vir ampsvorming en -afrigting. Van die respondente het te kenne gegee dat hulle die kombinasie van pligte nie maklik vind nie en dat hulle veral ervaar dat hulle veel minder tyd vir studie en navorsingswerk kry as wat hulle sou wou hê. Dit is 'n probleem

wat aandag behoort te kry, want 'n gebrek aan deeglike besinning en teoretiese werk is op die duur in niemand se belang nie.

Tog moet die positiewe rol wat die verantwoordelikheid ten opsigte van beroepsopleiding speel met betrekking tot die denke in die vak, nie onderskat word nie. Dit gee aan die beoefening van die vak 'n geestelike erns wat belangrik is en dwing tot teoretisering baie na aan die praktiese situasie. Dit sou baie goed wees as 'n oplossing vir die probleme gevind kan word sonder om die beroepsopleiding te ver van die vak weg te skuif.

# Hoofstuk 5

## Die taak, veld en funksie van die Praktiese Teologie : 'n voorstel

Aan die einde van die verslag sal die navorser graag 'n voorstel op die tafel wou plaas as synde 'n verantwoording van hoe hy op die oomblik die taak en veld van die Praktiese Teologie sien. Omdat ek bewus is van die ingewikkeldheid van die probleme, van my eie onervarenheid in die veld en my eie kontekstuele gebondenheid, word dit met huiwering en sonder veel pretensie gedoen as bloot 'n poging om die Suid-Afrikaanse gesprek oor die vak en sy voorvrae te stimuleer.

Ek sou die volgende as 'n uitgebreide definiërende omskrywing van die taak en veld van die Praktiese Teologie wou suggereer:

Die Praktiese Teologie is

- konstruktiewe, kritiese teologiese refleksie
- oor dié werk van die Heilige Gees in die wêreld,
- waardeur die evangelie gekommunikeer word
- in en deur die totale kerk
- in gesprek met teoloë uit ander dissiplines en konfessies
- moet op grond van gesistematiseerde teologiese inligting
- 'n breë, relevante, Bybelse visie vir kerk-wees geformuleer word
- in die lig van empiriese analises en beskrywings van die kerk, sy konteks, strukture en prosesse
- moet teologies- en fenomenologies-geïnformeerde strategie en praktykteorieë ontwikkel word
- met die oog op die realisering van die visie in die praktyk.

Ter wille van die verduideliking van hierdie omskrywing en ter motivering van 'n paar van die keuses, word hieronder punt vir punt kort kommentaar daarop gelewer.

## 1. Konstruktiewe, kritiese teologiese refleksie

Daar is reeds in Hoofstuk 4. gewys op die onontbeerlikheid van kritiese denke binne die vak. In die praktyk is dit uitgewys as een van die grootste knelpunte dat die Praktiese Teologie dikwels moeilik verder kom as om relatief onkritiese verstellings aan die bestaande kerklike praktyke aan te bring. Dit is myns insiens essensieel dat die Praktiese Teologie meer as dit sal doen en veral tot 'n diepgaande evaluering van die bestaande kerklike praktyk sal kom.

Dit spreek vanself dat waar leemtes gevind word, daar ook pogings aangewend sal word om dit reg te stel. Daarom die aanvulling dat daar nie net krities nie maar ook konstruktief gedink en gewerk moet word in die Praktiese Teologie. Van die ander vakke sou dalk nog kon oorleef met 'n skraler konstruktiewe bydrae, maar vir die Praktiese Teologie is dié faset van uiterse belang. Juis omdat dit hier spesifiek om Praktiese Teologie gaan.

Dat dit in die Praktiese Teologie om teologiese refleksie gaan, is ook vanselfsprekend. Tog word dit hier uitdruklik genoem, omdat die praktyk geleer het dat dit nie altyd so vanselfsprekend gebeur nie. Ek sou met W.D. Jonker (1968) wou saamstem dat daar 'n teologiese radikalisering van die Praktiese Teologie nodig is. Die kombinasienaam van Praktiese Teologie mag nie aanleiding gee daartoe om maar met 'n pragmatiese, oppervlakkige soort teologie tevrede te wees nie.

Dit is natuurlik 'n verdere vraag wat in die verband verstaan word onder teologiese refleksie. Anders as Jonker sou ek nie teologiese refleksie soos dit in die Praktiese Teologie gebeur, te direk en omvattend wou omskryf as "'n bestudering van die Woord" nie. Studie van die Woord is ongetwyfeld deel van die Praktiese Teologie se teologiese arbeid en verder is dit ook so dat die Woord die finale bron en gesag vir alle goeie teologie is, maar om Woordstudie as sulks aan te wys as die enigste legitieme manier van teologisering in die Praktiese Teologie, is 'n ideaal wat moeilik waar te maak is in die praktyk. Daarom sal dit alleen, op die lang duur nie die teologiese gehalte van die Praktiese Teologie dien nie. Wat ek verstaan onder teologiese refleksie sal in die loop van die definisie duidelik word.

## 2. Oor dié werk van die Heilige Gees in die wêreld

Ten opsigte van die studieveld of studie-objek van die Praktiese Teologie kan en moet daar verskillende vlakke onderskei word. Op die eerste vlak sou dit gestel kon word dat die Praktiese Teologie reflekteer oor die heilswerk van die Heilige Gees in die wêreld. Só geformuleer, is dit 'n geloofsuitspraak wat vir bepaalde groepe die wetenskaplike aard van die Praktiese Teologie as vak in die gedrang sou bring. Ek kan egter nouliks sien dat ons met goeie reg en

met trou teenoor die saak waaroor dit in die vak gaan, dit anders sou kon doen. Enige formulering van die veld van die Praktiese Teologie wat nie ruimte laat vir hierdie dimensie van die werk nie, sal op die lang duur onmoontlik aan die saak waaroor dit in die Praktiese Teologie gaan, reg kan laat geskied.

'n Aanpak van die Praktiese Teologie vanuit die Pneumatologie (teenoor 'n Christologiese benadering of 'n benadering vanuit die Woord, soos by Kuyper) het die wins dat daar op die manier oor dieselfde saak teologies en fenomenologies gepraat kan word. Anders as Christus wat die mens by die werk wat Hy doen uitsluit, neem die Gees die mens in diens en doen Hy so in die reël sy heilswerk in en deur mense. Dit bring mee dat die stelling gemaak kan word dat die dade van God in die heilsbedeling van die Gees (d.i. tussen Pinkster en die Wederkoms) altyd 'n teologiese, maar ook 'n antropologiese kant het. Dit is belangrik om te verstaan dat dit in die tweekantigheid van die saak nie gaan om twee losmaakbare komponente of selfs twee agtereenvolgende fases van 'n proses nie, maar om een en dieselfde saak of gebeurtenis wat op twee maniere of vanuit twee perspektiewe bekyk, beskryf of beleef kan word. 'n Bepaalde gebeurtenis kan dus vanuit 'n teologiese kant bekyk en in teologiese taal beskryf word in terme van wat die geloof glo God of die Gees in die situasie gedoen het. Dieselfde gebeurtenis kan egter ook na sy empiriese of fisies-sigbare of fenomenologiese kant bekyk word en dan in antropologiese terme beskryf word as iets wat mense gedoen het. 'n Mens het 'n klassieke voorbeeld hiervan in dit wat gewoonlik oor die vyfde boek van die NT gesê word: wat in die titel genoem word die handelinge van die apostels (mense) kan deur die geloof ewe goed die handelinge van die Gees (God) genoem word.

Vir die Praktiese Teologie het die aanpak die aansienlike wins dat daar nie gekies hoef te word tussen 'n teologiese of fenomenologiese (empiriese) benadering van die vak nie, maar dat die twee benaderings bestaansreg naas mekaar het en sodoende mekaar kan komplementeer en verryk. Dit is so dat die noukeurige beskrywing van 'n bepaalde proses in fenomenologiese terme 'n mens kan help om die proses ook na sy teologiese kant beter te verstaan. Vir die Praktiese Teologie wat juis moet probeer om die gang van die prosesse te begelei en te bevorder, is dit 'n wins wat nie ontbeer kan word nie.

Die navorser het tydens sy doktorale studies vir die eerste keer onder die indruk gekom van die noodsaaklikheid van beide die metodes vir die Praktiese Teologie. Die doel van die studie destyds was om die veranderingsproses wat die evangelieprediking in mense wil teweegbring na sy teologiese aard en dinamika te probeer verstaan. Die ooreenkoms op sekere punte van die teologies-beskrewe veranderingsproses en ander veranderingsprosesse soos wat dit konsekwent fenomenologies deur sommige van die sekulêre menswetenskappe, soos byvoorbeeld die psigologie en die sosiologie, beskryf is, was baie opvallend. Dit was een van die konklusies dat die bestudering van die teologiese kant van die veranderingsproses soos wat dit deur die evangelie-

prediking teweeggebring word, opgevolg behoort te word met 'n ondersoek na die empiriese kant van die veranderingsproses omdat die navorser oortuig was (en dit nou nog meer is!) dat daar vir die kerk en sy prediking veel te leer sou wees uit so 'n ondersoek. Die uiteindelike gedagte sou wees dat die twee ondersoeke mekaar moet aanvul en nuanseer en sodoende dalk kan lei tot 'n geïntegreerde teorie oor hoe verandering onder die prediking plaasvind.

Die sinsnede "in die wêreld" word bygevoeg om te bevestig dat die uiteindelike terrein of ruimte van die Gees se werk nie die kerk is nie, maar die wêreld. As daar later by pt 4 gepleit word vir 'n sekere toespitsing van die arbeid van die Praktiese Teologie op die kerk moet dit teen hierdie agtergrond gesien word. Dit is nie 'n fiktiewe gevaar dat die kerk so besig kan raak met homself, sy werk en al sy interne agendas dat hy sy gerigtheid op die wêreld verloor nie. Dit is 'n fatale fout, want so sou die kerk vergeet dat hy op God se agenda nie die finale doel nie, maar bloot 'n voorfinale doel is.

## 3. Waardeur die evangelie gekommunikeer word

Die faset van die werk van die Gees waaroor dit spesifiek in Praktiese Teologie gaan, word hier genoem die kommunikasie van die evangelie. In die reformatoriese tradisie is gewoonlik daarvan gepraat as heilsbemiddeling. Dit is dieselfde saak wat later in die diakoniologiese definisies van die Praktiese Teologie omskryf is as die dienswerk of diakonia van die kerk. Dit is in wese ook dieselfde saak wat Tracy as transformasie en nog ander as geloofsvorming sou aandui. Die formulering hierbo moet nie gesien word as 'n kontensieuse keuse teenoor ander formulerings nie. Die bedoeling hiermee is nie om uit te sluit nie maar, juis om in te sluit. Ek kies hier vir dié betrokke formulering omdat ek die indruk het dat dit tans, konfessioneel gesproke, die volle lading op die mees neutrale wyse dek.

Firet (1987) het in sy afskeidskollege daarop gewys dat daar in die Praktiese Teologie tans 'n hoë mate van konsensus oor hierdie aspek van die Praktiese Teologie se werk bestaan. Dit is 'n feit waarvan 'n mens dankbaar moet kennis neem en dan so min as moontlik daaraan moet torring!

## 4. In en deur die totale kerk

Hierdie punt is waarskynlik die mees aanvegbare in die hele definisie. 'n Hele paar Praktiese Teoloë sal dit as 'n te enge afbinding van die gerigtheid van die vak sien en ook as 'n onnodige beperking in 'n definisie wat die verklaarde bedoeling het om in te sluit en nie uit te sluit nie. Dit is verder ook waar dat dit ingaan teen 'n algemene tendens in die Praktiese Teologie om die

fokus van die vak al hoe meer te verbreed van kerk na wêreld (vgl oa Firet asook die grondslag van byvoorbeeld Tracy se siening van die Praktiese Teologie).

Ten spyte van hierdie risikos is besluit om wel dié invoeging in die definisie te maak. Dit word gedoen onder die oortuiging dat die saak waaroor dit in die Praktiese Teologie gaan op die lang duur nie gedien sal word deur definisies wat aan die kerk slegs 'n toevallige plek wil toeken in die proses waardeur die evangelie gekommunikeer word in die wêreld nie.

Die verskynsel dat die kerk uitgeskryf word uit definisies van die Praktiese Teologie, hang waarskynlik saam met 'n diepe teleurstelling in die faktiese geïnstitusionaliseerde kerk en 'n gevoel van wanhoop oor die moontlikheid dat die kerk soos ons hom leer ken het ooit sy funksie as kommunikator vandie evangelie voldoende sal kan vervul. Hoewel 'n mens die huiwering kan verstaan, mag gestaltes van die kerk wat in ons oë ontoereikend voorkom ons nie noop om die belangrikheid van die kerk as sodanig af te skaal nie.

Die navorser is oortuig daarvan dat Praktiese Teologie wat nie bewustelik daarop gerig is om die faktiese kerk "krities en konstruktief" te help nie, nie die naam teologie waardig is en sal wees nie. In die bedryf van die Praktiese Teologie sal daar in beginsel ruimte gelaat moet word beide vir bydraes wat meer krities en ander wat weer oorheersend positief en konstruktief is. Daar sal verstaan moet word deur die faktiese kerk dat daar tye in die lewe van 'n kerk kom wanneer daar eers diep afgebreek moet word, voordat sinvol met opbouwerk begin kan word. As dit gesê is, mag daar geen verskoning meer wees vir die Praktiese Teologie om sy arbeid te rig op die kerk en sy werk as die primêre fokuspunt nie.

Die omskrywing sal waarskynlik meer aanvaarbaar word as bygevoeg word dat die kerk waarvan hier so sprake is in die eerste plek die kerk van die AGB is wat deel vorm van die geloofsrealiteite waarin ons glo al sien ons dit nie elke dag rondom ons nie. Die bedoeling is dus geensins om te sê dat God hom vir tyd en ewigheid slaafs en resloos gebind het aan elke faktiese kerklike instituut wat vir homself die naam kerk toeëien nie. Deel van die Bybelse geloof oor die kerk was nog altyd dat die kerk op geen manier bo die oordeel van die Here verhewe is nie.

Dit sluit in dat met kerk vanselfsprekend ook nie bloot bedoel word die geïntitusionaliseerde gestalte van die kerk nie. Kerk word hier in sy wyds moontlike sin gebruik as 'n aanduiding van alle geloofsuitinge wat deur lede van die liggaam van Christus gemaak word in die naam van die Here.

Die term kerk word ook in so 'n sin inklusief gebruik dat die individuele gelowige en sy persoonlike geloofsinset in belang van die evangelie nie as 'n tweede saak langs die kerk geplaas word nie, maar beskou word as logiese deel daarvan.

Die bedoeling is juis nie om met hierdie keuse die belangrikheid van die individu en sy bydrae te misken nie. Inteendeel. In Hoofstuk 4 is reeds ver-

duidelik dat daar veel meer aandag as in die verlede gegee moet word aan oa spiritualiteit en geloofsvorming van individuele gelowiges. Die keuse vir hierdie insluiting word gemaak op grond van die Nuwe Testamentiese geloofsantropologie. Daarvolgens is dit duidelik dat binne die geloof die individuele Christen nooit los is van sy noodwendige verband met die gemeente en dit ook nooit mag wees nie. Veral in ons Westerse Kerke is dit 'n saak wat vir baie lank nie genoeg beklemtoon is nie.

Dat daar, in 'n sekere sin toutologies, gepraat word van die totale kerk hang daarmee saam dat ons glo dat die waarheid -en ook die kommunikasie van die waarheid - die beste verstaan en gedien word in die gemeenskap van die geloof. Die woord totale word hier bygevoeg ter wille van die Christelike gewete. Die kerk ly daaronder, meer as wat ons besef, dat daar nie met meer drif en oortuiging gesoek word na die eenheid van die kerk of ten minste beter ekumeniese begrip en samewerking nie.

Daar word in die definisie ook baie bewustelik gesê dat die evangelie gekommunikeer word "in en deur" die kerk. Daardeur word die kerk nie alleen geïdentifiseer as die menslike agent (=deur) van die heil nie, maar word ook ruimte gelaat vir die feit dat die evangelie binne die kerk (=in) beleef moet word op so 'n manier dat dit 'n gestalte vind wat as sodanig deel van die kerk se getuienis na buite is.

## 5. In gesprek met teoloë uit ander dissiplines en konfessies

Dit is my oortuiging dat daar in die Praktiese Teologie voortdurend twee refleksieprosesse gelyktydig moet verloop. Die prosesse staan in 'n sekere sin los van mekaar omdat elkeen sy eie agenda en oogmerk asook sy eie span van medewerkers of gespreksgenote het.

Die eerste van die twee prosesse word in die definisie vanaf pt 5-7 beskryf; die tweede vanaf pt 8-10. Dit moet hier egter reeds duidelik gestel word dat hoewel die twee prosesse onderskei kan word en in 'n sin losstaande van mekaar verloop, dit saam deel vorm van die een veld en taak van die Praktiese Teologie. Die twee prosesse is interafhanklik en op mekaar gerig en moet saam die saak waaroor dit in die Praktiese Teologie gaan, probeer dien en bevorder. Die feit dat daar gepleit word vir 'n dubbelproses moet ook gesien word as 'n poging om inklusief te dink oor die taak en meer spesifiek, die metode van die Praktiese Teologie.

Die eerste proses verloop binne die totaalveld van die teologie as geheel en sou gesien kon word as die spitspunt van teologiese arbeid in al die verskillende deeldissiplines van die teologie. Dit gaan daaroor dat op inisiatief van die Praktiese Teologie (indien nodig) teoloë uit al die dissiplines saamkom en vanuit die Woord deur interaksie en gesprek 'n omvattende visie vir kerk-wees formuleer. Op die manier word 'n kunsmatige verdeling van die teologie in 'n

aantal selfstandige dissiplines wat elkeen met sy eie stel reëls en eie opdrag opereer, teengewerk en word die teologie teruggeroep na sy oorspronklike opdrag naamlik om die kerk te dien in sy poging om die evangelie te vestig in die wêreld.

Die woorde "ander...konfessies" word *ekspressis verbis* hier bygevoeg om so ook in die praktyk van die teologiese refleksie getrou te bly aan wat in pt 4 gesê is oor die "totale kerk". Wanneer dit gaan om die formulering van 'n visie kan dit nie anders nie. Die plek waar nader aan mekaar gegroei en van mekaar geleer moet word, is in die eerste plek rondom die formulering van die visie. In die praktyk van die kerklike lewe is dit so dat verskille ontstaan en klowe tussen gelowiges groei omdat hulle nie mekaar se visies ken en verstaan nie. Ons sal veel meer geduld met mekaar se strategieë en praktyke hê as ons beter insig in mekaar se visies het. Om van ander se visies kennis te neem, kan die verdere voordeel hê dat ons die beperktheid en gesitueerdheid van ons eie visie ook beter gaan verstaan, die voor- en nadele daarvan beter gaan begryp en minder in die versoeking gaan kom om onsself en ons konsepsie van die waarheid te verabsoluteer. 'n Meer pluralistiese verstaan van die waarheid van die evangelie kan geen kerk in sy wese bedreig nie. Dit kan ons alleen maar help om eerstens, ons eie teologie nader aan die werklike waarheid (wat groter as ons almal is) te bring en tweedens, om ons bediening van die waarheid te verryk en te verbeter.

## 6. Moet op grond van gesistematiseerde teologiese inligting

Die sleutelwoord in hierdie deelsin is die woord "gesistematiseerde". Dit raak die probleem dat die teologiese inligting wat deur die Bybelse, Dogmatologiese en Historiese vakke versamel word, dikwels baie eklekties is en verder nie altyd so toeganklik en benutbaar vir buitestaanders is nie. Daar word in die ander teologiese vakke dikwels - en tereg - die stelling gemaak dat die ganse teologie prakties is en dat die Praktiese Teologie nie moet dink om die predikaat alleen vir homself op te eis nie. Die ander vakke sal dan die taak op hulle moet neem om die inligting wat hulle byeenbring gereeld te sistematiseer en so in 'n meer verteerbare vorm voor te lê aan die hele huis van die teologie en die kerk.

'n Metode wat hier baie handig en nuttig is, is dat die inligting gesistematiseer word in die vorm van modelle. 'n Uitnemende voorbeeld hiervan is die poging van Avery Dulles in *Models of the Church*. In dié werk probeer hy so volledig moontlik die verskillende modelle van kerk-wees uit die Skrif en uit die geskiedenis van die Christendom aanwys met 'n bespreking van die voor- en nadele van elk. 'n Studie soos hierdie - wat, onnodig om te sê, die Praktiese Teologie nooit op sy eie kan doen nie - is van onskatbare waarde vir die

Praktiese Teologie beide in sy toetsing ( = kritiek) van empiriese kerke en sy poging om tot 'n verbeterde kerkstrategie ( = konstruktief) te kom.

Deel van die logika agter dié soort kartering van modelle soos wat dit deur Dulles gedoen is, is 'n pluralistiese waarheidsopvatting. Dulles se studie sou veel minder werd gewees het as hy van meet af op 'n eksklusiewe en eensydige wyse een model sou wou aanwys as die enigste korrekte een. In die formulering van die visie sal 'n bepaalde groep van teoloë of kerklikes op die duur 'n paar keuses ten opsigte van die modelle nie kan vermy nie. Die keuse of seleksie mag egter nie voortydig en op 'n outoritêre wyse deur 'n sistematiese of historiese teoloog gemaak word op so 'n wyse dat hy meen om op eie houtjie die visie vir die kerk te kan formuleer nie. In die verlede het dit te dikwels gebeur dat veral die dogmatici gemeen het dat hulle dit mag - en selfs behoort! - te doen. Dié besluit is egter te groot vir een mens of selfs een dissipline om op sy eie te neem.

Die kwessie is nou egter dat vir die formulering van die visie van kerk-wees, veel meer as net kerkmodelle nodig is. Die keuse vir 'n bepaalde visie van kerk-wees omvat baie meer as net 'n keuse vir 'n bepaalde kerkmodel. Dit was een van die belangrikste konklusies van die empiriese studie dat die weg wat in die Praktiese Teologie opgegaan word tot 'n baie hoë mate bepaal word deur 'n netwerk van Bybels-teologiese, sistematies-teologiese en histories-teologiese keuses wat die beoefening van die vak logies en implisiet voorafgaan.

Dit sou die proses van visieformulering baie help as die teologiese inligting oor ten minste die volgende sake in die vorm van modelle gesistematiseer kan word:

- die Christologie,
- die Godsleer,

(Die jongste werk van Sallie McFague *Models of God* kan as 'n verdienstelike poging in hierdie rigting vermeld word, hoewel ek die beswaar sou wou opper dat sy anders as Dulles te eensydig kies vir 'n bepaalde teologiese uitgangspunt naamlik Feministiese Teologie en daarom nie werklik genoegsaam inklusief kan werk nie. Dit plaas 'n aansienlike beperking op die waarde van haar bydrae.)

- die openbaring (Dulles het ook reeds in hierdie verband waardevolle werk gedoen met sy *Models of revelation*),
- die verstaan van die heil dit wil sê terme, beelde en simbole waarmee gepoog is en gepoog word om die geskakeerdheid van die heil in sy fasette en omvang te beskryf,
- die verskillende maniere waarop in die geskiedenis van die kerk die vraag na die wese van die Christendom beantwoord is,

- Bybelse en historiese studies oor al die fasette van religiebeoefening en die verband waarin dié fasette met mekaar gestaan het (bv die etiese, liturgiese, sosiale, politieke kante van religie). Dit behoort ook vergelyk te word met religiebeoefening soos wat dit buite die Christendom voorkom,
- die verskillende maniere waarop die koms van die Koninkryk verstaan word wat saamhang met verskillende opvattings van die verhouding God-geskiedenis of soos wat Richard Niebuhr dit geformuleer het as Christus-kultuur (vgl sy *Christ and culture*, wat ook 'n buitengewoon waardevolle boek is).

Vir sover dit die individu en sy ingeslotenheid by die globale begrip kerk raak, sal daar ook aandag gegee moet word aan die sistematisering van

- antropologiese teorieë,
- etiese style,
- spiritualiteitstyle (vgl bv die indeling wat deur Wainwright gemaak word, *The study of spirituality*),
- geloofsfases (as daar so iets is soos wat deur James Fowler beweer word)
- en geloofsontwikkeling (vgl oa die poging van Capps).

## 7. 'n Breë, relevante, Bybelse visie vir kerk-wees geformuleer word

Die bedoeling van die eerste refleksieproses of -sirkel binne die Praktiese Teologie is die formulering van 'n breë visie vir kerk-wees in die wêreld.

Die term visie word in resente tyd baie wyd gebruik ook in die Praktiese Teologie (vgl Tracy, Braaten, McCann/Strain). Daar is baie betekenis variasies in die gebruik van die woord. In die breë hang dit saam met die teorie-praxis probleem en die feit van die teorie-geladenheid van alle praktyk. Sonder om weer in 'n simplistiese manier van dink oor die teorie-praktyk-probleem te verval, wil die gedagte dat daar vanuit 'n oorkoepelende visie gewerk moet word, pleit vir ten minste 'n logiese prioriteit van die teorie bo die praxis.

Die eerste refleksieproses word hier as 'n aparte deel van die Praktiese Teologie besinning aangedui, omdat 'n mens tog vrees dat in 'n bepaalde soort handelingswetenskaplike benadering van die Praktiese Teologie die basiese teoreties-teologiese refleksie oor die kerk en sy totaal taak ten opsigte van die kommunikasie, vervlugtig kan word en binne die empiriese siklus 'n tweede orde of aksiomatiese saak kan word. Dit is veelseggend dat selfs McCann en Strain wat in 'n sekere sin baie na aan 'n bevrydingsteologiese benadering van die Praktiese Teologie staan, teenoor 'n benadering vanuit die praktyk pleit vir

'n prakties-teologiese proses waar in beginsel vanuit die teoretiese visie gewerk word.

In Bybelse terme beskryf, behoort die visie te funksioneer op die vlak van 'n eskatologiese toekomsdroom of belofte waarheen gewerk en geleef word. Beide in die Ou Testament en Nuwe Testament was dit 'n intrinsieke deel van die Bybelse geloof. Dit is so dat die detail in verband met die droom nie altyd tot in die fynste besonderhede ingevul is nie, maar daarvoor is gekompenseer met vastheid en sekerheid dat die droom op God se tyd in vervulling sal gaan.

Ons wil daarvoor pleit dat daar in die Praktiese Teologie meer bewustelik gewerk sal word vanuit 'n geartikuleerde visie. Dit gebeur natuurlik in elk geval dat daar altyd, ook in die Praktiese Teologie, uit 'n bepaalde soort visie gewerk word - of 'n mens daarvan bewus is of nie. Dat die visie geartikuleer word, het die voordeel dat jy nie alleen meer bewus word van wat jy doen nie, maar ook dat die moontlikheid geopen word dat die visie deur die broers en susters - en deur jouself! - gekontroleer en verbeter kan word.

Hoewel daar in die definisie net van kerk-wees gepraat word, moet dit so verstaan word dat twee ander sake daarby ingesluit is. 'n Visie vir die kerk ("pen-ultimate goal") moet vergesel en omraam word deur 'n visie van die koninkryk ("ultimate goal") en na binne voorsiening maak vir 'n visie met die oog op die rol van die individuele gelowige. 'n Mens sou dit kon teken as drie konsentriese sirkels. Die visie van die kerk is ingebed in 'n visie van die koms van die Koninkryk, terwyl die visie van die mens Gods, of individuele gelowige, weer ingebed is in dié van die kerk.

Daar word in die bostaande definisie eksplisiet gepraat van 'n Bybelse visie van kerk-wees. By die sewende punt van die definisie is hierdie die kritiese moment. Die teologiese gehalte van die Praktiese Teologie gaan staan of val by hierdie punt. As daar in die hele studie van die navorser se kant af veel klem gelê word op die genormeerdheid van die Praktiese Teologie aan die Skrif gaan dit ook in die heel eerste plek oor hierdie faset van die Praktiese Teologie se werk.

Die woord relevant word bewustelik bygevoeg omdat daar reeds in hierdie fase van die gesprek kennis geneem moet word van die algemene en lokale konteks waarbinne die visie van kerk-wees voltrek moet word.

Dit is ook 'n erkenning van die realiteit dat geen teologie a-kontekstueel of voor-kontekstueel bedryf kan word nie. Daar sal dus reeds in hierdie eerste refleksieproses deeglik rekening gehou moet word met die praktiese situasie van die kerk en gekyk moet word na empiriese gegewens in die verband. Die deelnemers aan die gesprek sal ook deurentyd bewus moet wees van die gesitueerdheid en kontekstualiteit en hulle eie teorieë en visies. Hulle sal realisties moet wees oor die feit dat in die ontwerp van die visie daar reeds 'n klomp empiriese oordele gefel en aannames gemaak is - 'n voor-kontekstuele visie is helaas ook prakties nie moontlik nie.

## 8. In die lig van empiriese analises en beskrywings van die kerk, sy konteks, strukture en prosesse

Wat in pt 8-10 beskryf word, is die tweede refleksieproses wat op 'n deurlopende basis in die Praktiese Teologie aan die gang behoort te wees. In hierdie proses gaan dit om die verbetering van die kerklike praktykteorie vanuit die visie op basis van empiriese en beskrywende studies uit die praktyk.

Die belangrikheid van empiriese studies is reeds in die vorige hoofstuk beredeneer. Dit gaan hier om veral twee sake. In die eerste plek is dit belangrik dat die kerk oor die feitelike situasie waarin hy hom bevind, nie illusies sal hê nie. Die kerk kan nie bekostig om sy totale arbeid te bou op ongekontroleerde, subjektiewe vermoedens nie. As dit waar is dat alle praktyk teorie-gelade is, dan is die omgekeerde ewe waar, naamlik dat alle teorieë onafwendbaar saamhang en diep gekleur is deur 'n praktykinterpretasie en -ervaring.

Dit beteken dat die kerk nooit genoeg moeite sal kan doen om hom te vergewis van die situasie waarin hy die evangelie moet kommunikeer nie. Dit is belangrik dat hy sal weet wie die mense is met wie hy werk, hoe hulle dink oor religie en oor die kerk en wat hulle totale lewenservaring is. Peter Berger het in *The heretical imperative* 'n baie oortuigende saak daarvoor uitgemaak dat die kerk in sy oordrag van die evangelie meer induktief sal moet werk. Die kerk sal ten minste wat die aanvang van sy werk betref, moet aansluit by bestaande lewensprobleme en behoeftes aan "transendensie" (vgl Berger, *A rumour of angels*) wat deur mense ervaar word.

Daar sal verder 'n diepte-analise moet wees oor die werklike konteks van die kerk se werk. Dit wat deur mense ervaar word as die groot probleme van hulle tyd of situasie, is nie noodwendig die werklike probleme wat deur die kerk aangespreek en hanteer moet word nie. Die feit vra dat empiriese gegewens in gesprek met kenners uit ander wetenskappe deur die kerk geïnterpreteer sal moet word voordat op grond daarvan gehandel kan word. Hierdie aspek van die empiriese werk het natuurlik besondere belang, nie net vir die tweede refleksieproses nie, maar ook vir die eerste. Op die diagram word dit wel aangedui.

Benewens die situasie-analises en -interpretasies is daar ook beskrywende studies nodig waarin die kerk sy strukture, maar veral sy bestaande praktyke en prosesse na hulle empiriese kant so akkuraat as moontlik probeer beskryf. Die soort studies moet gedoen word omdat daar gewoonlik oor hierdie aspekte van die kerk se werk net in teologiese of geloofstaal gepraat word en 'n mens sodoende nie altyd bewus is van 'n hele klomp keuses (ogv teologiese, maar ook nie-teologiese aannames) wat in die proses gemaak word nie. Dit is baie belangrik dat die kerk so goed as moontlik sal probeer verstaan wat hy doen, bewus sal wees van die keuses wat hy in die proses maak en ook die implikasies wat dit mag hê, sal besef. Empiriese beskrywings van kerklike prosesse is 'n

onontbeerlike komponent van so 'n poging omdat dit die kerk kan help om juis sy teologiese teorie beter te verstaan en te korrigeer.

## 9. Moet vanuit die breë visie teologies- en fenomenologies-geïnformeerde strategieë en praktyk-teorieë ontwikkel word

In die tweede refleksiesiklus gaan dit uiteindelik daaroor dat nuwe gekorrigeerde teorieë ontwikkel word waarmee die kerk sy bestaande praktyke kan verbeter.

In die omskrywing word onderskei tussen strategieë en praktykteorieë. Die bedoeling hier is nie om definitiewe, vaste stappe aan te gee vir die proses nie, maar om in beginsel ruimte te maak vir die feit dat daar tussen visie en praktyk bewustelik plek gemaak moet word vir die formulering van middelaksiomas of middelveldteorieë. Dit kan in die praktyk van die refleksieproses gebeur dat daar meer stadiums is as wat hier aangedui word, maar ek kan nouliks sien dat daar minder sou kon wees.

Die terme strategie en praktykteorie is natuurlik ook weer vae begrippe waarvan die betekenis lank nie meer vanselfsprekend is nie. Ekself meen om die begrippe hier te gebruik breedweg in die rigting van Firet se onderskeiding van 'n basisteorie en praktykteorieë.

Met strategie word bedoel 'n middelveldteorie waarin gepoog word om vanuit die breë visie die eerste paar treë op pad na die praktyk te gee. Vir die formulering van die strategie is benewens die breë visie en die empiriese gegewens uit die praktyk ook 'n teologiese en 'n fenomenologiese teorie oor verandering ( = bekering in sy wyds moontlike sin verstaan) nodig. Dit beteken dat die Praktiese Teologie in voorbereiding vir die werk wat rondom die ontwerp van 'n strategie gedoen word, verantwoordelikheid sal moet neem vir

(a) eksegetiese en sistematiese studies waarin die verskynsel van heilsbemiddeling of kommunikasie van die evangelie teologies nagevors word, en

(b) 'n versameling van alle beskikbare gegewens uit die ander geesteswetenskappe wat werk doen oor verandering, die proses van verandering of die beplanning van verandering. Die gegewens sal dan gesif en geïnterpreteer moet word met die oog op die moontlike benutting daarvan in 'n geïntegreerde strategie vir verandering.

Dit gaan in die strategie met ander woorde in die eerste plek oor die ontwerp van 'n algemene kommunikasie- of bemiddelingsteorie met die oog op die realisering van die visie.

Praktykteorieë dui 'n volgende fase aan van die proses van visie na praktyk. Hier word nie meer in die enkelvoud nie, maar in die meervoud gepraat omdat, enige faset van die ganse kerklike praktyk hier aan die orde kan kom. In die formulering van 'n praktykteorie kan nie meer in die algemeen en met vae abstraksies gewerk word nie, maar moet 'n spesifieke terrein of werksaamheid afgebaken word en 'n baie konkrete, gerigte en prakties vertaalbare teorie aangebied word.

Die tweede refleksiesirkel verloop dus deur

(a) 'n beskrywingsfase waar 'n bestaande kerklike proses of praktyk of bediening na sy implisiete teorie empiries so volledig moontlik beskryf word,

(b) 'n evalueringsfase waar die praktyk empiries getoets word en

(c) 'n herontwerpfase waar die beskrewe praktyk in die lig van die toetsgegewens en vanuit die teologiese visie en strategie herformuleer in die vorm van 'n nuwe parktykteorie.

Ek wil weer beklemtoon dat die bedoeling nie is om die begrippe visie, strategie en praktyk-teorie op 'n rigiede wyse af te bind op 'n spesifieke betekenis en op 'n vaste plek in die prakties-teologiese proses nie. Daar sal 'n bepaalde soepelheid in die benutting van hierdie terme in die prakties-teologiese proses moet wees. Dit sou byvoorbeeld kon gebeur dat die kategetiek in die loop van die ontwerp van 'n praktykteorie vir die kategese dit nodig vind om vir homself 'n eie "deelvisie" met die oog op sy werk te formuleer. Dit mag byvoorbeeld wees dat die Homiletiek dit nodig vind om naas 'n algemene veranderingsteorie soos dit in die strategiefase geformuleer is, 'n meer genuanseerde veranderingsteorie te formuleer spesifiek met die oog op behoeftes van die prediking. Die bedoeling is dat daar vir moontlikhede soos hierdie binne die definisie ruimte moet wees.

## 10. Met die oog op die realisering van die visie in die praktyk

Dit is al gesê en spreek eintlik vanself reeds uit die naam van die vak dat al die besinning wat binne die Praktiese Teologie gedoen word, uiteindelik bedoel is om die praktyk van die kerklike lewe en werk te dien.

Dit is tog belangrik dat uitdruklik gesê word dat Praktiese Teoloë nie per se praktikers is nie. Praktiese Teoloë is soos die teoloë uit al die ander teologiese dissiplines volbloed teoretici wat met hulle wetenskaplike refleksie die praktyk wil dien. Dit mag wees dat 'n bepaalde Praktiese Teoloog ook 'n goeie praktiker is, maar dit is in 'n sekere sin 'n "toevalligheid" wat byvoorbeeld nie noodwendig van hom 'n beter Praktiese Teloog maak nie. Dit is uiters belangrik vir die kerk om te weet dat 'n Praktiese Teoloog met goeie aanvoeling vir die pastorale praktyk iets anders is as 'n praktiker wat dit soms nodig vind

om te reflekteer oor sy werk. 'n Praktiese Teoloog is in die eerste plek 'n teoretikus.

Dit beteken ook dat die finale omsetting van die praktykteorie in pastorale metodes en praktyke nie deur die Praktiese Teoloog nie, maar deur kerklike praktikers gedoen moet word. Die Praktiese Teoloog mag die proses monitor, dit selfs adviserend begelei, maar die voltrekking daarvan is die eiendomlike taak van die praktiker.

# VRAELYS OOR DIE HUIDIGE STAND VAN DIE VAKFILOSOFIE EN METODOLOGIE VAN PRAKTIESE TEOLOGIE IN SUID-AFRIKA

**Datum:** Junie/Julie 1986
**Navorser:** C.W. Burger

## A. BASIESE INLIGTING

### 1. Oor Inrigting

1. Naam van Inrigting ..........................................................................
2. Aard

| Universiteitsdepartement | | Seminarium of Kollege | |
|---|---|---|---|

3. Konfessioneel-kerklike binding ...........................................................
4. Stigtingsdatum van inrigting ................
5. Getal huidige studente .............
6. Duur van (basiese) kursus ...............................................................
   ................................................................................................

### 2. Personeel

1. Naam ........................................................................................
2. Ouderdom ..................... jaar
3. Opleidingsinrigting:
   1. ..........................................................................................
   2. ..........................................................................................
   3. ..........................................................................................
4. Hoogste kwalifikasie .........................................................................
5. Kerklike binding ..............................................................................
   ................................................................................................

**[VERSOEK CURRICULUM VITAE]**

## 3. Kursus

### 1. Oogmerke van kursus

[a] Hoe belangrik ag u die volgende oogmerke van u kursus waar die skaalwaardes die volgende beteken: [1 = Onbelangrik 2 = Redelik belangrik 3 = Belangrik 4 = Baie belangrik 5 = Noodsaaklik)

- Akademies-teologiese skoling | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

- Beroepsvorming/praktiese afrigting | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

- Geestelik-persoonlike vorming | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

### 2. Ensiklopediese vakindeling

............................................................................................................................................
............................................................................................................................................
............................................................................................................................................
............................................................................................................................................
............................................................................................................................................
............................................................................................................................................
............................................................................................................................................
............................................................................................................................................

### 3. Subverdeling van vakke in P.T.

............................................................................................................................................
............................................................................................................................................
............................................................................................................................................
